
# Dawid



## God se Liedjieskrywer

Louis Nel

# Dawid

## God se Liedjieskrywer

Die verhaal van
Koning Dawid

Louis Nel

**Voorblad:**

Skildery van Koning Dawid wat die harp speel

deur Gerard van Honthorst - 1622

Februarie 2024

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


Voorwoord

1 Ons wil ‘n Koning Hê!

2 Dawid, Skaapwagtertjie

3 Wie Móét dan Koning Wees?

4 Van Skaapwagtertjie tot Koning

5 In die Leerskool

6 Goliat die Verskriklike

7 Vreesbevange vir Goliat

8 Gereed vir die Groot Geveg

9 En die Val was Groot.....

10 Dawid in die paleis

11 Dawid moet Koes!

12 Dawid ‘n Bedreiging vir Saul

13 Mikal word Dawid se Vrou

14 Dawid se Lewe Bedreig

15 Dawid en Jonatan

16 Voortvlugtend
17 Gure Vriende
18 Raadpleeg die Here
19 Dawid Word Gejag
20 Saul in die Grot
21 Nabal en Abigajil
22 God is In Beheer
23 Saul het Alweer Spyt
24 Dawid by die Filistyne
25 By die Waarsegster
26 Dawid in Groot Moeilikheid
27 Siklag Word Oorval
28 Saul Sterf
29 Lank Leef die Koning!
30 Joab en Abner
31 Magspel
32 Uiteindelik Koning!
33 Die Verbondsark

34 Dawid se Dans

35 Dawid wil Tempel Bou

36 Ledigheid en Begeerte

37 Sonde Sneeubal

38 Koelbloedige Moord!

39 Die Ooilammetjie

40 ‘n Kind sterf - ‘n Kind word Gebore

41 Amnon se Skande

42 Broedermoord!

43 Dawid Vergewe Absalom

44 Meneer Israel 950vC

45 Staatsgreep

46 Vlug Voor Absalom

47 Lojaliteit

48 Absalom Sterf

49 Vredemakers

50 Dawid sterf - Lank Lewe die Koning!

# Voorwoord

Vir die Jode is Dawid die groot koning - die grootste van alle tye. Vir die kinders is Dawid daardie klein kêreltjie met die slingervel wat die reus, Goliat opgefrommel het met een enkele klippie! Vir die musiek liefhebber is Dawid die man wat ons lewens verryk het met die mooiste Psalms. Vir die persoon in nood is Dawid die man wat Psalm 23 geskryf het om jou deur die dal van doodskaduwee te begelei.

Wie is hierdie Dawid nou eintlik?

Kom stap saam met my die pad deur die lewe van Dawid, die mens, en beleef saam met my die intriges en vreugdes en hartseer, die angs en uitbundige blydskap wat Dawid beleef het in sy lang, vrugbare lewe.

Ons ontmoet vir die eerste keer vir Dawid as ‘n doodgewone skaapwagtertjie iewers in die veld met die wapens van ‘n kind - ‘n kierie en ‘n slingervel. Maar anders as enige ander skaapwagtertjie, het hy ook ‘n lier waarop hy die mooiste musiek optower. Hierdie jong

seun verslaan Israel se nagmerrie, Goliat met die einste kleinseuntjie-wapens.

Jare later word hy beroepsoldaat en koning. Soos dit maar met alle mense gaan, struikel Dawid ook en sy sonde is groot! God se vergifnis is egter nóg groter!

Deur sy lewe is daar één ding wat vas bly staan - sy onwrikbare geloof en hoe hy deur alle omstandighede aan God bly vasklou.

Louis Nel

1

# Ons wil 'n Koning Hê!

1 Samuel 8-15

**VIDEO | OUDIO**

Die verhaal van Dawid begin met die slag van Jerigo, enkele dae nadat die Israeliete die Jordaanrivier vir die eerste keer oorgesteek het. Ragab, die Kanaänitiese prostituut wat die verspieders gehelp het, is gespaar toe die mure ingetuimel het en sy deel geword het van God se volk. Salmon het met haar getrou. Hulle seun Boas het met die Moabitiese vrou, Rut getrou en hulle het 'n seun met die naam Obed in die wêreld gebring. Sy seun Isai was die vader van Dawid.

Maar wag, kom ons begin héél voor. Nadat die Israeliete die land Kanaän beset het, was daar aan elke stam 'n grondgebied toegeken. Hierdie stamme het vir 'n honderd jaar lank só onafhanklik van mekaar gefunksioneer onder die leiding van rigters. Hulle het in der waarheid 'n Teokratiese regering gehad - dit

wil sê, hulle is deur God regeer. En dit het met hulle goed gegaan solank hulle nie van die Here weggedwaal het nie!

Uiteindelik begin daar ‘n idee by die mense posvat om soos die ander volke rondom hulle ook ‘n koning te hê. ‘n Mens moet mos in pas wees met jou bure! En net dáár begin die moeilikheid.

Die volksleiers het die profeet Samuel gaan spreek. Hy het as Godsdienstige leier ook die leisels van die volk stewig in sy hande gehad. Soos ons natuurlik weet, het Samuel baie nou in voeling met God geleef en dus het hy goed geweet hoe om die volk te regeer. Hy het slegs gedoen wat God beveel het! Ongelukkig was dieselfde nie waar van sy twee seuns wat as rigters aangestel was nie! Vir die Israeliete was die situasie egter net nie meer goed genoeg nie - hulle wóú ‘n koning hê! Samuel was oor hierdie versoek van hulle bitter ongelukkig en hy het verwerp gevoel. Maar uiteindelik het hy tóg ingegee.

En so word die dertigjarige jong man Saul in die jaar 1049 vC op God se bevel aan

Samuel gesalf as koning. Hierdie skaam man was baie aantreklik en het kop en skouers bo al die manne uitgestaan!

‘n Ruk later het Samuel die volk bymekaargeroep: “Julle wil ‘n koning hê - God het ingestem om julle ‘n koning te gee. Maar moenie by my kom kla as hy julle misbruik nie!”

Alhoewel Samuel toe alreeds geweet het wie die Here uitgekies het en hom selfs alreeds gesalf het, begin hy nogtans met ‘n proses van aanwysing. Die lot word gewerp, en dan val dit op die stam van Benjamin. ‘n Tweede keer word die lot gewerp, dié keer om te bepaal uit watter familie in Benjamin die koning sou kom, en die lot val op Kis. Een van sy seuns sou koning wees. Dan word Kis se seun Saul aangewys in ‘n regverdige proses en die mense was in ekstase oor hulle nuwe koning! Wel, nie álmal was gelukkig nie en sommige het ernstige bedenkinge oor Saul gehad. Nadat hy homself egter bewys het as ’n uitstekende leier tydens ’n geveg waar die Ammoniete

deeglik verslaan was, word hy eenparig aanvaar.

Vir ’n klompie jare het dit baie goed gegaan en Saul het homself bewys as ’n uitstekende koning. Maar toe begin hy wankel. Sy gehoorsaamheid aan die Here het begin kwyn en hy het dinge begin doen wat teenstrydig was met wat die Here van hom as koning verwag het. In 1 Samuel 15:10 lees ons die ontstellende woorde van die Here aan Samuel: “Ek is spyt dat Ek Saul as koning aangestel het, want hy het van My af weggedraai en my opdragte nie uitgevoer nie.”

Natuurlik was Samuel bitterlik ontsteld, en dan gaan konfronteer hy vir Saul. Na ’n lang relaas sê hy vir Saul: “Jy het die Woord van die Here verwerp, en die Here het jóú verwerp as koning van Israel.”

Vir Samuel was dit ’n donker dag. Dan vra die Here hom: “Hoe lank gaan jy nog treur oor Saul?  Maak ‘n horing vol olie - Ek wil jou stuur na Betlehem. Een van Isai se seuns wil Ek as koning hê oor Israel.”

Samuel was in die wolke, maar die blote gedagte aan wat Saul dalk aan hom kon doen as hy iemand anders sou gaan salf as koning, het hom die bewerasies gegee! Samuel was egter gehoorsaam en het presies gaan doen wat die Here hom gevra het om te doen.

Dan tree ‘n splinternuwe bedeling in werking vir die volk Israel. Voor dit egter kon gebeur, sou daar eers nog baie water in die see moes loop! Nou word die tafel egter reeds gedek vir ‘n gebeurtenis wat ‘n duisend jaar later die ganse geskiedenis van die wêreld sou verander!

Gebed:

Here, ek is vanoggend baie opgewonde as ek kan uitsien na die begin van ‘n wonderlike verhaal van U voorsiening in die geskiedenis van die mensdom!

2

# Dawid, Skaapwagtertjie

1 Samuel 16:11,12

**VIDEO** | **OUDIO**

Dit is nie maklik om as jongste van agt seuns groot te word nie. Jy word afgeknou deur jou ouer broers, en jy moet al die vuil werk doen. Pa het vertel dat hy as jongste van só ’n streep seuns maar baie arm grootgeword het. Daar was byvoorbeeld nie geld vir nuwe klere nie - die oudste was die enigste wat so bevoorreg was om nuwe klere te kon dra. Daarna moes die tweede seun dit erf wanneer dit vir Ouboet te klein geword het, en so was dit van kind na kind oorgedra, totdat dit letterlik vodde was en onherkenbaar gelap teen die tyd dat arme Pa dit gekry het. Hy het nie geweet wat die term “nuwe klere” beteken nie!

Dawid was die jongste van agt seuns, en hy was beslis géén uitsondering op die kleinboet-sindroom nie. Wanneer al die ander kinders opwindende dinge kon doen soos

oorlog maak of belangrike gaste ontvang, dan moes klein Dawid maar tevrede wees om skape op te pas iewers in die wildernis.

En skaap oppas in Betlehem se wêreld was géén grap nie. Dit was harde werk, want dit was ‘n ruwe, onherbergsame bergwoestyn waar die skape moes wei. En wanneer die weiding begin skaars raak het, moes daar sommer baie kilometers ver met die vee geloop word om hulle aan die lewe te hou. Dan het die skaapwagter maar selde by die huis geslaap, en van ‘n sagte bed en ‘n warm bad het hy maar net gedroom. Baie beslis ook nie ‘n werk vir sissies nie want die wêreld was maar woes en daar was gevaarlike wilde diere. En die goed was honger! ‘n Stukkie skaapvleis was vir ‘n honger beer ‘n onweerstaanbare sappige happie. Boonop het daar selfs leeus wild rondgeloop, beslis ‘n ding wat vrees ingeboesem het in enige jong skaapwagtertjie.

Dawid het van kleins af taai grootgeword en sy broers het hom geleer hoe om ‘n wapen te gebruik en hoe om met roofdiere af te reken.

Ook maar goed, want toe die beer daardie dag sy opwagting maak en een van Dawid se skape gryp, was die seun nie bang om die dierasie agterna te sit nie. Dalk was dit ‘n bietjie domastrant om die skaap uit die beer se kwylende bek te red, want toe bestorm die beer hom! Dawid het hom doodgeslaan!

‘n Skaapwagtertjie het nie kragtige wapens soos ‘n swaard of pyl en boog gehad nie, hy moes homself verdedig met ‘n knopkierie en sy herderstaf en hy moes leer om dit baie behendig te kon gebruik, anders kon hy dalk tweedebeste van so ‘n skermutseling afkom! Dawid het dit inderdaad bemeester, want die dag toe hy te staan gekom het teen ‘n brullende leeu, was dit ook die leeu wat in die stof gebyt het! Daarvan lees ons in 1 Sam 17:34-37.

‘n Kierie was egter nie Dawid se enigste wapen nie - hy het die kuns bemeester om sekerlik een van die moeilikste wapens met groot vernuf te gebruik - die slingervel. Het jy al ooit probeer om ‘n slingervel te gebruik? Twee toutjies is aan mekaar verbind met ‘n

stukkie vel, en hierin plaas jy ‘n klippie. Jy swaai die klippie ‘n paar keer in die lug om goed spoed op te bou, en dan los jy een van die toutjies. As jy dit reg doen, trek die klippie teen ‘n verbysterende snelheid na sy teiken toe. Maar ongelukkig is dit nie so maklik nie, want ‘n klein breukdeel van ‘n sekonde maak die verskil of jy die teiken gaan tref, en of die klip woer-woer in ‘n totaal-ander rigting gaan vlieg! Ek het as kind so ‘n slingervel besit. Ek het hom tot vervelens toe gelaai met ammunisie maar dit was my nooit beskore om een enkele keer die teiken te tref nie. Ek het uiteindelik tou opgegooi!

Taai soos ‘n ratel was hierdie kleingeboude mannetjie - gebrei deur sy broers en deur die ongenaakbare veld. Maar taai soos hy was, was daar ook die sagte sy van hierdie kind van die veld. Op ‘n jong ouderdom het hy die liefde vir musiek aangeleer. Wanneer hy die veld ingestap het met sy trop skape, het hy in sy rugsak ‘n lier met hom saamgedra - ‘n snaarinstrument wat ons in vandag se terme amper ‘n kitaar kan noem. En saam met musiek het Dawid ook van kleintyd af geleer

om die Here lief te hê. Wanneer die jong Dawid dus iewers onder ‘n boom gesit het, het hy liedere gesing en op sy lier gespeel - liedere wat hy by Pa Isai gehoor het. Maar hy het ook begin om sélf liedjies te maak uit sy eie ondervindinge in die veld: “Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my in groen weivelde rus. Hy bring my by waters waar daar vrede is.” So begin een van die grootste treffers van alle tye vorm aanneem.

Die jong Dawid moes dalk aan die agterspeen suig, maar hy het nie toegelaat dat dit hom onderkry nie. Met ‘n lied in die hart het hy die vervelige werk van skaap-oppas vervolmaak tot ‘n kuns, en elke oomblik benut om homself voor te berei vir die lewe. Maar alleen was hy nooit - langs hom was die Here, die God van Abraham en Isak en Jakob - die God van Israel, elke oomblik van die dag.

Gebed:

Here, ons staan vandag verstom oor die wyse waarop U vir Dawid voorberei het vir sy groot taak as koning. Dankie dat U elkeen

van ons so voorberei vir ons taak. Help ons om dit ten volle te benut!

3

# Wie Móét dan Koning Wees?

1 Samuel 16:1-11

**VIDEO | OUDIO**

In ‘n monargie is die koning se oudste seun gewoonlik outomaties die troonopvolger, tensy daar natuurlik iets ernstig voorval wat hom ongeskik sou maak vir die taak. Dit het in Saul se tyd óók so gewerk. Israel was egter besig om af te stuur op ‘n ramp, want die land se heel eerste koning, Saul het vergeet waar sy wortels lê - dat dit God was wat hom aangestel het en dat hy moes regeer volgens God se voorskrifte. As sy seun hom sou opvolg, sou hy waarskynlik in Pa se voetspore volg en dieselfde paadjie of selfs erger as sy pa loop! Samuel was ‘n baie bekommerde man, want hy het gesien waarheen dit op pad was. Hy het probeer regmaak waar Saul verbrou het, maar hy het besef dat dit ‘n onbegonne taak was. Die damwal het kláár gebreek en hy het tevergeefs probeer om die gate toe te stop!

Een ding wat Samuel nie besef het nie, was dat die Here al lankal besig was om ‘n nuwe koning voor te berei en op te lei, nie in die paleis en raadsale nie, maar in die veld! Dáár word die grondslag gelê vir die volgende koning van Israel. Hierdie aspirant-koning moes éérs leer om die Here lief te hê, Hom leer ken en vertrou in die klein dingetjies. Maar hy moes ook leer om taai te wees, en nie bang te wees vir enigiets nie. Boonop moes hy leer om ‘n vegter te wees, want die volk van God het baie swaar gekry tussen al die heidense volke wat hulle so afgeknou het. Dit was veral die Filistyne wat vir hulle ‘n groot pyn was!

Een mooi dag kry Samuel ‘n opdrag van die Here wat hom yskoud laat word: “Samuel, vul jou horing met olie en vertrek. Ek stuur jou na Isai van Betlehem, want tussen sy seuns het Ek vir My ‘n koning gesien.”

Die arme Samuel se knieë het onder hom geknak – “Hoe kan ek gaan, Here? As Saul daarvan hoor, sal hy my doodmaak!” Maar die Here het hom gerusgestel - hy moes

bloot vir die mense sê: “Om aan die Here ‘n offer te bring – dit is waarvoor ek gekom het!” Hy moes dan vir Isai nooi om saam met hom te offer. Die Here het hom laat verstaan dat Isai se seun die nuwe koning sou wees.

En so het die bejaarde Samuel sy reis na Betlehem aangepak. Met sy aankoms was almal in rep en roer want Samuel se teenwoordigheid het net een ding beteken: MOEILIKHEID! Onmiddellik het almal in Betlehem ‘n skuldige gewete gehad, want hierdie gerespekteerde ou profeet was hier om die straf van die Here oor hulle te bring! Samuel het onder sy grys baard gelag: “Nee toemaar, ek kom in vrede, ek kom maar net ‘n offer vir die Here bring.” Toe nooi hy hulle uit: “Heilig julleself en kom saam met my na die maaltydoffer.” Vir Samuel het die volk ‘n heilige respek gehad!

Toe sonder Samuel vir Isai en sy seuns uit en nooi hulle om die maaltydoffer saam met hom te geniet. Vir Isai was dit natuurlik ‘n groot eer om saam met die gerespekteerde profeet, wat vir soveel jare die land regeer

het, te gaan eet. Al die voorgeskrewe reinigingsrituele was sorgvuldig nagekom en die tyd vir die offer het aangebreek.

Met groot genoegdoening het Samuel na die lenige jong man voor hom gekyk. “Eliab” het die kêrel homself voorgestel aan die profeet. “Ideaal!” het Samuel met ‘n glimlag gedink, “Hierdie man het beslis die karakter, houding en gespierde lyf wat ‘n koning moet hê. Hier staan die Here se gesalfde!” Saggies het Samuel gebid: “Here, moet ek hom sommer nóú salf?”

Maar toe kom die Here se skokkende antwoord: “Nee Samuel, hierdie is nie die nuwe koning nie! Moenie kyk na sy voorkoms of gestalte nie. Ek het hom afgekeur!”

Samuel was uit die veld geslaan, maar gelukkig het die volgende seun, Abinadab hom nét soveel beïndruk soos Eliab. Weereens het hy sommer dadelik gewéét dat die Here hom nie gekies het nie. Met ‘n hart wat in sy leersandale sink, het Samuel uiteindelik die sewende seun voor hom sien staan. “Here, sê asseblieftog vir my dat dit

hierdie een is, dis die laaste een!” Maar steeds kom die Here se antwoord dat dit nie hy was nie. “Nou verstaan ek gladnie, Here,” het Samuel gehuil. “Wie ís dit dan?”

“Isai, is dit ál jou seuns hierdie?”

“Nee,” kom die antwoord van Isai met ‘n groot vraagteken in sy stem, “daar is nog die ou jongetjie, klein Dawid - hy pas skape op.”

“Here, dit kan tog nie die skaapwagtertjie wees nie? Ek kan tog sékerlik nie ‘n skaapwagter tot koning salf nie?” Maar dan wéét Samuel: Die Here werk baie anders as mense.

“Laat haal daardie seun - ons eet nie vanaand voordat hy hier is nie!”

Ons kan nie vir die Here voorskryf wie Hy moet gebruik vir ‘n taak nie. Dikwels is dit die mees onwaarskynlike kandidaat wat Hy al vir jare lank voorberei het. Berus by die Here se besluit - Hy weet baie beter as ek en jy!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag kan weet dat U beslis beter weet. Gee my asseblief die berusting in U besluit!

# Van Skaapwagtertjie tot Koning

1 Samuel 16:12-19

**VIDEO | OUDIO**

Samuel se woorde weerklink in Isai se ore: “Isai, is dit ál jou seuns hierdie?”

“Nee, daar is nog die ou jongetjie, klein Dawid - hy pas skape op.” Mens wonder wat deur Isai se gemoed gegaan het? Sou hy dalk gewonder het waarom dit dan so belangrik sou wees dat die klein japsnoet Dawid ook hier by die eetmaal moes wees? Ek dink Isai was te bang om uit te vra - ‘n mens het darem tog mos groot respek vir hierdie man van God!

Die slaaf moes ver hardloop om vir Dawid op te spoor by die skape: “Hulle soek jou dringend by die huis!” word hy ingelig. “Die groot profeet, Samuel is daar!”

Vlug soos ‘n ribbok draf Dawid oor die rante na Betlehem. Hy is opgewonde - hy wou nog altyd hierdie ou profeet ontmoet het! Vandag

gaan hy hom sowaar te siene kry! Wanneer Dawid uitasem by die huis aankom, is die hele gesin daar bymekaar, Pa Isai en al sewe broers. "Wat is aan die gang?" wil hy nog vra, maar dan sien hy die waardige ou profeet en al die ander gedagtes waai skoon uit sy kop uit. "Shalom!" groet hy beleefd.

Wanneer hierdie gespierde jong seun voor Samuel kom staan, wéét hy onmiddellik: "Hier is Israel se volgende koning!" Sonder om 'n woord te sê, bekyk hy die mannetjie - 'n paar treffende, helder oë en 'n rooi gelaatskleur. Hy het 'n baie mooi voorkoms en goed gebou, maar beslis nie Saul se hemelbesem-lengte nie!

"Samuel," hoor hy die Stem diep in hom, "staan op, salf hom, want dit is hý!"

Voor die verbaasde oë van Dawid se broers en al die ander teenwoordig, staan die gryse ou Samuel op, haal die horing uit en giet die olie oor Dawid se kop uit. Dawid staar in ongeloof na die waardige ou man voor hom. Dit is so stil in die vertrek dat jy 'n speld kan hoor val. "Dawid, seun van Isai, in die Naam

van die Here, God van Abraham, Isak en Jakob salf ek jou tot koning oor Israel.”

“Dit moet ‘n fout wees!” wil dit skree in Dawid, “Wat dan van koning Saul?” Maar dan verduidelik Samuel van Saul wat die Here bedroef het deur sy ongehoorsaamheid, en dat die Here vir Samuel opdrag gegee het om ‘n nuwe koning te salf - die een wat Hy hom sal wys. “Maar wat vandag hier gebeur het moet doodstil gehou word, want as Saul uitvind dan is jy en jou familie nie julle lewens seker nie!” waarsku Samuel. Dawid sal nie die koningskap oorneem voordat Saul sterf nie.

Met sy taak afgehandel, groet Samuel en vertrek terug na Rama.

Dawid se lewe het onherroeplik verander. Nee, hy was nie skielik verhewe bo die res nie, hy was steeds die jongste seun en hy moes steeds maar die skape oppas terwyl sy ouer broers hulleself geniet het met oorlog maak en allerhande ander lekker dinge. Maar een ding het met Dawid gebeur wat hulle nie beskore was nie - die Gees van die Here het

van daardie dag af kragtig in hom gewerk. God was besig om hom nou in alle erns voor te berei vir sy koningskap!

In die paleis van koning Saul het dinge egter nie so goed gegaan nie. Saul het al verder en verder van die Here af weggedryf, tot só ‘n mate dat die Here se Gees van Saul afgewyk het. Só erg was dit dat ‘n bose gees besit geneem het van hom. Hy het snaaks begin optree en ernstige gemoedsversteurings begin kry. Saul was ‘n bitter bekommerde man: was hy besig om kranksinnig te raak?

Op ‘n dag kom een van sy amptenare met ‘n desperate voorstel na vore: Musiek! “As ons vir die koning mooi, rustige, strelende musiek speel, sal dit hom kalmeer!” Saul is ingenome met die idee - dit mag dalk nét werk! “Kry iemand om vir my op ‘n lier te kom speel!”

En só voorsien die Here weereens vir Dawid, dat hy kennis kan maak met die paleis en alles wat daar gebeur. Op ‘n dag word hy ontbied van sy skape af: “Die koning het jou

nodig! Bring jou lier saam want jy gaan vir koning Saul musiek maak."

Dawid se naam het hom vooruit geloop, want in die paleis het dit gegons oor hierdie aantreklike jong man, nog lank voor sy aankoms. "Hulle sê hy skrik vir niks! Beslis 'n dapper man! Nee, hy was nog nooit in 'n oorlog nie, maar hy het glo al 'n leeu kaalhande doodgemaak!" So praat die manne oor Dawid. "En boonop is die kêreltjie glo baie wél ter tale - skryf selfs liedere en gedigte! Nou nie juis wat jy van 'n vegter sal verwag nie!"

Wanneer die Here 'n taak op jou skouers lê, voorsien Hy die toerusting om die taak te kan uitvoer. Ek het dit al telkemale in my eie lewe gesien, waar ek dikwels gesê het: "Here, maar ek weet nie hoe nie!" Dan begin dinge in plek val, en op wonderbaarlike wyse kom die opleiding om die taak te kan uitvoer. Al wat Hy vra is dat jy gewillig moet wees.

Gebed:

Here, dankie dat U so getrou is en dat U alles voorsien wat nodig is vir my om U taak uit te voer!

5

# In die Leerskool

1 Samuel 16:19-23

**VIDEO | OUDIO**

Wanneer die hoogste gesag in die land jou oproep vir diens, dan weier jy dit nie sommer nie. Baie jare gelede was ek ook opgeroep vir diens. Ek was nog maar ‘n jong seun - skaars 16 jaar oud toe ek in 1964 ‘n amptelike brief van die Generaal kry om aan te meld vir diensplig. “Mag ek asseblief eers klaar Matriek skryf?” het ek gesoebat, en hy het my een jaar grasie gegee. Daarna het ek egter géén verskoning meer gehad nie en ek was verplig om te gaan “voete stamp” op Potchefstroom se paradegrond. Harde dae van bloedsweet en klippe kou! Maar die nege maande in diens van die weermag het my beslis voorberei vir die lewe want ek het gegroei van ‘n blote seun na ‘n volwasse man, en boonop hope mensekennis opgedoen. Dit was in ‘n sekere sin vir my

kosbaar gewees, alhoewel ek beslis nie toé so gedink het nie!

Ek dink nie dat Dawid besef het watter kosbare geleentheid hy gekry het toe hy daardie dag daar in die veld by sy skape die nuus kry dat Pa Isai hom onmiddellik by die huis soek nie. “En jy moenie jou lier vergeet nie!” dra die slaaf Isai se bevele oor. Toe Dawid daar aangedraf kom, is sy goed alles klaar gepak. “My seun, die koning het jou nodig!” moes hy aanhoor. Daar was skaars tyd om te groet, want die donkie was gelaai met brood, ‘n sak wyn en ‘n klein bokkie. En die koning se boodskappers het al ongeduldig staan en rondtrippel oor hy so lank gedraai het!

Toe Dawid by Saul se paleis aankom, wou hy hom vergaap aan al die mooi bouwerk. “Kom, die koning wag vir jou!” word hy uit sy verwondering weggeruk.

Dawid het al baie gehoor van Koning Saul. Sy broers het al dikwels saam met die koning geveg, en hulle het hom vertel dat hy ‘n baie

dapper man was en baie, báie lank, langer as énige man in Israel!

Dawid se kniekoppe klap behoorlik teen mekaar van pure senuwees as hy die hofsaal ingelei word. In sy natgeswete hand klou hy krampagtig aan sy lier vas. Skielik is die koning voor hom. Hy buig laag soos dit ‘n nederige onderdaan betaam. Saul gluur hom nors aan met wilde oë en Dawid skrik! Iets baie ernstig is verkeerd met hierdie koning!

“Speel!” blaf die lang man ongeduldig en van pure skrik speel Dawid ‘n paar vals note. Maar dan ruk hy hom reg en weldra vul hemelse, sagte, kalmerende musiek die vertrek. Dawid kyk vlugtig op en hy merk hoedat die koning se gemoed handomkeer verander, totdat daar uiteindelik ‘n salige glimlag om sy mondhoeke speel. Sodra die koning rustig is, kry Dawid verlof om te gaan. Hy is nog half bewerig as hy weggelei word na sy kwartiere. “Die koning hou van jou,” borrel die amptenaar, “jy moet so aanhou!”

Die volgende dag moet Dawid weer vir die koning gaan speel: “Hy het weer ‘n aanval

gekry.” verduidelik die amptenaar. “Dit is ‘n staatsgeheim - niemand mag óóit weet van die koning se toestand nie, want as dit by die volk uitlek sal daar ‘n opstand kom!”

Na ‘n paar dae se speel, word Dawid nadergewink deur Koning Saul. Hy wil alles weet van Dawid af - wie sy pa is, wat hy doen by die huis, waar hy geleer het om so mooi musiek te maak - elke detail. En weldra begin daar ‘n soort van ‘n vriendskapsband opbou tussen hulle. Dawid se gespierde liggaam sê vir Saul dat hierdie mannetjie beslis ‘n aanwins sal wees vir hom op die slagveld. “Kom saam, ek gaan jag.” nooi hy eendag vir Dawid, en die jongman kry die taak om Saul se wapens te dra.

Tydens die volgende skermutseling met die Filistyne, is Dawid sommer outomaties Saul se wapendraer. Dit is Dawid se eerste kennismaking met ‘n oorlogsituasie. Hy is ‘n leergierige jong man en elke beweging en besluit van Saul word ingedrink. Met groot belangstelling let hy noukeurig op na elke stukkie taktiek wat hierdie slinkse vegter-

koning gebruik om sy vyand te uitoorlê. Hy leer van die meester.

Dawid spandeer ook al hoe meer tyd in die koning se hofsaal, waar hy vir Saul speel op sy lier. Hy luister na elke besluit wat daar geneem word; hy hoor hoe die slim amptenare redeneer; hy sien hoe die koning sy onderdane hanteer; hy leer hoe ‘n land suksesvol regeer word. En niks gaan ongesiens by Dawid verby nie. Saul is só ingenome met hierdie knap jong man, dat hy vir Isai laat weet: “Ek wil graag hê dat Dawid permanent vir my werk. Ek hou van die jongman!”

Ons het in gister se dagstukkie net so terloops gemeld dat die Here vir Dawid die geleentheid gegee het om voor te berei vir sy toekomstige koningskap. Vandag het ons egter gesien hoe intens-deeglik hierdie voorbereiding was. Dawid het elke kunsie in die regering van die land aangeleer by die meester, selfs sonder dat sy leermeester daarvan bewus was. Ek en jy moet ook elke kans aangryp wat ons kant toe kom om te

leer om effektief te kan werk in God se Koninkryk - Hy gee dikwels vir ons daardie geleenthede.

Gebed:

Here, maak my asseblief bereid om nooit op te hou om te wil leer van U nie!

6

# Goliat die Verskriklike

1 Samuel 17:1-19

**VIDEO | OUDIO**

Dwarsdeur Israel het dit weergalm: “Oorlog! Oorlog!” Dit was die Filistyne wat alweer moeilikheid gemaak het.

Die sogenaamde “Seemense” het ‘n langdurige oorlog teen Egipte gevoer in ongeveer 1175vC. Hierdie oorlogsugtige mense was hoofsaaklik afkomstig van die eiland Kaftor oftewel die moderne Kreta. Oor die volgende klompie jare het hierdie mense die kusgebied van die suidelike deel van Kanaän begin beset, totdat hulle uiteindelik vyf stadstate, Gasa, Askelon, Asdod, Ekron en Gad regeer het. Vir Israel was hulle ‘n groot pyn, want hulle het gedurig probeer om hulle grondgebied ooswaarts uit te brei, en dit was natuurlik in Juda se gebied in. 150 Jaar nadat hulle vir die eerste keer voet aan wal gesit het in Kanaän, is hulle ‘n gedugte vyand wat seker al 30’000 man sterk is. Ten

spyte hiervan was die Israeliete baie afhanklik van die Filistyne, want hulle was meesters met ysterwerk, en die Israeliete moes hulle gereedskap na die Filistyne neem om geslyp te word.

Oorlog het natuurlik altyd ‘n baie duur prys om te betaal in lewensverlies, en albei kante sal van nature probeer om verliese so ver as moontlik te beperk. Dit was dus een opsie om ‘n geveg te beslis deur twee vegters uit te sonder wat dan die geveg namens die hele weermag gaan veg. En dit is presies wat die Filistyne met hierdie veldslag probeer het. Hulle het egter ‘n troefkaart gehad - ‘n vegter wat soos ‘n paal bo water uittroon bo al die ander soldate: Goliat (die Verskriklike, kon ons dalk byvoeg?)

En so ontvou sekerlik die bekendste van ál die Bybelverhale. Dit gryp jou aan die hart dat ‘n onervare jong man sonder enige oorlogswapens te staan kom teen die gebreide reus wat gepantser is soos ‘n tenk en met ‘n arsenaal wapens wat enige mens

sal laat bibber van angs. Maar nou loop ek die storie vooruit!

Soos ons weet, het Dawid vir koning Saul gewerk - hy moes vir hom musiek maak wanneer hy sleg voel, en boonop het hy ook die aanstelling gekry as die koning se persoonlike wapendraer. Maar ‘n man moet darem ook verlof kry, en so is Dawid vir ‘n tyd lank huistoe waar hy moes gaan skape oppas vir sy pa. By die huis was Dawid maar steeds “kleinboet” en hy het stééds nie juis veel aansien gehad by sy broers nie. Dit laat ‘n mens herinner aan Josef van ouds, wat dieselfde probleem met sy broers gehad het.

Dit was juis in hierdie “verloftyd” wat die Filistyne besluit het om hulle grondgebied ‘n bietjie uit te brei ten koste van Israel. Saul roep sy weermag op en ‘n ent suidwes van Betlehem, by die Laagte van die Groot Boom slaan hulle kamp op. Hulle was gereed om die Filistyne vir die sóveelste keer terug te jaag oor die grens. Maar toe speel die Filistyne hulle troefkaart. Terwyl die twee magte besig was om weerskante van ‘n smal

vallei op die rante teen mekaar stelling in te neem, tree daar ‘n man na vore. In vulgêre taal het hy Saul se magte uitgedaag om iemand te stuur om teen hom te kom veg namens Israel. Die Israeliete se oë het gerek, want hierdie man was reusagtig groot - ‘n volle drie meter het hy in sy leersandale gestaan. Hy was beslaan met pantser dat géén wapen naby sy massiewe lyf kon kom nie. Om hom van ‘n afstand af met ‘n pyl en boog te benader, sou nutteloos wees, want om sy lyf was daar ‘n bronsharnas met skubbe wat 57 kilogram geweeg het. Dit was afgerond met ‘n bronshelm asook bronsskerms om sy bene. Om nie eers te praat van sy asemrowende wapens nie - ‘n spies met ‘n steel so dik soos ‘n wewersbalk met ‘n 7 kilogram lem. En natuurlik ‘n swaard om jou te laat ril!

Vir veertig dae lank het die twee linies teen mekaar gestaan, en dag-vir-dag was Goliat (die verskriklike) daar met sy verkleinerende haatspraak teen Israel. Niemand het die moed gehad om teen hom te gaan veg nie - dit sou selfmoord beteken! Die enigste

Israeliet wat naastenby Goliat se lengte gehad het, was koning Saul. Maar selfs hý was bang vir die reus!

Saul sowel as die Israeliete se grootste probleem was dat hulle in hulle eie krag wou gaan veg, sonder om kennis te neem daarvan dat God ook betrokke was by hulle. Dit was so byna-byna ‘n fatale fout!

Intussen was alles baie rustig op die rantjies van Betlehem waar Dawid besig was om skaap op te pas. Maar Pa Isai was bekommerd oor sy seuns - die drie oudstes was oorlog toe om saam met Saul te gaan veg. Hy het gewonder hoe dit met hulle gaan? Hulle kos moes seker al op wees. Hy het die gerugte gehoor dat die manne nog steeds net vir mekaar staan en knor het, en van die verskriklike Filistyn. Dit het vir hom altevol baie na ‘n tipiese visvangstorie geklink!

Toe Dawid weer die aand by die huis kom met die trop skape, kry hy ‘n opdrag van Pa Isai: “Jou broers is al dood van die honger daar op die slagveld. Môre vroeg moet jy

asseblief in die pad val en vir hulle kos wegbring. En vind sommer vir my uit hoe dit met hulle gaan.” Dawid was dadelik opgewonde - nou kon hy ook deel hê aan die oorlog. Wie weet, dalk sou sy broers hom ‘n kans gee om ‘n bietjie swaard te swaai.….!

Gebed:

Here, dikwels is daar ook ‘n “Goliat” in my lewe, waar die situasie vir my te groot lyk om te hanteer. Leer my om verby die reus te kyk en U daaragter raak te sien!

7

# Vreesbevange vir Goliat

1 Samuel 17:17-31

**VIDEO | OUDIO**

Wanneer Dawid donkeroggend in die pad val om vir sy broers voorrade te neem, is die sakke swaar gelaai. Daar is sestien kilogram gebraaide koring en tien brode om sy broers vir die volgende paar weke aan die lewe te hou, en vir die bevelvoerder van die kamp is daar ook 'n bonussie: tien kase. Dawid tref gou laaste reëlings met die veewagter, en dan tel hy die swaar vrag op sy skouers. Dit is dertig kilometer tot by die Vallei van die Groot Boom, dus kan hy teen vanaand daar wees as hy wikkel. Met 'n lied in die hart pak die jong Dawid die moeilike pad aan oor berge en deur dale. Hy wonder darem oor daardie Goliat-gedrog waarvan Pa Isai gepraat het. Kan hy werklik so verskriklik groot wees soos die mense sê? "Aag, dis sommer net praatjies!" besluit Dawid.

Vir ‘n fikse man soos Dawid is ‘n skamele dertig kilometer sommer ‘n ou wandelinkie in die park, ten spyte van ‘n swaar vrag kos. Wanneer hy die middag by die kamp van die Israeliete aankom, is die manne net mooi besig om ‘n linie te vorm op die rant. “Daar is aksie!” bons dit in Dawid se hart. En dan hoor hy die bloedstollende oorlogskreet weerklink, sodat dit eggo deur die klowe. ‘n Gevoel van trots wel in Dawid se borskas op - dit is sy trotse volk wat so skrikwekkend klink. Oorhaastig gaan gooi hy die vrag af by die oppasser en dan hardloop hy na die front toe. Hy wil niks van die opwinding mis nie!

Aan die oorkant van die smal vallei sien Dawid die linies van die Filistyne opgestel staan, gereed om te veg. Dawid sien sommer dadelik dat daardie klomp ‘n goed-georganiseerde oorlogsmasjien is, gewapen tot die tande. Skilde, spiese en swaarde blink in die laatmiddagson waar hulle bankvas staan op die kruin. Dawid se oë soek vir bekendes tussen sy eie mense. En dan herken hy sy drie broers. Opgewonde hardloop hy na hulle toe om hulle te gaan

groet, maar die manne lyk nie juis te ingenome met sy besoek nie. “Wat soek die bogsnuiter alweer hier? Dit is ‘n plek vir hardebaarde hierdie!” mompel hulle onder mekaar.

Op daardie oomblik raak dit skielik doodstil in die kamp van die Israeliete. Almal se aandag is gevestig op één plek. Uit die geledere van die Filistyne tree ‘n man na vore, en almal snak na hulle asems. Ja, hulle het hom al vantevore gesien - al tálle kere, maar elke keer laat hy hulle steeds ineen krimp van vrees. Dawid se oë rek: “Dan is dit tóg waar! Dit is die grootste, woesste kreatuur wat ek nog óóit gesien het!” Outomaties tree die manne ‘n paar treë terug - so asof hulle wil wegvlug van die gedrog af.

En dan begin die reus allerhande verskriklike dinge oor Israel sê. Hulle is ‘n papbroekige spul sissies want almal is bang vir hom. Hulle is almal Saul se slawe! Hy het nog baie ander lelike dinge gesê, maar Dawid het lankal nie meer geluister na sy profaniteite nie.

Daardie aand om die kampvuur wil Dawid meer weet omtrent hierdie Goliat-kêrel. “Hy kom net om ons te verkleineer!” sê een van die manne vir Dawid.

“Kyk, die man wat hom gaan verslaan - hy gaan ‘n skatryk man wees!” lag iemand anders.

“Ja, en die koning het nou die dag vir ons belowe dat so ‘n held boonop nog sy dogter as vrou sal kry!”

Dawid het hoeka al ‘n oog op daardie mooi meisiekind wat hy in Saul se paleis gesien het - die een met die mooi, vonkelende oë. Maar nou is daar baie belangriker dinge wat sy gedagtes vul. “Wie is hierdie heiden, hierdie Filistyn dat hy sommer so die leër van die Lewende God kan slegsê? Waarom vat niemand hom aan nie?”

“Boetie, dis nou tyd dat jy jou loop kry, terug na jou skapies toe waar jy hoort. Moenie jou kom staan en inmeng met die dinge van manne nie. Watse vermetelheid is dit van jou

om ons hier te wil kom aansê oor wat ons moet doen? Jy is net ‘n klein kwaadstoker!”

Dawid draai seergemaak sy rug op sy broer: “Daardie Filistyn is dit nie werd dat ‘n mens oor hom moedeloos raak nie. Het julle manne dan vergeet dat God met ons is? As niemand anders vir Goliat kans sien nie, dan sal ék hom gaan aanvat!”

Die manne lag diep uit die maag vir hierdie jong snuiter, maar hulle sien dat Dawid baie ernstig is oor wat hy gesê het. En dan staan iemand op en stap ongemerk na die koning se tent toe - “Hiervan móét Saul hoor!”

Waarom is dit dat die Goliat’s van die lewe ons so maklik die skrik op die lyf jaag? Géén Goliat - géén situasie is groter as God nie. Met selfs die afskuwelikste reus wat ons bedreig, kan ons steeds berus want God is in beheer en Hy is groot en almagtig. Ons sing maklik: “Hoe groot is ons God.” Maar bedoel ons werklik wat ons sing? Glo ons waarlik self wat ons sing, of is dit maar net ‘n mooi liedjie met hol woorde?

Gebed:

Here, vanoggend kan ek maar net weer opkyk na U en wéét dat ek veilig is in U hande!

8

# Gereed vir die Groot Geveg

1 Samuel 17:33-47

**VIDEO | OUDIO**

Koning Saul laat die jong Dawid ontbied na sy tent: "Wat hoor ek van jou? Jy is sekerlik nie ernstig om teen daardie Filistyn te gaan veg nie? Hy sal maalvleis van jou maak!"

Maar Dawid was nog nooit meer ernstig in sy lewe nie: "Mens moenie moed verloor oor hy so groot is nie," stel hy die koning gerus. "Ek sal teen die Filistyn gaan veg - ek is nie bang nie." Maar Saul twyfel, Dawid is gans te jonk en onervare vir hierdie Filistyn. Hy het grootgeword as 'n soldaat, 'n gebore vegter en boonop skrikwekkend groot en sterk!

Dawid is egter rustig oor die saak en hy vertel vir Saul dat hy nou wel nét 'n skaapwagter is en dalk nog baie jonk, maar hy weet presies hoe om gevare te hanteer. Hy kry dikwels te doene met allerhande roofdiere, en hy's nie bang om énige ding

aan te vat nie! “Ek het al ‘n woedende beer aan sy baard gegryp en hom doodgeslaan! Ek het eenmaal selfs al ‘n leeu aangevat en hom doodgemaak. Ek is nie bang vir énige gevaarlike dierasie nie! Hierdie Filistyn is niks beter as enige van daardie wilde diere nie!”

Dawid kyk minagtend in die rigting van die Filistyne: “Daai heiden is besig om ‘n bespotting te maak van die volk van die Lewende God!”

Dan speel hy sy troefkaart: “Dit is die Here wat my gered het uit die kloue van die beer en die leeu, en die Here sal my ook red uit die mag van hierdie Filistyn!”

Saul sug swaar as hy sien dat hy nie vir Dawid gaan oorreed om van sy waansinnige plan af te sien nie. “Ja toe dan, gaan veg dan maar, en mag die Here met jou wees!” Die beste wat hy nou kan doen is om darem vir die jong man behóórlike oorlogsklere aan te trek, want daardie Filistyn gaan hom vermorsel. En hy moet wapens kry vir die groot geveg! Die manne kry opdrag om sy persoonlike harnas vir Dawid aan te trek en

sy eie wapens vir hom te gee. Dawid is mos al vertroud met hierdie swaard van hom, want hy was al ‘n slag of wat Saul se wapendraer.

Maar Saul het nie rekening gehou daarmee dat hy die grootste man in Israel is nie, en dat Dawid sou versuip in sy oorlogsmondering. En wanneer die bronshelm boonop op Dawid se kop kom, kan hy skaars sien - die ding is myle te groot! Dan gord die manne vir hom Saul se swaard om sy heupe.

En daar staan Dawid - onkapabel om te beweeg. Die uitrusting is so groot en swaar dat hy skaars kan loop. “Hoe moet ek teen Goliat gaan veg as ek nie uit sy pad kan bly nie?” wonder hy. “Nee, dit sal beslis nooit deug nie!”

Wat Dawid egter nie besef nie, is dat hy op daardie oomblik die koning se klere vol staan en boonop sy swaard aan sy sy gegord het - ‘n simbool van wie Dawid werklik is: gesalfde koning van Israel! Eendag sal hy nog fisies die plek inneem van hierdie einste koning!

“Jammer, maar dit sal beslis nie vir my werk nie.” sê Dawid vir Saul, en daarmee klim hy uit die swaar harnas uit. Selfs die swaard is nie vir hom gemaklik nie. Hy sal die reus aanpak met die wapens waarmee hy vertroud is, sy slingervel en kierie!

Onder in die spruit soek hy noukeurig vyf gladde klippies uit. Die klippies moet perfek gebalanseer wees, want hy sal net een enkele kans kry teen die vegter en dit moet die kol sekuur tref met die eerste probeerslag. “Here, U het my gered van die beer en die leeu, ál my vertroue is in U. Red my nou ook van hierdie heiden sodat almal sal weet dat U Here en God is!”

Dawid se wakker oë som die Filistyn op wanneer hy na die man aangeloop kom. Elke krakie in die reus se mondering word opgesom. Daar is net een enkele plek waar hy hom dodelik kan tref - waar die massiewe bronshelm oopmaak tussen sy oë. Die Filistyn maak óók ‘n opsomming van hierdie rooigesig seun wat met ‘n kierie in die hand teen hom wil kom veg. Slegs een swaai van

sy swaard sal genoeg wees want die kêreltjie het dan nie eers ‘n harnas aan nie. Minagtend gluur hy vir Dawid aan: “Is ek dan ‘n hond dat jy met kieries na my toe kom?” ‘n String vloekwoorde besoedel die lug: “Kom ‘n bietjie hier dat ek jou vleis vir die roofvoëls kan voer!” bulder hy.

Dawid kan nie maar stilbly teen sulke lasterlike, gekruide taal nie en veral nie as hy vervloek word in die naam van allerhande afgode nie. “Jy kom met al jou magtige wapens maar ek staan hier in die Naam van die Here die Almagtige. Vandag sal dieselfde God van wie se leër jy so ‘n bespotting gemaak het, jou in my hand oorgee. Jou kop sal rol en die lyke van die Filistyne sal verstrooid lê vir die roofvoëls en wilde diere om op te vreet. Dan sal die hele wêreld moet erken dat Israel ‘n God het - dit is Hy wat oorwin!”

God is liefde - so het ons geleer en so ervaar ons dit elke dag. Maar as mense aanhou om God uit te tart, sal Sy geduld opraak (met permissie gesê). Vandag is daar talle mense

wat Hom so blatant uittart - Hom totaal minag en verkleineer. Dit maak my en jou as gelowige bitter seer om dit aan te hoor. Maar die dag van afrekening gaan kom.......

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed en krag om op te staan teen mense wat U minag en U verkleineer!

9

# En die Val was Groot.....

1 Samuel 17:46-58

**VIDEO | OUDIO**

In totale afhanklikheid van die Here, staan Dawid teenoor die bulderende reus, Goliat. Die man spoeg vuur want hy is tot in sy siel toe verneder (het hy ooit nog ‘n siel?). Hy minag hierdie lafhartige Israeliete wat hom vir veertig dae lank aan ‘n lyntjie gehou het en hy minag hulle God. En nou kom stuur hulle ‘n seuntjie met ‘n kierie en ‘n slingervel om teen hom, die magtige Goliat die Verskriklike te kom veg!

In teenstelling hiermee plaas Dawid rustig sy vertroue op God. “Selfs al gaan ek deur die dal van doodskaduwee, sal ek nie bang wees nie want U is by my. In U hande is ek veilig.” Hy besef dat hy nie alleen hier voor die verskrikking staan  nie. God is hier by hom!

“Die hele wêreld sal besef dat die God van Israel die enigste ware God is!” deel hy die

Filistyn mee, maar hy hoor in die agtergrond die bulderende gelag van die Filistynse soldate. “Jy moet eers by Goliat verby kom!” koggel hulle hom uit.

“Hierdie skare agter jou sal binnekort besef dat die Here nie deur swaard en spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle alreeds in ons mag oorgee.”

Bulderend van woede storm Goliat vorentoe om hierdie klein addergebroedsel te vermorsel en met een enkele veeg van sy swaar spies van die gesig van die aarde af te veë. Maar hy hou nie daarmee rekening dat Dawid jonk en rats is soos ‘n ribbok en dat hy nie ‘n swaar bronsharnas aanhet wat sy bewegings belemmer nie. Dawid skiet vorentoe soos ‘n pyl uit ‘n boog en in die proses vat hy ‘n klippie uit sy sak. Om die klip in die slingervel te laai, kom outomaties - hy het dit immers al duisende kere gedoen. Die slingervel swaai een, twee, drie keer bo sy kop en op die presies regte breukdeel van die sekonde laat los Dawid die een toutjie.

Die klip woer-woer met duiselingwekkende vaart deur die lug, sekuur, reguit op sy teiken af!

Daar is slegs een enkele klein opening in Goliat se swaar bronshelm, tussen sy oë, waar sy neus deursteek. Op daardie klein kolletjie tref die klip hom tussen die oë sodat die klippie in Goliat se skedel indring. Vir ‘n oomblik verstar die angswekkende reus. Dan, soos ‘n eeue-oue boom wat afgekap is, val hy stadig vooroor. Die aarde bewe as die groteske figuur soos ‘n dooie stomp die grond tref.

Dawid wil nie nog ‘n kans waag om te sien of die Filistyn wél dood is en of hy dalk net verdoof is nie. Hy skiet vorentoe en gryp Goliat se eie kromswaard uit sy skede tussen sy skouers. Met uiterste kraginspanning lig hy dit bo sy kop en kap die afgryslike Filistyn se kop af om doodseker te maak!

Daar sak ‘n doodse stilte neer oor die kamp van die Filistyne. Dit is die héél laaste ding wat hulle óóit verwag het. Hulle is totaal verward! “Wat het gebeur? Hoe is dit

moontlik?" Maar dan skielik tref die werklikheid van die situasie hulle, want nou is hulle uitgelewer aan die Israeliete. Hulle troefkaart is daarmee heen!

Die Israeliete, wat op die oorkantste heuwel hierdie petalje staan en dophou het in vrees en bewing, is eweneens verras met die uitslag. Maar hulle kom baie gou tot verhaal en dan weergalm dit oor die berge en deur die klowe as hulle bloedstollende oorlogskreet weerklink. Met wapens in die hand word die Filistyne uit hulle land gedryf, tot by die poorte van hulle eie stede. Op die pad lê verwoesting gesaai soos die soldate van Israel gemaai het onder die Filistyne. Gesneuwelde Filistyne lê verstrooi oor die aarde.

Dawid het 'n groot aandenking gekry na sy geveg - hy het Goliat se kromswaard gevat en in sy tent gaan bêre. Dit is vir hom 'n kosbare bewys van God se trou en beskerming. Vir Israel het hy egter 'n grusame trofee na Jerusalem geneem: die afgekapte kop van Goliat. Die volk (én die

koning) moes onthou dat God weereens die onmoontlike gedoen het. Hulle moes onthou dat Hy die enigste ware God is en dat hulle Sy volk is. Niemand durf God verag nie, hy sal nie skotvry daarvan afkom nie - nie eers die skrikwekkende Goliat nie!

Die verhaal van Dawid en Goliat is een wat ons van kleins af leer, en dan sien ons Dawid as die groot held, daardie jong seun wat die verskriklike reus verslaan. Daar is egter véél meer agter hierdie storie want dit was nie Dawid wat die reus verslaan het nie, maar wel God! Wat is die kanse dat die klip daardie klein kolletjie sou tref met die eerste slag? Feitlik nul, selfs met die geoefende hand van Dawid. Ek weet! Ek het sélf ’n slingervel hanteer en ek weet dat selfs die héél bestes nie sommer ’n teiken tref nie. Die Here het Dawid gebruik as ‘n werktuig om Sy volk weer moed te gee. Maar terselfdertyd was dit die eerste treetjie om Dawid as toekomstige koning te vestig en om die volk agting te gee vir hierdie jong man wat Hy as koning op die troon sou plaas.

Op dieselfde wyse moet ons ons oë oopmaak en die Here se hand sien in die dinge wat elke dag gebeur. Ons moet besef dat God in beheer is, al lyk die situasie dikwels totaal verlore. Ons neem dinge al te dikwels sommer as vanselfsprekend aan. Gee die Here die eer wat Hom toekom!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie wonderlike verhaal, en dat ons vandag weereens kan besef dat U in beheer is en dat U almagtig is!

10

# Dawid in die Paleis

1 Samuel 18:1-5

**VIDEO | OUDIO**

Voordat ons voortgaan met ons verhaal, moet ons dalk net eers kyk na iets wat ‘n mens dikwels die wenkbroue laat lig. In 1 Samuel 16 lees ons hoedat Saul vir Dawid in diens neem om vir hom te kom musiek maak. Hy moes sékerlik in daardie tyd vir Dawid goed leer ken het. (1 Sam 16:19-23). In 1 Sam 17:56-58 lyk dit egter asof Saul nog nooit vantevore van Dawid gehoor het nie. “Wie is hierdie outjie nou eintlik, en wie is sy pa?” vra Saul vir Abner, die generaal. “Nee,” sê Abner, “Ek weet ook nie!” Hoe strook dit? Maak die Bybel ‘n fout?

Nee, nie werklik nie. Ons moet onthou dat hierdie alles oorgelewerde verhale is wat mondelings van geslag tot geslag oorgedra is. Toe dit uiteindelik 400 jaar later eers op skrif gestel is, was daar verskeie verhale wat saamgevoeg was om een verhaal te vorm.

Dit wil voorkom asof hierdie twee gedeeltes moontlik verskillende verhale is wat saamgevoeg is. Hiermee kan ons nie summier verklaar dat die Bybel dan onbetroubaar is nie. Ons moet dit bloot sien as verskillende skrywers se weergawes van dieselfde gebeure. Dit is die boodskap wat belangrik is, nie die klein detail nie.

Maar terug by ons verhaal: Dawid kom ná die geveg terug by Saul as groot held omdat hy die moed gehad het om vir Goliat aan te vat en sodoende die geveg vir Israel te wen. Een van sy aanhangers was niemand anders nie as die kroonprins sélf, Jonatan. Hy en Dawid het sommer gou baie groot vriende geword. Maar daar was iemand anders wie se oë geglinster het as Dawid die vertrek binnestap: Saul se dogter Mikal. Elke keer as sy hom gesien het, het haar hart sommer wild aan die klop gegaan. Sy durf dit egter nie wys nie, want sy was mos koninklik en Dawid - wel, hy was mos maar net ‘n doodgewone skaapwagter.

Dit sou egter gou verander. Want daardie selfde dag van die groot geveg het Saul vir Dawid na sy huis geneem. “Van nou af het jy ‘n permanente aanstelling in my paleis!” Saul was baie ingenome met hierdie jongman, want nie alleen kon hy sulke hemelse musiek maak nie, maar die mannetjie was boonop nog ‘n baasvegter ook! Wie sou dit nou ooit kon raai?

Dawid en Jonathan se vriendskap het geblom. Hulle het al hoe meer tyd saam spandeer en Jonathan het dit geniet om Dawid in sy geselskap te hê. As Jonathan maar geweet het dat Dawid toe alreeds gesalf was om die volgende koning te word, sou dinge dalk baie anders verloop het. Dawid het egter nie ‘n woord durf rep oor daardie dag toe die profeet die olie oor hom uitgegooi het nie!

Op ‘n dag sê Jonathan vir Dawid: “Ek wil met jou ‘n verbond sluit dat ons twee vriende sal bly, maak nie saak wát gebeur nie en dat ons vir altyd bymekaar sal staan.” Vir Dawid was dit ‘n baie groot eer dat die kroonprins so ‘n

groot guns aan hom sou bewys. En dan doen Jonathan ‘n baie interessante ding: hy haal sy mantel, die simbool dat hy die kroonprins is van sy skouers af en hang dit om Dawid en hy haal sy koninklike gordel af en gee dit óók vir Dawid, saam met al sy wapens. Jonathan het dit dalk nie besef nie, maar met daardie handeling het hy simbolies sy toekomstige koningskap aan Dawid oorgedra. Dit was ‘n baie groot dag in Dawid se lewe.

Op ‘n dag laat roep Saul vir Dawid: “Dawid, jy was baie braaf om teen Goliat te veg. Ek wil hê dat jy ‘n klompie soldate vat om ‘n lastige vyand wat ons terroriseer, ‘n les te gaan leer.” Dawid was in sy noppies want vir die eerste keer kry hy die kans om sélf te gaan oorlog maak. Die skermutseling was in ’n japtrap afgehandel en Dawid keer terug as triomfantlike oorwinnaar. ‘n Rukkie later was dit wéér sulke tyd en Saul begin besef dat Dawid ‘n knap aanvoerder kon wees. Hy gee Dawid al hoe groter opdragte, totdat hy uiteindelik een mooi dag vir Dawid inroep. Toe Dawid die hofsaal binnestap was ál die amptenare daar en Dawid het sekerlik

gewonder waaroor dit gaan. “Dawid, ek het besluit dat ek jou van nou af aanstel oor al my soldate.”

Natúúrlik was Dawid in die wolke! Wat ‘n wonderlike eer en voorreg! En Mikal se oë het geglinster soos sterre. Haar knieë was lam elke keer as sy hom in die paleis raakgeloop het. En Saul se amptenare? Hulle was baie tevrede met die koning se keuse. Hierdie jong man was ‘n baie aangename en talentvolle mens en met hóm sou hulle baie lekker kon saamwerk!

Drieduisend jaar later kyk ek en jy met verwondering hoe die Here dit bewerk het dat elke stukkie van die legkaart perfek inmekaar kon val. God was besig om die grootste koning van alle tye sorgvuldig te vorm en voor te berei vir sy reuse taak. As skaapwagtertjie het hy alreeds geleer om Goddelike musiek te maak en op God te vertrou. Nou was hy besig om te leer van die harde feite van regeer en veg. Hierdie toekomstige koning moes die sleutelsteen wees vir die gróót gebeurtenis wat 1000 jaar

later sou plaasvind - die dag van die groot versoening. My hart bons van opgewondenheid as ek hierdie dinge volg en sien hoe wonderlik God beplan. Absoluut niks word oorgesien nie.

Gebed:

Here, dankie dat U vir my deur Dawid se lewe wys hoe groot en wys U is!

11

# Dawid moet Koes!

1 Samuel 18:6-11

**VIDEO | OUDIO**

Utopia vir Dawid – dis die idee wat ons kry! Alles is egter nie pluis in die "paradys" nie….. Die moeilikheid begin by die vrouens van Israel. Hulle het 'n nuwe held ontdek en almal wou net sing van hierdie wonderlike man. Ja, ons het ook so 'n paar helde wat al die meisies - selfs die ouer vroue - se harte tjoklits laat pomp. Kyk maar net watter uitwerking dit het as Faf in sy speedo verskyn! En die rankende lang Eben?

Dawid was egter iemand baie besonders. Nie alleen was hy 'n aantreklike jongman nie, maar boonop sommer 'n groot held op die slagveld! Dit was veral Goliat se bloedige nederlaag wat Dawid se naam op elke vrou se lippe geplaas het. As dit nou maar net daarby gebly het, dan was dit niks, maar toe gaan loop sing hulle daarvan, van Dawid wat sy "tienduisende" verslaan het. Die probleem

is egter dat hulle toe Saul se naam ook daarby ingesleep het. “Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid tienduisende!”

Dis toe net dáár waar die moeilikheid begin het, want hierdie lied het Saul se ore bereik en daarmee was hy gladnie gelukkig nie. Om die waarheid te sê, die vrouens het so ver gegaan om ‘n optog te hou voor koning Saul uit, waar hulle gedans en gesing het en op tamboeryne gespeel het terwyl hulle hierdie lied gesing het!

“Die vermetelheid!” het Saul gedink. “Hulle is besig om my te verkleineer! Ék is immers die koning! Ék is die een wat die held is in die stryd! Hoe durf hulle!” Hy was bitterlik omgekrap. “Eendag gaan my koningskap natuurlik óók nog syne word!” As Saul maar geweet het hoe in die kol hy was met hierdie opmerking, dan het hy sekerlik nét daar en dan van Dawid ontslae geraak!

Hierdie ding het bly vreet aan Saul. “En om te dink dat ek daardie niksnuts van ‘n Dawid in my huis ingeneem het! Ek het hom deel gemaak van die paleis! Hoe kan hy nou my

eer wil kom staan en roof? Dis laag en gemeen en vermetel!” Saul se gemoed het al donkerder en donkerder begin raak, totdat die ou probleem van sy verskriklike aanvalle uiteindelik weer begin kop uitsteek het. Dawid moes uiteindelik maar net weer kalmeer met sy lier en sy hemelse musiek om die koning se swart gemoed te laat bedaar.

“Kom Dawid, die bose gees het die koning alweer oorgeneem,” word Dawid een oggend ontbied, “hy is besig om soos ‘n waansinnige tekere te gaan. Ons kry hom net nie gekalmeer nie - kom gou!” Hieraan was hy nou al gewoond en dit was maar net deel van die verloop van die dag. Maar hierdie slag was daar iets anders in die lug. Dawid het sommer dadelik gesien dat Saul ‘n snaakse kyk in sy oë gehad het toe hy die troonsaal binnestap. Hy het hom egter nie te veel daaraan gesteur nie want Saul sou weldra kalmeer. Toe begin hy speel en die mooiste rustige musiek het die vertrek gevul. Dit wou lyk asof Saul ‘n bietjie rustiger begin raak maar hy het Dawid bly aangluur met oë wat

haat gespoeg het. “Ek wonder darem wat nou oor die koning se lewe geloop het?” het Dawid in sy stilligheid gewonder, en voortgespeel. Hy sing van die Here wat ‘n herder is en van die grootheid van God en die wonder van die skepping. Hy sing van die glansryke hemelruim en al die sterre wat die Here daar geplaas het met Sy eie hande, van die onmeetbare grootheid en wonder van die uitspansel.

Dan merk Dawid uit die hoek van sy oog hoe Saul se hand spierwit geklem was om sy spies se steel. Hy het eintlik gebewe van spanning. “Wat gaan aan met Saul vandag?” wou hy nog wonder, maar die volgende oomblik sien hy net hoedat Saul blitsvinnig die spies lig. Instinktief koes hy as die spies na hom aangewoer-woer kom. Dit mis sy oor rakelings en dring die muur agter hom binne, waar dit trillend bly vassteek. Saul uiter terselfdertyd ‘n oorverdowende kreet van woede!

Verlam het Dawid daar gesit, sy bene het gevoel soos jellie. Hy kon nie verstaan wat in

Saul ingevaar het nie! Saul het gehyg na sy asem. Hy het totaal verward gelyk. “Iets baie groot is fout met Saul!” het Dawid besluit. Om die situasie te beredder, begin hy weer speel en weldra het dit begin lyk asof Saul begin kalmeer. Elke keer as hy wou ophou, het Saul bulderend geblaf: “Speel!” En Dawid hét gespeel! Maar hy het Saul die hele tyd fyn dopgehou. Hy kon beslis nie ‘n kans waag met die koning nie!

Dan was dit weer sulke tyd: Dawid het gesien hoe Saul se hand bewend om sy spies se steel klem sodat sy kneukels spierwit word. Hy het gewag daarvoor. Toe Saul weer gillend die spies slinger, was Dawid alreeds op ‘n ander plek, weg uit die pad van die dodelike wapen. Hy het sy lier gevat en gemaak dat hy wegkom want hier kon ‘n man dalk net seerkry!

‘n Maklike pad was dit beslis nie vir Dawid, om te kom by die punt waar die Here hom wou hê nie. Eweneens is dit vir ons as gelowiges dikwels ook ‘n opdraende stryd. Maar dit is alles deur en deur die moeite

werd. Dus: byt vas en druk deur - moenie moed verloor nie. En onthou: Jesus is slegs ‘n gebed ver en die Heilige Gees is in jou om jou die krag en wysheid te gee!

Gebed:

Here, dankie dat ek kan weet dat my swaarkry maar net deel is van ‘n wonderlike opleiding wat U my gee!

12

# Dawid Word ‘n Bedreiging vir Saul

1 Samuel 18:17-30

**VIDEO** | **OUDIO**

‘n Paar dae na Dawid se noue ontkoming met Saul se spies, word hy weer ontbied na Saul se troonsaal: “Die koning wil met jou praat!”

Saul het bang geword vir Dawid - hierdie jongman was ‘n bedreiging vir hom en sy koningskap en hy het gans te veel aansien onder die volk gehad. “Ek moet net eenvoudig van hom ontslae raak!” het Saul gedink. Dit sou egter gladnie so eenvoudig wees nie, want laat hy vir Dawid teregstel of vermoor, dan sou die hele volk hom daarvoor veroordeel! Hy moes ‘n ander, baie meer subtiele plan maak om van die kêreltjie ontslae te raak. En dan het hy nog boonop met die probleem gesit dat hy belowe het dat Dawid met sy dogter kon trou! Dit was

sowaar ‘n simpele belofte wat hy gemaak het toe Goliat daar staan en skreeu het! Maar hy was raadop! Hy móés iets doen om iemand om te koop om teen Goliat te gaan veg! Dawid was die een wat nou met sy dogter moes trou en Saul het gladnie geweet hoe hy uit hierdie tameletjie sou kom nie! Nee, daar was net een uitweg: Dawid moes sneuwel. Sneuwel! Dis die antwoord! As Dawid bevelvoerder sou word van ‘n leërafdeling, sou die kanse dat hy in die een of ander geveg sou sneuwel sommer gewaarborg wees!

“Dawid my seun, ek wil jou vandag ‘n nuwe aanstelling gee. Jy doen só goed elke keer as jy gaan veg dat ek besluit het om jou bevelvoerder te maak van jou eie leërafdeling. Ek weet sommer jy gaan baie veldslae vir ons volk wen!”

Dawid het baie trots gevoel dat hy só ‘n groot aanstelling kon kry, maar dit sou beteken dat hy dan maar bitter selde by die huis sou wees. Dit sou boonop beteken dat hy natuurlik nie vir Mikal te siene sou kry nie.

Maar dit was seker maar die kruis wat ‘n beroepsoldaat moes dra!

Dawid was ‘n gebore soldaat. Elke veldslag wat hy beplan het, het hy en sy manne met vlieënde vaandels geslaag. Dit het beslis nie ongemerk verby die volk gegaan nie en veral nie by die vroue nie. Dawid se oorwinnings was al meer en meer besing, en Saul het sit en wag vir die dag wat hy die “treurige” nuus sou kry dat die dapper soldaat, Dawid gesneuwel het. Intussen het Saul se amptenare al meer druk op Saul begin toepas dat hy sy belofte moes nakom - die een dat Dawid met sy dogter sou trou. “Ja, goed!” het hy gebrom. “Wanneer Dawid weer by die huis is sal ek reëlings tref!”

En uiteindelik kom Saul sy belofte na. Toe Dawid by die huis kom na nóg ‘n suksesvolle veldslag, word hy ingeroep. “Dawid, dit het tyd geword dat ek my belofte nakom. Ons kan begin om reëlings te tref vir jou huwelik met my dogter.”

“Mikal! Mikal!” het dit in Dawid gejuig. “Uiteindelik gaan die pragtige Mikal myne wees!”

“Hier is my oudste dogter, Merab. Ek gee haar aan jou as vrou. Maar Dawid, jy moet vir my ‘n dapper man wees en die oorloë van die Here voer!”

“Merab?” het dit deur Dawid se verwarde gemoed geruis, toe Saul se oudste dogter ingebring word. “Dis nie vir Merab wat ek lief is nie - dit is Mikal! Dit is ‘n wrede fout!” Dawid was verslae! Hoe kon die lewe dan so wreed wees? Hoe kon Saul so wreed wees met hom? “Here, dit kan tog nie?” het hy raadop gebid. Maar die Here het ‘n ander plan met Dawid gehad.

Dawid het nie veel kans gehad om te tob oor die onreg nie want die werk het gewag en daar was al klaar weer ‘n vyand wat die land bedreig het. Uiteindelik het Dawid vrede gemaak met die situasie en wanneer hy en sy manne saans om die kampvuurtjie gesit het, het sy gedagtes gedwaal na die nuwe bruid wat vir hom gewag het. “Kyk, sy is

eintlik ‘n baie mooi en aangename meisie,” het hy gedink, “ek kan nogal my lewe met haar deel!”

Toe Dawid en sy manne weer terugkeer huistoe ná die veldslag, het hy sommer gesien dat iets verkeerd was. Almal het hom snaaks aangekyk en hulle koppe meëwarig geskud. “Wat is fout?” wou Dawid weet. Uiteindelik het iemand die moed bymekaargeskraap om met hom te praat: “Weet meneer dan nie van Merab nie?” het die persoon gevra. Dan moes Dawid aanhoor dat Koning Saul sy bruid weggegee het aan iemand anders: Adriël die Megolatiet.

Dawid was verslae! Hoe kon Saul so wreed wees? Stadigaan het Dawid begin besef dat Koning Saul iets teen hom gehad het! Sulke dinge gebeur nie sommer verniet nie! Wou die koning hom dalk dood hê? Hy het begin wonder oor alles wat die afgelope ruk gebeur het en iewers het hy ‘n rot geruik!

Ons wil saam met Dawid skree: “Koning Saul is ‘n tweegesig skurk!” Maar as ons mooi na die verhaal kyk, dan sien ons hoedat die

Here eintlik baie subtiel Saul se slegte eienskappe gebruik om die pad vir Dawid voor te berei. Dit gebeur dikwels ook met ons vandag en dan wil ons aanvanklik bitterlik kla. Ons moet egter ons oë oopmaak en die hand van God sien agter baie van die “onreg” of die “ongeluk” wat ons dikwels tref. Dan moet ons weet dat dit deel is van Sy wonderlike Goddelike raadsplan!

Gebed:

Here, leer my om te berus by die dinge wat my dikwels tref!

13

# Mikal word Dawid se Vrou

1 Samuel 18:17-30

**VIDEO | OUDIO**

Saul begin besef dat hy 'n fout gemaak het om vir Merab weg te gee aan daardie Megolatiet. Hiermee het hy sy kanse verbrou om vir Dawid om te koop om te gaan oorlog maak. Maar Saul ontdek dan sy troefkaart - Mikal sy jonger dogter! Sy het so terloops laat val dat sy beenaf is op Dawid. Saul kom hiervan te hore, en sy eerste reaksie is een van woede, want hoe kan sy eie dogter dan op sy grootste vyand gaan staan en verlief raak?! Wanneer Saul die manne uitvra hieroor, vertel hulle hom dat Dawid sélf ook maar met sulke verliefde ogies na Mikal kyk. Skielik val alles vir Saul in plek. “Nou sal ek my strategie baie mooi moet beplan!” En só begin Saul slinkse plannetjies maak!

Saul se verwarde verstand werk oortyd - al wat hy wil hê is dat Dawid moet sneuwel. Maar die mannetjie is so glad soos 'n paling,

hy wen net eenvoudig elke veldslag! “Nee, daar moet 'n ander manier wees.....” Saul is bereid om sy eie mooi dogter se geluk op die spel te plaas om van Dawid ontslae te raak. Die een vyand waarmee Dawid nog nie te doene gekry het sedert Goliat nie, is die Filistyne. Hulle is 'n gedugte klomp en Saul is baie seker dat Dawid tweedebeste daarvan gaan afkom as hy in hulle slaai moet gaan krap. “Ek sal vir Mikal as lokaas gebruik om Dawid in die strik te laat trap. Jy speel nie met die Filistyne nie!”

Saul is skelm, haatdraend en slinks, en hy is beslis ook nie dom nie! Hy weet sommer dat Dawid nie weer gaan val vir sy aanbod nie, dus sê hy sy amptenare aan om Dawid te gaan sagmaak. Hulle moet hom in die oor gaan fluister van hoe baie die koning in werklikheid van Dawid hou en hoe vreeslik jammer hy is oor sy verskriklike flater, en dat hy steeds vir Dawid wil hê as sy skoonseun. Dawid vertrou egter gladnie die vrede nie. Met geveinste beskeidenheid laat val hy: “Ek is arm en 'n nikswerd - ek kan tog nie die koning se skoonseun word nie?”

Wanneer Saul dit hoor, sien hy hoe sy plannetjie sink. Hy besluit om aas uit te gooi wat Dawid nie durf ignoreer nie! “Luister mooi,” sê hy vir sy amptenare, “sorg dat dit baie subtiel by Dawid uitkom dat ek wil wraak neem op die Filistyne. Fluister dit in sy oor dat julle toevallig gehoor het dat ek sê dat ek bereid is om Mikal vir hom as vrou te gee as hy maar net vir my 100 Filistyne doodmaak. Ek wil natuurlik die bewys sien - hy moet hulle voorhuide afsny en dit vir my bring.” As hy aan hierdie een byt, sal hy sékerlik nie oorleef nie - die Filistyne sal hom beslis afslag! Saul lag in sy baard vir sy slim set.....

Die amptenare maak soos die koning beveel en daar word in Dawid se oor gefluister “wat ons so heel toevallig gehoor het.....” Dawid luister aandagtig. “Maar jy sal jou seker nie aan só 'n ding steur nie?” gooi een kêrel die aas nog aanlokliker.

“Inderdáád gaan ek my daaraan steur, as die koning miskien dink dat ek 'n bangbroek is, dan maak hy 'n groot fout!” Hy roep dadelik sy manskappe bymekaar: “Kom manne, ons

het nie tyd om te verspeel nie, daar wag vir ons 'n oes van voorhuide!” En daarmee vertrek hulle.

Die Filistyne word onverhoeds betrap, en Dawid en sy manne tree weereens as oorwinnaars uit die stryd. Nie 100 nie, maar 200 Filistyne byt in die stof, en Dawid keer terug na Saul met sy grusame oes van 200 Filistynse voorhuide. Saul se mond hang onbeskaamd oop van verbasing as hy Dawid daar glimlaggend sien staan. “Dan het hy dit sowaar oorleef!” dink hy grimmig. “Maar sy dag sal kom, daarvoor sal ek toesien!”

Dawid is in die wolke want Saul is verplig om hom sy bruid te gee, die mooiste in die ganse Israel! En Mikal val oor haar eie voete van pure verliefdheid.

En Saul? Die donker wolk oor sy gemoed het nou pikswart geword! Aan die een kant was hy bitter bang vir Dawid, want hy kon duidelik sien dat die Here by Dawid was in alles wat hy gedoen het. Aan die ander kant wou haat, nyd en afguns teenoor Dawid hom opvreet.

Dawid het nou sy vyand nommer een geword!

Vir die Filistyne was hierdie natuurlik óók 'n bitter pil om te sluk! Hulle was woedend want dit was ‘n vernederende nederlaag wat Dawid hulle toegedien het. Keer op keer het hulle teen die Israeliete opgetrek om weerwraak te neem, maar elke keer was dit maar net weer daardie jong soldaat, Dawid wat in hulle pad gestaan en hulle net maar net nóg 'n keer verneder het. Dawid het baie groot aansien gekry onder al die soldate én onder die hele volk - net nie by Saul nie!

Ons wil die Ou Testament dikwels sien as wreed en bloeddorstig. Dis egter soos almal daardie tyd geleef het. As jy nie daarby kon aanpas nie, sou jy beslis nie kon oorleef nie. Kom ons kyk eerder verby die geweld en sien die Here se wonderlike sorg en liefde raak! Ons sien ook hoedat Hy ten spyte van al die gruwelike dinge, steeds in beheer was en steeds Sy wonderlike raadsplan laat uitwerk het tot heil van diegene wat in Hom geglo het. Hy is vandag steeds presies

dieselfde, en ons kan steeds, ten spyte van die wêreld se geweld, sonde, korrupsie, oorloë en Goddeloosheid, Sy liefde, sorg en genade sien in die lewens van húlle wat glo!

Gebed:

Here, hou my asseblief staande wanneer ek al die geweld en Goddeloosheid om my aanskou!

14

# Dawid se Lewe Bedreig

1 Samuel 19:1-17

**VIDEO | OUDIO**

Saul se slinkse plan het nie gewerk nie en Dawid was steeds springlewendig nadat hy met tweehonderd Filistyne afgereken het. Boonop was Saul verplig om sy dogter Mikal vir Dawid as vrou te gee. Saul het gekook van woede en hy het allerhande planne bedink om Dawid uit die weg te ruim. Sy obsessie het só erg geraak dat hy dit nie eers meer vir homself kon hou nie. Hy het openlik daaroor gepraat met sy amptenare en selfs sy seun, Jonatan. Skielik moes Jonatan hoor hoe sy pa beplan om sy beste vriend dood te maak. Erger nog - hy moes help beplan aan hierdie moord!

Hiermee kon Jonatan nie saamgaan nie, hoe lojaal hy ookal aan sy pa was! Hoe kon hy sy goeie vriend laat vermoor? Om waarlik liefde uit te leef, is soms bitter moeilik. Hoe moet jy kies tussen liefde vir jou ouers en teenoor jou

beste vriend? Dan pleeg Jonatan in ‘n sekere sin verraad as hy na Dawid toe gaan en hom vertel van sy pa se duistere planne. “Wees baie versigtig!” het Jonatan gewaarsku. Maar dan gaan hy ‘n stap verder en waag sy eie lewe om by sy pa te pleit om daardie moordgedagtes opsy te skuif. Hy vertel vir Saul dat Dawid hom niks aangedoen het nie. Om die waarheid te sê het Dawid vir hom slegs voorspoed gebring! Hý was immers die een wat die Filistyn verslaan het toe die hele volk in groot nood was. Dawid het sy lewe gewaag vir Saul en vir Israel!

Wat alles daardie dag gesê was, kan ons maar net raai. Jonatan het sy pa vierkant in die oë gekyk en vir hom gesê dat wat hy beplan het, ‘n baie groot sonde was en dat Dawid beslis onskuldig was!

Saul se hart het sag geword. Hy het geluister na sy seun se pleidooi en ‘n eed gesweer by die Lewende God dat hy nie vir Dawid sou doodmaak nie. Maar hoe ernstig was Saul werklik? Het hy waarlik bedoel wat hy daar gesê het? Hy het God ingeroep as getuie,

maar was dit die papier werd waarop dit geskryf was? ‘n Kort rukkie later het Saul net mooi weer alles vergeet van sy belofte! Maar nou loop ek die verhaal vooruit!

Jonatan was in ekstase dat hy sy pa kon oorreed om Dawid te aanvaar. Hy het na sy vriend gehardloop om hom die goeie nuus mee te deel. En so keer alles weer terug na normaal soos dit voorheen was toe Dawid nog vir Saul op sy lier gespeel het en veilig gevoel het in die paleis. Dawid kon weer sy ou passie van hemelse musiek maak, na hartelus uitleef.

Maar die onvoorspelbaarheid van Saul het hom weer ingehaal. Terwyl Dawid besig was om op sy lier te speel en die vertrek met rustige musiek te vul, het Saul se ou streek opgevlam. Sy hand het krampagtig om die steel van sy spies geklem terwy hy vir Dawid aangluur. So byna-byna te laat het Dawid die gevaar gesien. Woedend het Saul die spies in sy rigting geslinger. Nét betyds het Dawid gekoes en gesien hoedat die spies trillend in die muur agter hom wegsink.

Dawid het homself uit die voete gemaak so vinnig as wat hy kon. In sy huis wat in die stadsmuur ingebou was, was hy darem veilig saam met sy liefling, Mikal. Buite het die dood gedreig, want Saul se soldate het saggies tot buite die huis gesluip en hom omsingel. Daar sou hy nie lewendig uitkom nie!

Mikal was doodsbenoud! Sy het haar pa se buie maar al te goed geken, en sy het geweet dat as daar nie vinnig ‘n plan gemaak sou word nie, was die liefde van haar lewe die volgende dag ‘n lyk! Dan doen Mikal presies wat Dawid se oumagrootjie, die prostituut Ragab jare tevore gedoen het toe sy die verspieders se lewens gered het: sy laat in die donkerte van die nag vir Dawid deur ‘n venster teen die stadsmuur afsak tot daar onder waar hy veilig kon wegkom. Sy het probeer speel vir tyd en ‘n afgodsbeeld in Dawid se bed laat lê met ‘n bokhaarnet oor om die klipgesig te verbloem.

Vroeg die volgende oggend hamer die soldate aan die deur - hulle wou vir Dawid

hê, want die koning wou hom sien. “Hy is siek in die bed,” het Mikal vir hulle gelieg. Hoe kon hulle teen die koning se dogter protesteer? Baie tyd was gemors deur eers weer aan die koning te gaan rapporteer - kosbare tyd wat Dawid die kans gegee het om ver weg te vlug. Saul was woedend toe hy verneem dat sy eie dogter hom bedrieg het, en weereens moes sy lieg om haar eie bas te red!

Jaloesie is die groen monster - ook die een wat Saul se lewe oorgeneem het. Jaloesie gaan oor in haat en dit verwoes lewens. Ek sien dikwels hoe dit mense in wilde diere verander. Daarteenoor is dit liefde wat lewens red en verryk. In die praktyk kan ek en jy vandag óók menselewens red nes Jonatan en Mikal deur bloot ons liefde onvoorwaardelik uit te leef. Betoon vriendelikheid en liefde aan iemand in nood of selfs iemand wat haat in hom saamdra, en sien hoe dit daardie lewens kan verander. Deur haat met liefde te beantwoord het al menige grimmige mens totaal verander en tot nuwe insigte gebring. Daar is egter ‘n

voorwaarde: Die Heilige Gees moet kans gegee word om die verandering te doen. Sonder Hom is alles ‘n gejaag na wind!

Gebed:

Here, ek wil liefde uitleef en U instrument wees om U wonderbare liefde aan ander uit te dra!

15

# Dawid en Jonatan

1 Samuel 20:1-43

**VIDEO** | **OUDIO**

Dawid vlug die nag in, weg van die wraak van Saul. Waarheen sal hy gaan? Waar kan hy veilig wees? Waar hy ookal heengaan, daar sal Saul se soldate hom vind. Al wat Dawid weet, is dat hy moet wegkom van hierdie koning wie se verstand hom totaal gelos het. Maar daar is tóg één persoon waarvan Dawid weet wat hom beslis goedgesind is, die ou man van God, Samuel. Dawid besluit dus om na die profetekwartiere in Rama te vlug waar hy vir Samuel sal kry.

Selfs hier in die plek van veiligheid was daar egter óók iemand wat vir Dawid verraai het, en só stuur Saul sy manne om vir Dawid te gaan haal. Saul was woedend: hoe kón sy soldate toelaat dat Dawid hulle so maklik ontglip?

Maar dan sien ons ‘n tikkie Goddelike humor, met permissie gesê, want toe hierdie geharde soldate by Rama aankom, begin hulle te profeteer! Hulle tree op asof hulle sélf profete is!

Nou was Saul éérs woedend oor die hulpelose manier wat hulle die situasie hanteer het! Hy stuur ‘n tweede groep soldate, maar presies dieselfde gebeur met hulle! Ook ‘n derde groep soldate kom bitter bedroë daarvan af en hulle maak totale gekke van hulleself. Toe kook Saul oor van woede - wat was dan fout met die manne? Kon hulle nie eers ‘n eenvoudige opdrag uitvoer nie? Moes hy dan sélf gaan om Dawid te loop haal? En dis presies wat Saul toe doen, want as die soldate te vrotsig was om die simpele ou takie af te handel, dan sou hy dit persoonlik doen!

Maar Saul het hom totaal misreken met God. Saul het by Rama aangekom en verneem dat Dawid in die profetekwartiere was. Maar toe begin Saul baie snaaks optree. Terwyl hy nog besig was om daarheen te stap, het hy begin

optree soos ‘n profeet. Hy het begin ekstaties raak en hy het nie beheer gehad oor sy eie liggaam en wat hy doen nie. Tot almal se skok en verbasing moet die mense toekyk hoedat die magtige koning so in die loop sy klere begin uittrek totdat hy naderhand sonder ‘n draad klere voor die profeet Samuel gaan staan het. Skielik het Saul poedelnakend op die grond gaan lê! Vir ‘n volle dag en nag het hy daar gelê vir die hele wêreld om te sien en spottend na hom te verwys as “Saul onder die Profete!”

Wanneer ‘n mens die dag dink dat jy God nie meer nodig het nie, kan Hy jou afbring aarde toe sodat jy sal besef dat ons sonder Hom absoluut niks is nie. As gelowiges moet ons besef dat ons totaal afhanklik is van Hom vir alles. Inderdaad wil die ongelowige dit nie weet nie en dan kan die paadjie wat Saul geloop het dalk sy voorland wees.

Ons moet natuurlik ook besef dat Saul daar in Rama totaal hulpeloos was en dat hy in Dawid se mag was. Dawid was reeds gesalf as koning, en daar kon hy só maklik die

koningskap ingepalm het. Maar hy het nie, want hy het God vertrou om die koningskap vir hom te gee op die regte tyd en plek wanneer dit in God se raadsplan inpas. Later was Saul selfs nog meer aan Dawid se lot oorgelaat, maar selfs toé het Dawid teruggestaan.

Dawid was verward: “Wat het ek aan Saul gedoen dat hy my wil doodmaak?” het hy later vir sy vriend Jonatan gevra. “Wat was my verskriklike oortreding?”

Jonatan het sy vriend probeer gerusstel. Hy sou wél betyds weet as Saul iets sou beplan. Maar Dawid was baie versigtig: “Daar is maar een tree tussen my en die dood.” Dawid se een groot kommer was dat die Nuwemaan-fees op pad was, en sou dan as Saul se skoonseun verplig wees om saam met Saul te gaan eet. Die vraag is of dit nie net weer in nóg ‘n lokval sou ontaard om van hom ontslae te raak nie?

Jonatan het Dawid belowe dat hy sy verspieder sou wees en sou uitvind wat Saul se planne was. Saul het egter Jonatan se

spioenasiestories raakgesien en agtergekom dat Jonatan besig was om Dawid te beskerm. Toe bars hy uit in ‘n woedebui: “Jou eiewys klein misbaksel! Jy het die seun van Isai verkies, tot jou eie skande en tot skande van jou ma!”

Die volgende oggend het Jonatan en Dawid onder groot geheimhouding ontmoet. Dawid kry die slegte nuus dat sy kop op die spel was en dat hy moes vlug. Dit was ‘n baie emosionele afskeid want Jonatan het nie geweet of hy óóit weer sy goeie vriend Dawid sou sien nie. Baie trane was gestort en van toe af sou Dawid ‘n vlugteling wees totdat die tyd sou aanbreek wat God vir hom beplan het. Hoe lank sou dit duur? Dawid het nie geweet nie – dit kon dalk baie jare duur. Dis nie altyd maklik om God se uitverkorene te wees nie!

Inderdaad het baie gelowiges wat gekies het om te doen wat God van hulle vra, uitgevind dat dit soms ‘n bitter moeilike pad kan wees - ‘n pad waar jy elke oomblik jou afhanklikheid van God moet besef. Vir elkeen wat hierdie

dagstukkie lees en vandag op daardie pad is, gee die Bybel die troos dat baie ander voor jou dit rééds gestap het en uiteindelik getriomfeer het, soos Dawid. Maar die grootste triomf van almal wag eendag, die dag wanneer Jesus kom op die wolke!

Gebed:

Here, wanneer dit soms baie moeilik gaan, kan ek opkyk na U en rustig wees, want ek weet dat dit deel is van U groot raadsplan en dat triomf óók vir my wag!

16

# Voortvlugtend

1 Samuel 21:1-15

**VIDEO | OUDIO**

Dawid was nou ‘n voortvlugtende en hy moes alles in sy vermoë doen om maar net te kon oorleef. Hy was egter in so ‘n groot haas van sy huis af weg, dat daar nie geleentheid was om enigiets saam te vat nie. Toe Mikal hom by die venster uitstoot, het Dawid slegs die klere aan sy lyf gehad, nie eers padkos nie!

Selfs by Rama was hy nie veilig nie, en Dawid besluit dat die enigste veilige plek weereens by die mense sou wees wat God liefhet. In Nob, ‘n klein nedersetting naby Jerusalem, het Dawid iemand geken wat hy kon vertrou - ‘n priester met die naam Agimelek. Daar het hy in die grootste geheimhouding aangeklop vir hulp. Dawid was in die moeilikheid! Hy het nie kos of enige wapens by hom gehad nie. Sonder hierdie basiese dinge sou hy nooit kon oorleef nie. Hy besluit dat deur bloot die

waarheid te vertel, hierdie priester bang sou wees om hom te help, dus vertel hy ‘n string leuens, oor ‘n geheime sending waarop die koning hom sou gestuur het en sy soldate wat iewers daar buite weggekruip het.

Agimelek het nie kos gehad vir Dawid en sy denkbeeldige manne nie, buiten die offerbrood. Hierdie was brode wat in die tempel gehou was as simbool van God se sorg vir Sy volk. Elke week, op die Sabbat, was die brode vervang en dan kon die priesters hierdie brood eet. Niemand wat kulties onrein was kon hierdie brood eet nie. Daarom was Agimelek baie skepties om daarvan vir Dawid te gee, want sy soldate kon sekerlik tog nie rein wees nie. Dawid het hom egter verseker dat sy soldate almal rein was, en toe gee die priester toe.

Ons lees in Matteus 12:1-8 hoe Jesus na hierdie gebeurtenis verwys, en dan sê Jesus dat reëls gewoonlik daar is in die mens se belang. Vir God is mense se welsyn altyd belangriker as reëls. Ons kan nie toelaat dat sulke soort reëls tot ons ondergang lei nie,

en dan mag hulle maar verbreek word. ‘n Mens moet egter versigtig wees dat jy kan onderskei tussen reëls wat verbreek kan word en reëls wat ten alle koste gehoorsaam móét word. In jou geloofslewe kan jy jou dus nie deur reëls alleen laat lei nie, maar die belangrike is dat jy ‘n lewende verhouding met God moet hê. Om ‘n reël te verbreek moet dikwels gepaard gaan met ‘n ernstige gebedsworsteling, sodat jy God se wil hierin kan raaksien.

Maar Dawid het ook wapens nodig gehad. Die priester het natuurlik géén wapens gehad nie want wat moes hy daarmee maak? Maar dan vertel hy met groot trots vir Dawid van Goliat se swaard wat hy met groot sorg hier bewaar het. Dit was ‘n groot, lomp wapen, maar Dawid was in sy noppies daarmee: “Daar is nie nog so een nie. Gee dit vir my,” het hy vir die priester gesê.

Ongelukkig het hierdie dinge nie ongesiens verby gegaan nie. Een van Saul se slawe, Doëg het gesien wat gebeur het. Hy het toevallig daardie nag in die heiligdom

deurgebring. Later sou dit sorg vir ‘n groot tragedie.

Dawid was deeglik bewus daarvan dat sy lewe in Israel niks werd was nie. Hy was desperaat, en toe neem hy ‘n baie drastiese besluit: en vlug na Israel se grootste vyand, die Filistyne toe! Hy soek skuiling in die stad Gad, maar daar word hy baie gou herken as Israel se groot vegter, die man waarvan die vroue gesing het: “Dawid het sy tienduisende verslaan!” Dit was só erg dat die manne na hom verwys het as “die koning van die land.” Nou was Dawid kniediep in die moeilikheid! Wat sou hy maak om uit hierdie gemors te kom? Hulle sou hom verséker doodmaak! Van die een krisis na die volgende - dit was Dawid se lewe en hy moes baie gou aan ‘n plan dink.

Ons moet onthou dat Dawid ‘n kunstenaar was. Hy het musiek gemaak en die mooiste liedere en gedigte geskryf. Dan kon hy sekerlik ook toneel speel? Inderdaad was dit presies wat Dawid gedoen het en hy doen hom voor as iemand wat totaal waansinnig

was. So goed was sy toneelspel dat die spoeg eintlik in sy baard afgeloop het en hy met sy naels teen die poorte van die stad gekrap het! Die mense het in afgryse na hierdie mal man gestaar! Niemand het naby hom durf kom nie want almal was bang vir hom! Daar móés net eenvoudig bose geeste of bonatuurlike magte wees wat hierdie man se lewe beheer het!

Toe Akis, die koning hiervan te hore kom, was hy gewalg! Hoe kon hulle toelaat dat so ‘n waansinnige in sy stad inkom? Dawid se set het gewerk en in plaas daarvan dat hy gevange geneem word, word hy uit die stad uitgesmyt. Op hierdie wyse red die Here vir Dawid van ‘n gewisse dood!

Dit was ‘n noue ontkoming. Dankbaar dat hy nog lewendig uit hierdie sopkom gekom het, het Dawid voortgevlug. Hy sou nou baie mooi moes beplan om te kon oorleef. Waarheen kon hy gaan? Waar sou hy veilig wees? En sy familie - wat van hulle? Hulle lewens was sékerlik ook in gevaar! Maar die Here het vir Dawid en sy familie ‘n uitkoms op ‘n baie

onverwagse manier - daaroor lees ons DV Maandag.

Gebed:

Here, help my asseblief om te kan onderskei wat belangrik is. Ek wil só graag U wil in álle opsigte doen!

17

# Gure Vriende!

1 Samuel 22:1-23

**VIDEO | OUDIO**

Vir Dawid was die Filistynse stad, Gad ‘n noue ontkoming. Hy het nie lank tevore nie 200 Filistyne doodgemaak en dit moes sékerlik nog vars in hulle geheues gewees het. Dawid moes dus weer inderhaas vlug om daar weg te kom. Maar waarheen? Hy vlug na die Adullamgrot toe, sowat 16km suid-wes van Betlehem, op die grens tussen Juda en die Filistynse gebied. Hier was Dawid veilig en hy laat sy familie ook kom sodat hulle Saul se vervolging kon vryspring. Die woord het baie gou versprei oor waar Dawid weggekruip het, en baie gou begin daar ‘n streep mense na Dawid uitwyk. Dit was sekerlik maar ‘n rowwe klomp, want ons lees dat dit almal was wat op die een of ander manier in die moeilikheid was - mense wat moes vlug voor hulle skuldeisers of wat verbitterd was oor iets. In Dawid het hulle ‘n

leier gesien wat hulle ’n veilige hawe kon bied in hulle beproewing. Aanvanklik het daar omtrent 400 manne opgedaag, maar weldra groei die groep tot 600 manne en al hulle aanhangsels.

Dawid was egter besorg oor sy ouers by hom in die grotte want hulle kon nie onbepaald daar bly nie. Toe gaan lê Dawid ‘n besoek af by die koning van Moab. Dis immers waar sy eie Oumagrootjie, Rut vandaan gekom het - miskien sou die koning hom goedgesind wees? En inderdaad het dit gewerk, en Dawid se ouers kon by die koning bly so lank as wat hy in die bergvesting geskuil het!

Op ‘n dag kom die profeet Gad na Dawid toe: “Dawid, jy kan nie langer hier in die grot wegkruip nie.” Dawid moes uitkom in die ope en na Juda gaan. Tussen sy eie mense moes hy hom gaan vestig sodat hy hulle vertroue kon wen vir die dag wanneer hy koning sou word. Hierdie profeet sou later ‘n baie groot rol in Dawid se lewe speel.

Dawid moes op die harde manier leer dat ‘n mens nie hoë doelwitte kan bereik deur jou te

onttrek uit die samelewing nie. Vandag is dit steeds so en God wil ons gebruik júís binne die samelewing. Dis dáár, tussen mense waar ons eers werklik ons Christenskap kan uitleef.

Intussen was ‘n tragedie besig om te ontvou by Saul. In Gibea het Saul in die skadu van ‘n Tamarisk gesit, spies in sy hand. Hy was op soek na Dawid om hom dood te maak. Die swart wolk oor Saul se gemoed het weereens die oorhand oor hom gekry en hy het begin om sy amptenare en die lede van sy stam, Benjamin daarvan te beskuldig dat hulle besig was om teen hom saam te sweer. Niemand het hom vertel dat sy eie seun met Dawid ‘n verbond gehad het nie. Niemand het medelye gehad met hom, arme Saul nie. Almal was teen hom! Só het Saul voortgeteem en die manne moes maar net luister hoe hulle afgekraak word.

Skielik tree die slaaf Doëg na vore! Hy was mos by toe Agimelek die brood en Goliat se swaard vir Dawid gegee het. Nou was Saul woedend. Hy laat ontbied Agimelek en sy

hele familie asook al die priesters van Nob. Hulle moes kom rekenskap gee waarom hulle sy grootste vyand gehelp het.

Toe Agimelek voor Saul staan, kon hy nie sy verbasing verberg oor hierdie verskriklike aantygings nie. Ja, natúúrlik het hy vir Dawid gehelp, want Dawid was mos Saul se groot generaal, en boonop sy skoonseun! Wat was dan nou verkeerd daarmee?

Maar Saul wou géén rede verstaan nie! Hy beveel sy amptenare om Agimelek en sy hele gevolg dood te maak! Maar nie een van die amptenare het kans gesien daarvoor nie – hierdie was dan manne van God! Dan word Doëg beveel om die grusame taak te verrig. Daardie dag wis hy vyf en tagtig priesters uit. Ook hulle gesinne word nie gespaar nie, en almal, selfs die babas en diere in die dorpie Nob word verteer deur die bloedige swaard van Saul. Slegs een enkele priester, Abjatar, Agimelek se seun ontsnap en vlug na Dawid. Hy het later ‘n groot invloed in Dawid se regering gehad.

Saul, die man wat eenmaal ‘n man na God se hart was, het nou alles wat heilig was verwerp. Hy het selfs géén ontsag meer gehad vir priesters of profete nie. Dawid, aan die ander kant, was besig om rondom hom al die uitgeworpenes van die samelewing te versamel. Hy het hom ontferm oor almal wat vervolg word en wat swaargekry het. Hy het vir hulle ‘n tuiste en gemoedsrus aangebied. Hy het dan ook al hoe meer steun gekry van die gewone mense, want hulle het baie gou raakgesien dat hy omgee vir hulle. Dawid se steun het uiteindelik uitgebrei na al die vlakke van die samelewing - beswaardes, vlugtelinge, priesters, profete en selfs prinse!

Wie is die mense wat onder jou vriendekring tel? Is dit slegs diegene wat iets in die lewe bereik het? Is dit slegs die invloedrykes of “goeie” mense? Dawid se vriendekring was baie verdag. Maar só was Jesus se vriendekring - daar was prostitute, tollenaars, egbreeksters en allerhande gure karakters. Dit is die soort mense met wie Jesus Hom opgehou het, en só ook Dawid! Is dit nie dalk ook wat Hy vandag van my en jou vra nie?

Moet ons nie ‘n slag gaan herbesin oor wie ons mee meng nie? Gee ek werklik nog om vir diegene wat swaarkry of wat iewers in die lewe gestruikel het?

Gebed:

Here, help my asseblief om my hart oop te maak vir mense wat minder bevoorreg is as ek - dat ek nie sal anderpad kyk wanneer iemand my nader om hulp nie!

18

# Raadpleeg die Here

1 Samuel 23:1-15

**VIDEO | OUDIO**

Dawid het een groot prioriteit in die lewe en dit is om te sorg dat hy uit die moordlustige hande van Saul bly. Intussen het hy in die Bos van Geret in Juda gaan wegkruip. Saam met hom is daar 600 manne met hulle vrouens en kinders wat saam met hom skuil, want iewers is elkeen van hulle in die moeilikheid op die een of ander manier. Saam is hulle veilig onder Dawid se bekwame leiding.

Op ‘n dag kom daar ‘n berig aan by Dawid van ‘n groot krisis in Keïla Die Filistyne is besig om die stad te plunder! Keïla is ongeveer 15 km noordwes van Hebron, slegs ‘n hanetreetjie van waar Dawid wegkruip. Sy eerste instink is om te gaan help, maar Dawid is ‘n vlugteling in sy eie land en oorlog teen die Filistyne is baie beslis nie op sy agenda nie. Keïla se veiligheid bly egter vir

Dawid pla. Hulle kan dan so maklik gaan en die stad bevry. Dan bid Dawid: “Here, wat moet ek doen? Moet ek maar net sit en toekyk hoedat die Filistyne my volksgenote plunder?”

En dan kom die antwoord van die Here helder en duidelik na Dawid: “Dawid, gaan, val die Filistyne aan en bevry Keïla!”

Nou is daar by Dawid géén twyfel oor wat hom te doen staan nie. Hy roep die manne bymekaar: “Ons het ‘n krisis! Keïla is in die moeilikheid en ons moet gaan help!”

Maar die manne is nie gelukkig nie - “Ons is dan juis hier om weg te kom van al die gevaar af. Ons moet nou ‘n slag aan ons eie veiligheid dink! Ons kan mos nou nie in die leeu se bek gaan staan en inloop nie - hierdie Filistyne gaan ons vermorsel!”

Nou verkeer Dawid in ‘n tweestryd: “Here, wat moet ek doen? Die manne wil nie saamwerk nie - moet ek dit laat vaar? Wat moet ek doen Here?”

En weereens kom die antwoord van die Here helder en duidelik: “Dawid, maak gereed, gaan af na Keïla, want Ek gaan die Filistyne in jou hand gee.”

Nou is Dawid dóódseker van sy saak! Hy verduidelik vir sy manne dat die Here aan hulle kant is en dat Hy die geveg aan hulle sou gee. “Ons trek dadelik op!” is sy finale antwoord en die manne gaan haal hulle wapens.

Dawid kyk die klomp wat hier voor hom aantree deur. Dis nie ‘n georganiseerde weermag nie maar ‘n klomp uitgewekenes - mense wat gevlug het vir vervolging. “Moet ek met hierdie klomp die Filistynse oorlogsmasjien aanpak?” gaan dit deur sy gemoed. Maar Dawid het al geleer dat wanneer die Here ‘n opdrag gee, dan neem Hý oor!

Wanneer Dawid met hierdie bont klomp by Keïla opdaag, kyk die Filistyne minagtend na die lamlendige weermag. Dan breek die geveg los en ‘n bloedige veldslag volg. Dawid en sy manne tree as oorwinnaars uit

die stryd en hulle word ’n instrument in die hand van die Here! Boonop keer hulle terug met ‘n groot buit - al die pak- en trekdiere wat die Filistyne gebruik het om die goedere wat hulle geplunder het mee te vervoer, word afgeneem. Vir Dawid-hulle is hierdie diere baie werd. Dit sou ook net ‘n logiese stap wees om hulle hier in Keïla te vestig. Maar nie vir Dawid nie, want wanneer die priester Abjatar hom by Dawid en sy geselskap kom aansluit, verneem Dawid dat Saul op pad is om die stad te beleër. Daar sou hulle soos rotte vasgekeer word!

Weereens word die Here geraadpleeg want Dawid wil niks doen sonder om met die Here daaroor te praat nie. Daar is nou ‘n priester, en Abjatar raadpleeg die Here namens Dawid. “Saul sal die stad verwoes en die inwoners sal jou uitlewer as jy hier aanbly!” is die Here se antwoord. Nou moet hulle vlug. Vir Dawid is die Sifwoestyn met sy wye ruimtes en bergvestings hulle voorland. Hier sal hulle veilig wees teen Saul se obsessie om hom dood te maak.

Raadpleeg ons nog ooit die Here voordat ons dinge doen of besluite neem? Vir Dawid was daar nie ‘n ander weg nie - die Here is die Een wat die beste weet. Sonder Hom doen Dawid niks, en wanneer die Here raad gegee het, het Dawid dit gevolg want die Here is immers soveel groter en wyser as enige mens.

Maar wat van ons vandag? Hoe neem ons besluite? Ons eerste reaksie is om die een of ander kundige raadgewer te gaan sien en dan neem ons besluite op grond van sy kundigheid. Of ons neem besluite gebaseer op ons logika of ons slim redenasies. En só dikwels loop dit uit op ‘n ramp! Nee, dis nie verkeerd om op grond van kundiges se aanbevelings besluite te neem nie. Daar is egter iets baie, baie belangrik wat hiermee moet saamgaan en dit is om te vra na die wil van die Here! Die Here wil júís hê dat ons in volle afhanklikheid van Hom ons besluite sal neem. Soms druis die antwoord wat die Here gee in teen alle logika, maar dan vra Hy dat ons Hom steeds vertrou! Kom ons maak vandag ‘n punt daarvan om die Here te ken

in elke saak, groot en klein en om Sy antwoord onvoorwaardelik te vertrou!

Gebed:

Here, ek wil vandag U leiding volg. Wys my asseblief die regte pad - wys my asseblief duidelik watter besluite ek moet neem!

19

# Dawid Word Gejag

1 Samuel 23:16-28

**VIDEO | OUDIO**

Keïla was vir Dawid ‘n groot teleurstelling. Hy en sy manskappe het hulle lewens gewaag om hierdie stad te verlos van die Filistyne. Maar wanneer Saul optrek met sy leër om Dawid daar te gaan doodmaak, dan is die inwoners van Keïla bereid om Dawid te verraai - om hom aan Saul uit te lewer. Was hulle dalk bang vir Saul se wraak? Net kort tevore het hy die hele dorp Nob met al sy inwoners laat uitmoor omdat hulle vir Dawid gehelp het. Hierdie gebeure moes sekerlik nog vir hulle vars in die geheue gewees het en dalk was hulle bang dat dieselfde met hulle kon gebeur?

Dawid vlug betyds na Goresa in die woestyn van Sif wanneer Abjatar hom waarsku van die naderende gevaar. Maar dan wag daar ‘n groot verrassing op Dawid - sy boesemvriend Jonatan kom bring ‘n besoek aan hom. Die

blydskap is baie groot wanneer hierdie twee vriende mekaar weer ontmoet. Jonatan is baie deeglik bewus van sy pa se vyandigheid teenoor Dawid en hy het besluit om Dawid te gaan bemoedig in sy stryd. “Moenie bang wees nie want Saul, my pa, sal jou nie in die hande kry nie. Jy is die een wat koning sal word oor Israel en ek self sal tweede in bevel wees. Selfs my pa, Saul, weet dat dit so is.”

Vir ons is Jonatan se woorde amper onverstaanbaar! Ons moet onthou dat Jonatan die kroonprins was. Hy was die een wat die volgende koning oor Israel sou word. Koningskap is nie ‘n ding wat ‘n mens sommer so ligtelik prysgee nie, nie eers vir jou beste vriend nie! Wanneer ons deur die geskiedenisboeke blaai, sien ons talle afgryslike verhale van broers wat mekaar vermoor het oor die reg tot koningskap. Ons sien selfs ‘n pa wat sy eie seuns vermoor het oor hulle sy koningskap bedreig het! En nou kom Jonatan en gee vrywilliglik sy koningskap op!

Nadat die twee ‘n ooreenkoms gesluit het voor die Here, is Jonatan terug huis toe.

Dawid en sy manskappe raak al hoe meer lugtig vir Saul want hulle kan sien dat hy desperaat word om Dawid uit te wis. Goresa, waar hulle skuil is geleë suid van Hebron, ‘n onherbergsame bergagtige gebied waar uitgewekenes gewoonlik wegkruip. Dit is in die gebied naby die stad Sif. Wanneer die inwoners van Sif verneem waar Dawid-hulle is, verraai hulle hom. Hulle laat weet vir Saul dat Dawid daar is en dat hulle hom sou wys waar Dawid hom skuilhou.

Natuurlik is Saul in sy noppies en ewe skynheilig sê hy vir hulle: “Mag die Here julle seën omdat julle medelye met my het.” Met sy leër vaar Saul die onherbergsame wêreld in om jag te maak op Dawid. Dawid kom daarvan te hore en vreesbevange moet hy en sy manskappe vlug vir hulle lewens, die Maonwoestyn in. Verspieders berig dat Saul se leër net anderkant die berg is. Hulle moet vlug, vlug, vlug!

“Hulle omsingel ons!” kom die boodskap en Dawid is vreesbevange. Hoe durf hy teen sy eie mense veg? “Hoor tog my hulpgeroep, o God, slaan tog ag op my gebed. Ver uit die vreemde uit, in wanhoop roep ek na U. Bring my op 'n rots waar ek veilig sal wees. U is vir my 'n toevlug, 'n sterk vesting buite bereik van die vyand. Laat my by U 'n blywende tuiste vind. Laat my skuil onder U vleuels.” Dawid se smeekgebed rig hy tot die enigste Een van Wie hy hulp kan vra.

En die Here hoor sy gebed en Hy voorsien!

‘n Boodskapper kom uitasem aangehardloop na Saul, net wanneer dit lyk asof Dawid soos ‘n rot vasgekeer is in die berge. “Wat is dit nou weer?” blaf Saul. Die arme man kan skaars praat - sy oë so groot soos pierings. “Groot moeilikheid,” hyg hy na sy asem, “die Filistyne - hulle is besig om die land binne te val!”

Saul is verward - wat moet hy doen? Hier is sy grootste vyand letterlik in sy hande, maar as hy nou tyd mors met hom, dan is dit dalk klaarpraat met sy koninkryk. Die Filistyne het

géén genade nie, veral nie ná daardie pynlike slag wat Dawid hulle toegedien het by Keïla nie. Nee, hy het nie ‘n ander keuse nie - hy sal eers aan die Filistyne moet gaan aandag gee.

“Toevallig” het die Filistyne nét op die regte oomblik die land ingeval en Dawid is weereens gered. Toevallig? Nee, baie beslis nie. Dit was God se manier om Dawid weereens te beskerm. Op Dawid wag daar ‘n groot taak, en die Here sou sorg dat Dawid die geleentheid kry om dit uit te voer. Dit sou beslis ook nie die laaste keer wees wat Dawid op ‘n bonatuurlike wyse gered word nie.

Gelowiges moet weet dat elke ding wat met ons gebeur, ‘n doel het. Die Here is baie groter as wat ons ooit sal kan besef en Hy is die Een wat dinge laat gebeur. Ons moet leer om dit so te aanvaar en nie elke keer te kerm as iets gebeur waarvan ons dalk nie hou nie. Selfs swaarkry en lyding is dinge wat soms oor ons pad kom. God gee egter vir ons die vermoë om dit te bowe te kom en deur ons

hantering daarvan, te groei in ons geloof, vir ander iets te beteken en sterker anderkant uit te kom. My hantering van hierdie dinge, bepaal of dit verliese gaan wees in my lewe, en of daar, deur God se genade, positiewe gevolge en uitkomste gaan wees. Kom ons aanvaar dit met dankbaarheid en blydskap!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag weereens kan besef dat U alles raaksien en dat U voorsien. Leer my ook om te aanvaar wanneer U dinge doen, en aan U die eer daarvoor te gee!

20

# Saul in die Grot

1 Samuel 24:1-23

**VIDEO | OUDIO**

Dawid en sy manne is swerwers en hulle vlug van plek na plek om voor Saul se wraak weg te kom. Hulle gaan vestig hulle by En-Gedi, ‘n pragtige waterryke plek in die woestyn naby die Dooie See. Maar hoe kruip jy nou weg met 600 manne en hulle vrouens en kinders? Saul se verspieders vind baie gou uit waar Dawid hom skuilhou en sodra Saul met die Filistynse besetting afgereken het, vertrek hy met drieduisend uitgesoekte soldate om weereens vir Dawid te gaan jag.

Op die plek waar Saul verwag het om Dawid te kry, is daar egter nie ‘n teken van lewe nie. Tussen die onherbergsame berge merk hulle ‘n verlate skaapkraal op. Dit is gebou voor die ingang van ‘n grot. Daar is niemand in sig nie en die koning het ‘n groot nood. Sy waardigheid is van uiterste belang, en dan besluit hy om buite sig van sy manskappe in

die grot rustig te gaan verkeer om sy nood te verlig!

Wat Saul egter nie weet nie, is dat Dawid-hulle die soldate al van ver af sien aankom het. Hulle besluit om diep in hierdie grot te gaan skuil. Alle tekens van hulle teenwoordigheid word versigtig verbloem. Maar dan, tot hulle groot ontsteltenis hoor hulle hoe die voetstappe van die soldate al nader kom, reguit na hulle grot toe. By die skaapkraal gaan die soldate staan, en dan hoor hulle die voetstappe van slegs een enkele man opklim na die grot toe. Een van die manne loer versigtig om te sien wat aan die gang is. "Dis Saul, die koning!" fluister hy verskrik vir Dawid. "Wat gaan ons maak?"

Dawid beduie vir sy manne om doodstil te bly: "Kom ons wag en kyk wat hy gaan doen." Met bonsende harte sien die manne daar uit die stikdonker van die grot hoe die koning behaaglik sy sit kry!

Dawid se hart bokspring in sy keel, want skielik besef hy dat Saul op hierdie oomblik stoksiel alleen daar in die grot sit, en dat hy

uiters kwesbaar is. Die manne is opgewonde - hulle beduie vir Dawid dat dit nou sy kans is om van Saul ontslae te raak. Hulle por hom aan om die daad te gaan pleeg.

Stil soos ‘n kat sluip Dawid op Saul af - as hy net nie nóú omkyk nie! Nog net tien treë.... Hy moet katvoet trap sodat daar nie ‘n sweempie van ‘n geluid is nie. Hy klem die vlymskerp mes in sy hand vas. Sy kneukels is spierwit en sy hand natgesweet van spanning. Nog vyf treë. Dawid meet waar hy Saul se keel moet afsny, maar dan begewe sy moed hom. “Ek kan dit nie doen nie!” skreeu dit in hom. Nog twee treë ...... een tree, en dan is Dawid reg agter die niksvermoedende Koning Saul. “Nee! Nee!” skreeu dit in Dawid se gemoed, “Hy is dan die gesalfde van die Here - ek kan - ek durf dit nie doen nie!”

Dan sak Dawid op sy knieë. Geluidloos tel hy Saul se mantelpunt op, en sny dit af. Versigtig staan hy op en verdwyn weer in die pikdonker van die grot.

“Wat het jy gedoen? Waarom het jy hom nie doodgemaak nie?” raas sy manne fluisterend met Dawid.

“Mag die Here my daarvan bewaar dat ek my hand teen die koning oplig, want hy is die gesalfde van die Here.”

Met ‘n lied in die hart staan Saul op, verlig van sy laste. Salig onbewus van die drama wat so pas reg agter hom afgespeel het, stap hy uit die grot uit. Maar skaars is hy buite of hy kry die skok van sy lewe. Agter hom, uit die bek van die grot kom ‘n harde stem - ‘n stem wat hy maar al te goed ken. “My heer die Koning!” roep die stem van sy aardsvyand, Dawid. Saul wil tien dode sterf as hy met ‘n spierwit geskrikte gesig omkyk en vir Dawid laag voor hom sien buig!

“Wat is die betekenis hiervan? Hoe het dit gebeur?” wil Saul nog vra, maar dan hoor hy hoe Dawid vir hom vra waarom hy na praatjies luister van mense wat sê dat Dawid sy ondergang soek. Dan wys Dawid hom die mantelpunt wat hy daar in die grot afgesny het. Met bewende vingers voel Saul aan sy

mantel en tot sy skok voel hy dat die punt weg is. “So maklik kon hy my keel afgesny het!” tref die skokkende besef vir Saul.

“Is dit jou stem, my seun Dawid?” huil Saul bitterlik, skaam omdat hy so onnodig vir Dawid vervolg en skaam omdat Dawid hom absoluut geen leed wil aandoen nie. “Jy is ‘n beter man as ek, Dawid.” snik Saul met ‘n stukkende hart, “ek weet dat jy koning gaan word oor Israel.”

Saul belowe vir Dawid dat hy hom nie verder sal vervolg nie, maar hy pleit terselfdertyd dat Dawid, wanneer hy eendag koning is, nie Saul se nageslag sal uitroei nie.

Dawid stem in, maar hy bly steeds in die bergskuiling. Hy het vir Saul leer ken, en hy weet dat Saul baie gou gaan vergeet van al sy mooi beloftes.

Weereens sien ons hoe die Here vir Dawid bewaar het, maar ook hoe Dawid liefde uitleef teenoor sy vervolger. Daar is geen haatgevoelens in hom nie, al jag Saul hom soos ‘n wilde dier. Ons kan so baie van

Dawid leer - hoe tree ons op teenoor mense wat ons benadeel? Jesus het gesê dat ons selfs ons vyande moet liefhê! Hier demonstreer Dawid dit prakties. Bid hard daaroor dat die Here vir my en jou die genade sal gee om die mense wat ons benadeel, steeds met 'n passie lief te hê!

Gebed:

Here, ek struikel in hierdie opsig so dikwels. Leer my om onvoorwaardelik lief te hê!

21

# Nabal en Abigajil

1 Samuel 25:1-28

**VIDEO | OUDIO**

Vanoggend lees ons die verhaal van twee dwase mans en een verstandige vrou - twee dwase mans wat koppe stamp en ‘n vrou wat moet vrede maak. Nabal was ‘n skatryk man, maar soos die betekenis van sy naam aandui, was hy ‘n dwaas. In die verhaal skok Dawid ons want tot nou toe het ons net sy goeie eienskappe gesien. Maar wanneer hierdie dwaas, Nabal hom beledig, tree Dawid sélf dwaas en op ’n baie onvolwasse manier op deur hom te wil gaan doodmaak. Abigajil, Nabal se beeldskone vrou moet vure doodslaan!

Maar nou loop ek die storie vooruit. Na die onderonsie met Saul, trek Dawid en sy manne na die Paranwoestyn, ‘n gebied aan die suidekant van Juda. Terselfdertyd kry ons die treurige nuus dat die ou profeet Samuel gesterf het. Die hele volk het oor hom gerou!

Die skatryk Nabal was ‘n onbeskofte korrelkop met groot troppe vee. Hy het sy drieduisend skape en duisend bokke in die woestyn in die omgewing van Karmel laat wei. Dit was natuurlik ‘n groot risiko want rowers was volop. Dawid en sy manne het dit egter as hulle plig gesien om die inwoners van die gebied waar hulle was, te beskerm. En Nabal se vee en sy veewagters was nie ‘n uitsondering nie. Terwyl hulle daar was, het geen rower dit naby hulle gewaag nie.

Toe kom die dag wat die skape geskeer moet word. Dit gaan altyd gepaard met ‘n groot fees - skape word geslag en die manne raak vrolik.

Dawid se manne het met kwylende monde sit en verlang na ‘n bietjie lekker feesvier. Hulle het hulle plig gedoen en hulle voel natuurlik dat dit niks minder as reg is dat hulle kan deel in Nabal se fees nie. Dawid stem heelhartig saam, en dan stuur hy ‘n paar boodskappers na Nabal om hom te vra vir so ‘n ou ietsie sodat hulle saam vrolik kan wees.

Nabal se reaksie is tipies dié van ‘n selfsugtige dwaas. Nie alleen weier hy volstrek nie, maar hy slinger ook allerhande beledigings na Dawid se kant toe. Hy en sy manne word uitgekryt vir wegloperslawe - ‘n verskriklike belediging!

Dawid is woedend as hulle hom hierdie nuus meedeel. “Wie is hierdie man dat hy my so beledig? Ek sal hom wys wie Dawid is!” Hy sweep die manne op en hulle gryp na hulle swaarde. Sulke arrogante dinge sal hulle beslis nie duld nie. Hierdie dwaas moet ‘n les geleer word - hy moet uitgeroei word! Daar is nie plek op die aarde vir sulke mense nie! Dawid en die manne raak al hoe meer opgesweep deur hulle eie wraakgedagtes. “Nie net Nabal nie - al die ander mans by hom!” skree een van die manne en almal stem saam. Vierhonderd omgesukkelde manne gord hulle wapens aan om Nabal en sy hele gevolg te gaan uitroei. Hoe durf hy hulle so beledig!

Ek sien die prentjie voor my - vierhonderd woedende manne wat al skreeuende in ‘n

groot stofwolk optrek na Nabal se huis by Maon. Hulle is kwaad en omgesukkel. In Nabal se huis is dit egter die mooi Abigajil wat die boodskap kry van wat gebeur het en dat daar ‘n baie groot tragedie op pad is. Een van die jong veewagters het gehoor wat Dawid beplan, en bewend van angs kom deel hy haar die nuus mee. Sy sal baie vinnig ‘n plan moet maak as sy wil voorkom dat daar vandag ‘n bloedbad is!

Abigajil reageer baie vinnig. Sy kry 200 brode, twee kruike wyn, vyf gaargemaakte skape en nog ‘n klomp ander eetgoed bymekaar, en inderhaas laat laai sy dit op donkies om te kyk of sy nie hiermee vir Dawid en sy opgewerkte klomp manne kan kalmeer nie. Dan klim sy sélf op ‘n donkie en sy ry saam om hom persoonlik tegemoet te gaan. As sy nie hiermee iets regkry nie, is daar teen môreoggend nie ‘n lewende siel oor in Nabal se nedersetting nie!

Wanneer Abigajil vir Dawid en sy woedende manne sien aankom, klop haar hart in haar keel: “Abigajil, nou sal jy jou beste moet

uithaal!” Vinnig spring sy van die donkie af, en dan gaan sy reguit na Dawid toe. Eerbiedig val sy voor hom neer: “Verskoon asseblieftog die onreg wat u aangedoen is, Meneer”, pleit sy by hom, “mag ek asseblief vertroulik met u praat?”

Dawid is skoon uit die veld geslaan deur hierdie vrou - wat is hier aan die gang?

Dan begin Abigajil, en sy verduidelik van haar onbeskofte man - dat hy eintlik ‘n skobbejak en ‘n dwaas is, soos sy naam tereg aandui. “Die Here het my vandag gestuur om u te kom keer. Ja, Nabal verdien sékerlik die behandeling wat u hom wil gee. Maar ek wil by u pleit om nie ag te slaan op hom nie. Ontvang asseblief hierdie geskenk van my as versoening. Vergewe asseblief my oortreding.”

Hoe sou Dawid hierop reageer? Daaroor gesels ons volgende keer. Die vraag is egter hoe ek en jy reageer wanneer ons beledig of ingedoen word? Reageer ons met woede of selfs vergelding? Jesus het gesê dat ons selfs ons vyande moet liefhê, die ander wang

moet draai en diegene wat ons vervolg en vervloek moet seën!

Gebed:

Here, ek reageer so dikwels verkeerd wanneer ander mense my benadeel. Leer my ware liefde!

22

# God is In Beheer

1 Samuel 25:28-43

**VIDEO | OUDIO**

Wanneer die beeldskone Abigajil by Dawid aankom, besef sy dat sy haar woorde baie mooi moet kies want sy sien sommer dadelik dat Dawid baie omgesukkeld is. En sy neem hom nie vir een oomblik kwalik nie want haar onbeskofte man het hierdie slag een treetjie te ver gegaan met sy beledigings. Hy het vir Dawid en sy manne so sleg gesê, dat Dawid, wat hom nie sommer laat onderkry met sulke beuselagtighede nie, woedend is en op die oorlogspad. Sy lees die moordgedagtes in Dawid se oë. “Vergewe asseblief my oortreding, Meneer,” pleit sy by hom as sy laag voor Dawid buig.

Dawid is bereid om na haar te luister, al weet hy dat sy Nabal se vrou is, dus stop hy net daar en beduie vir sy manne om eers te wag sodat hy kan hoor wat die vrou te sê het.

In ‘n lang stortvloed van woorde probeer Abigajil vir Dawid kalmeer. Sy wens hom net die beste in die lewe toe: “Aangesien die Here beslis vir my heer 'n bestendige huis sal vestig omdat my heer die oorloë van die Here voer, mag onheil nie naby u kom solank u leef nie! ” En sy wens hom toe dat die Here altyd by hom sal wees en dat hy veilig sal wees, al agtervolg iemand hom ook. En mag hy al sy vyande oorwin en mag hy koning word oor Israel. En dan pleit sy dat Dawid asseblieftog nie vir Nabal gaan doodmaak nie, want deur dit te doen neem hy die reg in eie hande en daar kan dalk onskuldige mense sterf in die proses!

Abigajil se woorde ruk vir Dawid tot besinning en skielik besef hy wat hy besig is om te doen. “Die Here, die God van Israel moet geprys word, Hy wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet! Jou goeie oordeel moet geprys word, en jy moet geprys word omdat jy my vandag daarvan weerhou het om in bloedskuld betrokke te raak,” bieg Dawid. Hy vertel haar dat sy plan was om almal dood te maak.. “Gaan in vrede op na jou huis. Kyk,

ek het na jou geluister en ek is jou goedgesind,” stel hy die dankbare Abigajil gerus. En daarmee draai hy en sy manskappe om, terug na hulle skuiling in die berge, tevrede en met ‘n vrag kos en lekkernye!

Hierdie verhaal het egter ‘n nadraai wat jou laat ril! Wanneer Abigajil terugkom by die huis, tref sy vir Nabal aan waar hy alreeds besig is om ‘n reuse feesmaal te geniet saam met sy werksmense, salig onbewus van al die drama. Nabal is baie vrolik en besope. Abigajil skud haar kop - in só ‘n toestand sal hy niks verstaan nie!

Vroeg die volgende oggend word Nabal wakker. Die vorige aand se partytjie lê nog vlak in sy mond maar hy is tenminste nugter genoeg om te verstaan. Sy mooi vrou, Abigajil kom sy slaapkamer binne: “Nabal, ek wil jou iets vertel.” En dan begin sy vertel van Dawid se manskappe wat by Nabal was en kom vra het om te deel in sy fees. Nabal is sommer opnuut weer kwaad vir die spul. Maar Abigajil is nie klaar nie. Nabal se oë rek

groot as sy hom vertel hoe Dawid opgetrek het om hom te kom uitdelg.

“En toe? Wat het met hom gebeur?” wil hy weet.

Dan vertel Abigajil hom wat sy gedoen het - hoe sy ‘n groot klomp brode en gebraaide skape en gebraaide koring en nog baie ander geskenke geneem het om Dawid se gemoed te kalmeer. Nabal word spierwit in die gesig: “Hoe kón jy!” sis hy van woede. Maar Abigajil gaan ongestoord voort en vertel hom hoe sy voor Dawid moes kruip en pleit vir Nabal se lewe.

Skielik sien Abigajil hoe haar man se oë omdop en hoe hy stadig na een kant omval. Sy roep verskrik die slawe om te kom help, want daar is iets baie ernstig met Nabal verkeerd. Met kloppende hart sien sy hoe Nabal se gesig skeef trek. Hulle sit hom weer in die bed, en sy waak by hom. “Wat is fout?” wil sy weet, maar Nabal kan haar nie antwoord nie!

“Dis ‘n beroerte, Mevrou.....,” lig een van die slawe haar in. Tien dae lê hy so, hulpeloos en sprakeloos. En dan kry hy ‘n tweede beroerte en sterf.

Steeds is dit nie die einde van die verhaal nie. Met Dawid se huwelikslewe gaan dit onstuimig. Saul het in sy woede Dawid se mooi vrou, Mikal aan iemand anders, Palti uit Gallim gegee as vrou. Daarna het Dawid weer getrou, dié slag met Aginoam uit Jisreël. Dit was in daardie jare gebruiklik dat ‘n man meer as een vrou kan hê. Nadat Dawid dus verneem het van Nabal se dood, ontferm hy hom oor Abigajil. Hy stuur sy beste manne om vir hom die woord te gaan doen - hy wil met hierdie mooi vrou trou. Baie nederig stem sy in, en kort daarna is die tweetjies getroud!

Dawid was baie gelukkig dat daar iemand was soos Abigajil wat hom betyds tot besinning kon bring. Die boodskap is baie duidelik: moenie wraak neem as iemand jou indoen nie. Inderdaad moet jy nie eers toelaat dat enige wraak- of haatgedagtes die

oorhand oor jou kry nie! Los alles in die hande van die Here. Jesus het verder gegaan om te sê dat ons ons vyande moet liefhê. In hierdie geval het die Here wél gesorg dat geregtigheid geskied en Dawid moes weereens besef dat God in beheer is. Moenie Sy werk namens Hom probeer doen nie. Selfs die mooie Mikal wat hy kwyt was, is vervang met ‘n beeldskone Abigajil.

Gebed:

Here, dankie dat ek net weereens kan besef dat U in beheer is en dat ek alles aan U moet oorlaat!

23

# Saul het Alweer Spyt

1 Samuel 26

**VIDEO | OUDIO**

Dawid en Saul het na die episode in die grot versoen, en Saul het belowe om nie meer vir Dawid te vervolg nie. Nogtans bly Dawid in die onherbergsame woestyn. Waarom keer hy nie terug na sy huis nie? Eenvoudig - hy het lankal geleer dat hy nie vir Saul kan vertrou nie. En dan is dit presies ook net weer só! Stadigaan bou die ou wrewel weer in Saul op, totdat dit uiteindelik uitbars. Hy roep sy manne bymekaar: "Dawid is vir my 'n groot gevaar - hy moet uitgeroei word! Vind uit waar hy wegkruip."

Baie gou kom iemand na vore wat weet waar Dawid hom bevind, want hoe kruip jy nou effektief weg met seshonderd manskappe en al hulle aanhangsels? Hierdie keer is dit die inwoners van Sif wat verklap waar Dawid hom bevind, en dan trek Saul op om sy "gevaarlike vyand" te gaan vernietig. Soos

gewoonlik hang daar weer ‘n donker wolk oor Saul se gemoed wanneer hy met drie afdelings uitgesoekte soldate die Sifwoestyn binnevaar. Naby die onherbergsame gebied waar Dawid hom bevind, slaan Saul kamp op. Hiervandaan sal hulle vir Dawid gaan jag soos ‘n wilde dier!

Dawid het egter al lankal gehoor dat Saul op pad was. Hy stuur ‘n paar spioene uit om uit te vind wat Saul beplan. Hulle vertel vir Dawid waar Saul sy kamp gemaak het. Dawid besluit om saam met ‘n paar manne te gaan kyk wat daar aangaan.

Onder bedekking van die nag sluip Dawid en Abisai Saul se kamp in. In die maanlig sien hulle Saul se wa met iemand wat daarop slaap. Dit kan maar net Saul wees want rondom die wa lê etlike soldate vas aan die slaap. Dawid som die situasie op - naby Saul se kop sien hy ‘n spies regop staan in die grond. Daardie einste spies het Dawid al verskeie kere rakelings gemis wanneer Saul in een van sy woedebuie was, ’n dodelike wapen! Was Dawid nie so rats nie....... Dawid

herken vir Abner, die groot generaal waar hy naaste aan Saul lê, vas aan die slaap!

Abisai beduie na Saul se spies, en dan maak hy ‘n beweging asof hy die koning doodsteek daarmee. “Asseblief,” pleit sy oë, “net een enkele steek met daardie spies sal Saul die ewigheid instuur!”

Dawid skud sy kop: “Nee, Saul is stééds die gesalfde van die Here! Ek durf nie my hand oplig teen die koning nie, al is Saul dan nou ook totaal in my mag!” Dan beduie Dawid vir Abisai om die koning se waterkruik te vat, én die spies. “Kom, laat ons hier wegkom.” beduie Dawid sodra Abisai die spies uit die grond uitgetrek het. Stil soos hulle daar ingesluip het, sluip die twee skimme weer weg uit die flou ligkring van die kampvuur…...

Dawid en Abisai klim rats teen die rantjie uit tot héél bo. Hier is hulle veilig en buite bereik van Saul se wapens. Dan skree Dawid hard: “Koning Saul! Abner!” Onder in die kamp kom dinge in beroering. “Abner, antwoord jy dan nie?” spot Dawid die leërhoof.

Half deur die blare wil Abner weet: “Wie is jy dat jy na die koning roep?” Hy is sommer vererg oor hierdie astrante man wat homself nie wil wys nie.

“Abner, jy is mos ‘n man,” koggel Dawid voort. “Waarom staan jy dan nie wag by die koning nie?”

Nou is Abner éérs woedend! Hoe durf iemand hom só valslik staan en beskuldig? Wie dink die man dan is hy?

Maar Dawid is nie klaar met Abner nie: “Abner, daar was ‘n sluipmoordenaar in die kamp en so ampertjies was jou koning bokveld toe! Watter soort soldaat is jy dan? Só maklik kon julle albei dood gewees het. Sê my ‘n bietjie, waar is die koning se spies? En waar is die waterkruik wat reg langs sy kop gestaan het?”

Abner word yskoud as die waarheid tot hom deurdring. Hierdie sluipmoordenaar het reg tussen hom en die koning deurgestap en hy weet van niks! Maar dan herken Saul Dawid

se stem: “Is dit jy wat praat, my seun Dawid?”

Dawid verduidelik mooi dat hy werklik géén kwaad aan die koning wil doen nie. Waarom vervolg Saul hom dan so onverbiddelik?

En weereens is dit Saul wat bitterlik berou het en bieg dat hy ‘n growwe fout begaan het. Weereens belowe hy plegtig dat hy nooit weer vir Dawid sal vervolg nie en dat Dawid asseblieftog huistoe moet kom.

As dit nie so tragies was nie, dan was hierdie eintlik ‘n komiese gebeurtenis! Die tragiese is dat daar ‘n stukkie Saul in die meeste van ons is. Ek sukkel om ‘n sekere persoon lief te hê soos Jesus dit van my vra want hy irriteer my grensloos. En dan, wanneer iemand baie hard met my daaroor praat, besluit ek om hom waarlik lief te hê. Maar sodra hy weer iets doen wat my irriteer, dan is dit weer sulke tyd! Dan verdwyn my liefde weer soos mis voor die son en agteraf sê ek maar net weer lelike dinge van hom. Kom ons wees elkeen ‘n “Dawid” wat vergewe en vergeet, ten spyte van al die vervolging!

Gebed:

Here, leer my asseblief ware liefde wat vergewe en vergeet!

# 24

# Dawid by die Filistyne

1 Samuel 27 & 28:1,2

**VIDEO | OUDIO**

Saul het vir die sóveelste keer sedert die groot vervolging begin het, by Dawid gesmeek om vergifnis en plegtig belowe dat hy hom nooit óóit weer sou vervolg nie. Maar Dawid het geweet presies hoeveel Saul se beloftes werd was. Sedert dag een wat hulle ontmoet het, het Saul iets teen Dawid gehad. Daardie eerste keer toe hy die wilde kyk in sy oë gekry het en sy spies na Dawid geslinger het, moes Dawid al geweet het waar hy met Saul staan. Hy het seker gehoop dat dit sou oorwaai sodra Saul kalmeer. Maar dit het erger en erger geword. En elke keer was Saul só bitter spyt, maar dan het hy dit net wéér gedoen!

“Manne, ons kan nie langer hier in Israel bly nie,” sê Dawid een mooi dag vir die klomp wat oral saam met hom trek, “Saul gaan ons bly vervolg solank as wat hy leef.”

“Waarheen kan ons gaan?” wil hulle weet. “Waar sal ons óóit veilig kan wees teen Koning Saul?”

“Ek het ‘n idee!” Almal spits hulle ore, want wanneer Dawid ’n idee het kan jy maar luister - hy is ’n briljante man. “Ons gaan trek by die Filistyne in!”

Jy hoor sommer hoe snak die manne na hulle asems. Een of twee val byna flou van pure skok! “Maar dit sal mos nooit deug nie? Hulle is dan ons grootste vyand!”

“Ja,” beaam ‘n ander man, “ons het ons eie kele afgesny toe ons teen hulle geveg het! Ons het daai Filistyne rêrag bloedneus geslaan! Hulle gaan ons nóóit daar toelaat nie!”

“Luister manne!” Dawid is baie ernstig. “Ek het mooi oor die saak gedink. Ons is nie hulle vyande nie, dis Koning Saul en Israel wat hulle vyand is. As ons ons kaarte mooi reg speel, dan kan ons die Filistyne oortuig dat ons eintlik aan húlle kant is, want Saul is ook mos óns vyand!”

Die manne is dalk nie almal so vas oortuig nie, maar hulle staan saam met hulle leier, Dawid, want hy weet mos wat hy doen. Enkele dae later stap Dawid en seshonderd manne en al hulle aanhangsels propvol selfvertroue die stad Gat binne. “Ons kom in vrede - ons wil vir Koning Akis spreek.” is Dawid se versoek. Dawid stel sy saak teenoor Akis, dat hy nou rêrag moeg is om vir Saul weg te hardloop en dat hy graag daar by hulle sal wil bly in Gat. Hy is bereid om te help nét waar hy kan!

Akis stem in en die klomp neem hulle intrek in die stad. Maar die stad is te klein vir twee manne met groot ambisies in die lewe en uiteindelik versoek Dawid om hulle eie blyplek te kry. Akis sien hier ‘n goue geleentheid en hy bied vir Dawid die stad Siklag aan. Natuurlik is daar vir hom óók ‘n groot voordeel, want Dawid en sy baie bekwame manne kan dien as ‘n natuurlike buffer teen die Filistyne se vyande in die suide. Die idee is dan ook dat Dawid nie sal stilsit nie, maar dat hy stelselmatig van hierdie vyande sal ontslae raak.

Dawid is in die wolke - sy eie, eie stad! Maar hiervoor sal hy moet werk! En dis presies ook wat hy doen! Een-vir-een word die volke in die suide, wat vir die Filistyne soveel hoofbrekens besorg het, aangeval en totaal uitgeroei. Dawid werk met ‘n plan en niemand word gespaar nie. Elke persoon in die gebied word doodgemaak sodat niemand vir Akis kan sê wat gebeur het nie. Maar dit is ‘n baie slim set van Dawid, want elke keer as hy optrek teen iemand, vertel hy vir Akis dat hy eintlik teen een van die groepe in Juda oorlog gemaak het. Akis is natuurlik in sy noppies, want sy grootste vyand, die Israeliete, word nou deur Dawid aangeval (of ten minste só word hy wysgemaak).

Intussen doen Dawid eintlik die inwoners van Juda ‘n baie groot guns, want die volke wat hy aanval is dieselfde mense wat Juda so dikwels plunder en skade aandoen. Sodoende bou Dawid met die mense van Juda ‘n baie goeie verhouding op in die geheim.

Maar dan tref ‘n groot slag Dawid wanneer Akis besluit om oorlog te maak teen Israel. Dawid en sy manne word natuurlik opgeroep om saam te kom, want hulle is mos óók ‘n vyand van Israel. Dawid word as Koning Akis se lyfwag aangestel. Dit plaas hom in ‘n geweldige dilemma want sy eie bedrog teenoor Akis laat hom in hierdie gemors beland! Hoe gaan hy hom hier uitwurm? Hoe kan hy teen sy eie mense gaan veg?

Vir ons klink dit walglik dat Dawid so wreed optree teen die vyand. Vir ons Christengelowiges is dit nie aanvaarbaar nie want Jesus se opdrag was liefde! Dit was egter in daardie tyd algemene praktyk en menselewens was eenvoudig nie kosbaar nie. Deur die jare het dit egter stelselmatig verander, en toe Jesus begin om vir mense te vertel wat die werklike waarde van ‘n mens se lewe is, word liefde vir die gelowige die norm. In plaas van oorlog moet gelowiges vrede op aarde bring, en in plaas van haat, liefde - selfs teenoor die vyand (Matt 5:44).

Gebed:

Here, maak my asseblief ‘n instrument van vrede vir U!

25

# By die Waarsegster

1 Samuel 28

**VIDEO | OUDIO**

Ons het dit al so dikwels gesien dat ‘n persoon wat deur die jare totaal van God af weggedryf het deur sy eie toedoen, op ‘n geleentheid baie diep in die moeilikheid beland. Dan bid hy vurig dat die Here hom asseblief hier moet uithelp, maar dit lyk asof die Here hom nie meer hoor nie. Dit voel asof daar ‘n soliede muur gebou is tussen hom en God, en dit is presies wat met Saul gebeur het.

Samuel, die ou man van God, wat eers die volk Israel gelei en regeer het, het aan die einde van sy lewe gekom. Hy was die een wat Saul moes salf as koning. Hy het gesien hoedat Saul aanvanklik volgens die wil van God regeer het en geluister het na wat die Here sê. Maar Samuel moes ook toekyk hoedat Saul al verder en verder van die Here af weggedryf het. Hy was bitterlik

teleurgesteld. Die ligpuntjie was darem daar toe hy vir Dawid gesalf het as die toekomstige koning, maar uiteindelik het hy besef dat hy daardie koningskap nooit sou beleef nie. Op ‘n hoë ouderdom kom hy te sterwe en die hele volk het getreur oor sy heengaan.

Samuel se afsterwe laat egter ook vir Saul met ‘n groot dilemma. Alhoewel hy ‘n korrelkop was wat sy eie kop gevolg het, het hy steeds tydens baie groot veldslae vir Samuel gaan raad vra, want die Here moes mos help wanneer die vyand baie sterk was!

Dit was weer een van daardie angstye toe die ganse mag van die Filistyne saamgetrek het op die landsgrense van Israel. Saul het met sy hande in sy hare gesit want hy moes weet wat om te doen en Samuel was nie meer daar nie! “Wat moet ek doen?” het hy vir sy raadgewers gevra, maar hulle het ook nie geweet nie. Die priesters en profete was opgekommandeer, maar selfs hulle het geen raad vir Saul gehad nie. Daardie spreekwoordelike muur het stewig gebou

gestaan tussen God en Saul, ‘n muur waaraan Saul persoonlik baie hard gebou het! Hy het letterlik al die brûe agter hom afgebrand en daar was géén omdraaikans nie!

Israel was reeds saamgetrek om teen die Filistyne te veg, maar Saul was bang, radeloos en desperaat. Wat doen ‘n desperate mens? Hy doen dinge wat teen alle beginsels indruis. Dit is sulke mense wat moord pleeg of ‘n bank beroof. In Saul se geval was die enigste persoon wat hom nog ooit kon raadgee die profeet Samuel. En Samuel was dood! “Dan moet Samuel uit die dode opgeroep word!” het hy sy sprakelose amptenare beveel!

“Ons verneem dat daar ‘n waarsegster in En-Dor is,” het een van die amptenare dit gewaag.

“Neem my na haar toe!”

Aan die begin van ons verhaal het ons gesien hoedat Saul vervul was met die Gees van God. Hy het alle okkulte bedrywe

verban, soos byvoorbeeld waarsêers en mense wat geeste oproep, omdat dit verkeerd was voor die Here. Uit desperaatheid neem hy egter nou sy toevlug tot dié praktyke wat hy sélf verban en uitgeroei het! Nou maak hy die goeie werk wat hy gedoen het sélf ongedaan, en dít terwyl hy baie deeglik besef het dat dit totaal verkeerd was! Hy wou nie hê dat iemand hom sou herken nie, dus vermom hy homself en trek ander klere aan sodat niemand sou weet dat dit Saul was wat die vrou besoek het nie!

Toe die vrou die opdrag kry om Samuel uit die dood op te roep, het sy 'n rot geruik! Was hierdie nie dalk 'n lokval om haar ook dood te maak nie? Maar Saul het met 'n eed voor die Here gesweer dat sy veilig sou wees.

Die vrou het met haar rituele begin, maar toe skrik sy haar byna dood, want skielik het sy vir Saul herken! Maar dit was nog niks, want die volgende oomblik het die dooie profeet Samuel voor haar gestaan en sy het hom duidelik herken!

Samuel se boodskap aan Saul was baie duidelik: Die Here het sy koningskap van hom weggeskeur en aan Dawid gegee en die volgende dag sou Saul sowel as sy seuns omkom! Boonop sou Israel óók verslaan word deur die Filistyne. So erg was die skok vir Saul dat hy in sy volle lengte op die grond neergeslaan het en gebewe het van angs! Nou was dit die vervolgde vrou se beurt om Saul te vertroos. Sy het hom en sy manne iets gegee om te eet en hulle versorg.

Die verhaal laat ons met baie vrae: Was dit werklik Samuel wat uit die doderyk met Saul gepraat het? En beteken dit dat die oproep van dooies dan aanvaarbaar is? Die Bybel is baie vaag daaroor of dit werklik Samuel was. Persoonlik dink ek dat dit die Here Self of dalk ‘n engel was wat op hierdie manier die boodskap aan Saul oorgedra het. En nee, die Bybel is baie duidelik daaroor dat die oproep van dooies beslis nie vir God aanvaarbaar is nie! In Deuteronomium 18:9-14 word dit beskryf as ‘n “afskuwelike praktyk”. Dit was een van die heidense afgodsgebruike van die Kanaäniete. Wanneer iemand dus met mooi

praatjies daaroor kom - moenie jou heuning om die mond laat smeer nie - dit is sonde! Dit word gereken saam met sulke walglike dinge soos om jou kinders aan afgode te offer. Kom ons lê ons liewers toe op die dinge van die Gees van God, dié dinge wat God behaag.

Gebed:

Here, vul my asseblief volkome met U Heilige Gees sodat daar nie plek is vir die dinge van die Bose nie!

26

# Dawid in Gróót Moeilikheid

1 Samuel 29

**VIDEO | OUDIO**

Terwyl Saul sy eie krisisse beleef met die medium wat dooies oproep, beleef Dawid sekerlik die grootste krisis in sy lewe tot dusver. Ons het gesien dat Akis, die Filistynse koning, baie ingenome was om só 'n briljante soldaat soos Dawid se dienste te kon gebruik en Dawid kry selfs die aanstelling as die koning se persoonlike lyfwag!

Nou moet hy egter teen Israel gaan veg! Dis 'n ramp! Hoe gaan hy óóit uit hierdie gemors kom? Hy kan mos nie teen sy eie mense gaan veg nie? Dawid kan sy tong afbyt omdat hy die koning so bedrieg het deur by hom te spog dat hy teen die Judeërs geveg het. Sy eie bedrog is nou besig om ernstig teen hom te draai!

“Kom, ons moet optrek!” glimlag Akis vir Dawid, duidelik propvol selfversekering, want hierdie slag gaan die Israeliete baie beslis tweedebeste daarvan afkom. “Die ander manne het al klaar kamp gemaak - almal wag net vir ons!”

Dawid se hart klop in sy keel as hulle oor die bult kom en hy die duisende-der-duisende Filistynse soldate bymekaar sien. “Here, help asseblief!” prewel hy. “Ek kan nie teen U volk oorlog maak nie - dit sal ‘n baie groot sonde wees. Wat moet ek doen, o God van Israel?”

Koning Akis kom saam met Dawid en sy seshonderd manne verby al die verskillende Filistynse afdelings gestap. Dawid merk op dat die leiers hom baie skeef aankyk. Hy sien hoe die manne later saamdrom en kort-kort omkyk in sy rigting. “Wat skinder hulle van my?” wonder Dawid.

Dan stap daar ‘n afvaardiging oor na Akis se tent. Dawid kan sommer sien dat daar ‘n baie belangrike saak bespreek word. “Seker maar die beplanning vir môre se geveg,” dink hy. In die verte kan hy die Israeliete se vure sien

brand. “Ek voel so bitter jammer vir my mense!” sug hy.

Wat Dawid egter nie weet nie, is dat dit hý is wat die onderwerp van bespreking is in Akis se tent. “Wat maak hierdie Hebreërs hier?” wil hulle van Akis weet. Hy verduidelik dat Dawid baie lojaal is, dat hy teen Saul gedraai het en dat daar absoluut niks verkeerd is omtrent hom nie.

Maar die manne is bitter ongelukkig: “Laat hom omdraai! Hy kan beslis nie saam met ons veg nie. Wie sê hy gaan nie teen óns draai nie?”

“Ja,” lê ‘n ander generaal sy eiertjie, “dis mos oor Dawid wat die vrouens van Israel so sing. Dis net ‘n slim set van hom om net weer in sy koning se guns te kom. Stuur hulle terug, ons veg nie saam met die Hebreërs nie!”

Akis is verplig om vir Dawid te laat kom en om hom die slegte nuus mee te deel: “Dawid, ek is só jammer, maar die manne wil jou nie hier hê nie. Ek wil nie moeilikheid met hulle

hê nie. Vat asseblief maar jou manne en gaan huistoe!"

Dawid kan sy ore nie glo nie! Hoe wonderlik het die Here nie wééreens vir hom voorsien nie! Hy haal sy beste toneelspel uit en maak verskriklik kapsie teen die besluit. "Wat het ek verkeerd gedoen?" Verskriklik seergemaak en beledig oor die generaals se wantroue, pleit Dawid om tog maar te gaan veg. Maar Akis kan nie genoeg om verskoning vra nie. Hy verseker Dawid van hoe opreg hy hom vertrou, maar hy kan nie teen sy generaals se ongegronde wantroue gaan nie - hy het hulle nodig in die geveg…...

Wanneer die son die volgende oggend sy kop oor die rante lig, vertrek Dawid en sy manne sleepvoet en met lang gesigte. Hulle wou tog só graag teen Israel geveg het! Maar sodra hulle agter die rantjie is, borrel hulle van blydskap. "God is groot! Hy het ons gered van 'n verskriklike ding!" Só borrel en sing Dawid al dansende voor sy manne uit.

"Ja, ja!" beaam die manne al singende, want almal het gedink dat hulle vandag gedwing

sou word om broedermoord te pleeg. "Ons kan maar net die Here loof!"

"Ek wil U lof verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my nie," begin Dawid spontaan sing. Baie gou snap die manne die wysie en die woorde, en weldra dreun dit deur die dale soos hulle dit al dansende uitjubel: "Sing tot eer van die Here, loof Sy heilige Naam!"

Dawid se "wit leuntjie", niks minder nie as bedrog, is nie iets wat enigeen kan goedpraat nie. En boonop het dit hom in 'n situasie geplaas waar hy beslis nie wou wees nie. Maar weereens sien ons hoe groot, goed en genadig die Here is. Hy gebruik selfs die Filistynse generaals om Dawid uit die moeilikheid te kry. Maar dit gaan hier oor baie meer as net die persoon Dawid. Dit gaan oor 'n véél groter saak, want die Here het beplan dat Dawid koning sou word en dat hy die voorgeslag van Jesus sou wees. Niks en niemand sou God se plan verongeluk nie! Jare later het almal weer probeer om Sy plan in die wiele te ry toe Jesus die groot offer

gebring het. Ook dáár het elke ding presies in plek geval, nét soos wat God beplan het. Loof die Here!

Gebed:

Here, weereens staan ek in verwondering oor hoe U in volle beheer is, selfs van die mees hopelose situasie!

27

# Siklag word Oorval

1 Samuel 30

**VIDEO | OUDIO**

Al singende stap die manne terug huistoe nadat die Filistynse leiers hulle nie wou laat veg teen Israel nie. “Die Here is baie goed vir ons!” jubel dit in Dawid se hart. Dit is ‘n lang en vermoeiende tog terug - ‘n volle drie dae se stap. Maar uiteindelik sien hulle die mure van Siklag in die verte: “Heerlik om terug te wees by die huis!” sug hy behaaglik.

Maar wanneer hulle nader aan die stad kom, sien hulle sommer dadelik dat iets nie pluis is nie - daar hang ‘n rookwolk bokant die mure. Dawid se hart klop in sy keel: “Wat sou dit beteken?” Almal is bekommerd en hulle hardloop eintlik die laaste ent. Hier is iets baie groot fout!

Die stadspoorte is flenters gebreek - iemand het die stad aangeval! Die manne verstar wanneer hulle deur die poorte gaan. Die stad

is verlate. Daar is nie ‘n mens of dier in sig nie. Boonop is alles tot houtskool verbrand. Die manne is verslae - “Wat het gebeur?” vra hulle retories vir mekaar. “My vrouens......” borrel dit verward deur Dawid se gemoed. Daar is een enkele ligpuntjie - hulle sien nêrens dooies lê nie, dus moes almal as gyselaars weggevoer wees.

‘n Geweeklaag gaan op onder die manne. Hulle huil oor hulle huise wat verwoes is; hulle huil oor hulle vee en besittings wat alles weg is; maar bo alles huil hulle bitterlik oor hulle gesinne wat deur ‘n onbekende vyand iewers heen weggevat is. Lewe hulle ooit nog? Hoe word hulle behandel? Word hulle nie dalk gemartel nie?

“Dis alles jóú skuld, Dawid!” gil een van die manne. Baie gou is almal opgesweep en hulle soek na klippe om Dawid dood te gooi. “Stenig hom!” dreunsing dit binne ‘n ommesientjie en Dawid moet net bontstaan om uit hierdie gemors te kom.

“Here, help my asseblief,” bid Dawid, “my eie manne wil my nou óók doodhê!”

“Manne, ons moet die Here raadpleeg om te hoor wat ons moet doen,” deel Dawid die manne mee nadat hy met groot moeite weer rustigheid onder hulle gebring het.

“Daar is nie nog tyd nie,” skree een van die manne, “ons moet dadelik die klomp agtervolg voordat dit dalk te laat is!”

“Bly net kalm,” paai Dawid hom, “en laat roep vir Abjatar. Ons durf nie iets doen sonder om eers die wil van God te vra nie, Hy is die Een wat sal besluit!” Die manne stem brommend saam. “Gee die skouerkleed Abjatar, sodat ons met die urim en tummim kan bepaal wat God se wil is vir ons.”

God se antwoord is baie duidelik dat hulle die vyand moet agternasit want Hy sal vir hulle die oorwinning gee. Dawid laat ook nie gras onder sy voete groei nie, en met seshonderd moeë manne val hy in die pad op die spoor van die ontvoerders. Dit blyk baie gou dat ‘n klomp van die manne nie hierdie tog gaan maak nie want hulle is alreeds baie dae lank op die pad. Dawid neem ‘n moeilike besluit - eerder as om met ‘n volmag nuttelose

soldate te probeer veg, laat hy tweehonderd man agter om by hulle goed te bly terwyl hy ligvoets met die res agter die vyand aangaan. Op pad kry hulle ‘n Egiptiese slaaf wat die vyand agtergelaat het omdat hy te moeg was om verder te loop. Die man is maar te dankbaar om hulle reguit na die Amalakiete te neem want Dawid en sy manne behandel die arme kêrel, wat byna dood is van honger en dors, met liefde. Die Amalakiete het Siklag binnegeval uit weerwraak vir Dawid se strooptogte, en toe wag hulle net mooi totdat die Filistyne in ‘n oorlog betrokke is om Siklag aan te val!

Wanneer Dawid-hulle oor ‘n bult kom, lê die vyand wydversprei oor ‘n groot gebied voor hulle, besig om hulle groot buit baie deeglik te vier. Daar is ‘n groot fees aan die gang!

Vir die Amalakiete is Dawid se aanval ‘n reuse verrassing en hulle word totaal onverhoeds betrap. Die geveg wat volg is ‘n groot een wat duur van die middag af, regdeur die nag. Slegs ‘n klein groepie soldate op kamele ontsnap - die res word

afgemaai. Wanneer Dawid ná die geveg ‘n opname doen, moet hy tot die slotsom kom dat nie ‘n enkele vrou of kind uit Siklag iets oorgekom het nie. Al singende loop ‘n afgematte, maar baie dankbare klomp manne met hulle gesinne en ‘n groot buit terug na Siklag. Daar wag op hulle ‘n groot taak om alles weer te herbou, maar almal is veilig.

Die buit word verdeel onder almal, ook die manne wat moes agterbly. En dan stuur Dawid ook ‘n gedeelte van die buit na dorpies in Juda. Sodoende bou hy kosbare bande op met sy toekomstige onderdane. Min besef Dawid dat daardie dag wat hy sou koning word, baie nader is as wat hy óóit kon droom!

As Christen-leier mag ons nooit mismoedig word nie. Waar Dawid selfs met die dood gedreig was, kon hy na die Here opkyk en vrede maak en nog stééds sy manne lei na die oorwinning! Bid vir wysheid om enige situasie te kan hanteer. En wanneer dinge

handuit ruk, is daar maar net Een om na toe te gaan. Hy is altyd daar!

Gebed:

Here, gee my asseblief die wysheid om te alle tye na U te gaan vir hulp en raad!

28

# Saul Sterf

1 Samuel 31

**VIDEO | OUDIO**

Dit was 'n tragiese dag in die geskiedenis van Israel - een van die grootste laagtepunte sedert die dag toe hulle deur die Jordaanrivier getrek het om die land in besit te neem.

Saul was 'n briljante soldaat en 'n goeie koning. Hy het die Here geraadpleeg voor elke geveg en hy het goed regeer. Maar toe loop daar iets skeef. Dalk het hy te veel begin steun op sy eie krag en wysheid, en God begin wegskuif uit sy lewe. Later het hy blatant God se bevele verontagsaam en sy eie kop gevolg. Haat het deel van sy alledaagse lewe geword. Die wetsvoorskrif van Levitikus 19:18, "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" het by hom verby gewaai. Hy het Dawid met 'n passie gehaat! Dawid het egter niks anders as goed gedoen teenoor Saul nie. Van liefde is daar géén

sprake by Saul nie. Hy het die groot gebod geminag! Jesus haal later Sélf Levitikus 19:18 aan as die grootste gebod.

Die laaste strooi wat die kameel se rug gebreek het, was die dag toe hy die waarsegster gaan spreek het om Samuel se gees op te roep. Ons het gesien dat die Here dit beskou as een van die grootste gruwels - een wat saamgetel word met die offer van jou kinders aan afgode. Saul kry die boodskap daar helder en duidelik dat hy nét die volgende dag sou sterf, hy en sy seuns!

Terwyl Dawid huistoe gestuur word deur die Filistynse leiers, word hulle linies opgestel vir die groot geveg teen Israel. Die Israeliete het talle male al teen hierdie gedugte vyand geveg, maar keer-op-keer het die Here die geveg vir Israel gegee en die Filistyne moes druipstert huistoe gaan. Hierdie slag is dit egter anders. Terwyl Dawid sy eie drama by Siklag beleef, breek die geveg tussen die Filistyne en Saul se magte uit. Baie gou word dit duidelik dat die Filistyne een te sterk is vir Israel. Die oormag is te groot en die manne

van Israel slaan op die vlug. Die Filistyne sit hulle agterna en talle Israeliete word doodgemaak op die Gilboaberg.

Die geveg woed voort op die berg en Saul staan met ‘n hart wat klop in sy keel en toekyk hoedat sy leër voor sy oë vernietig word. Maar dan krimp Saul ineen van pyn as hy sien hoedat een van sy seuns hier vlakvoor hom sterf. “Waarom?” vra hy wanhopig, en dan sneuwel sy tweede seun. Die pyn word vir Saul ondraaglik as die kroonprins, Jonatan óók sterf deur ‘n pyl van die vyand. Hy huil bitterlik: “Wat het ek gedoen?”

“Daar is Saul!” hoor hy ‘n Filistyn skree. Magteloos staan hy en toekyk hoedat die Filistyne op hom afstorm. ‘n Duisend gedagtes flits deur sy kop: as hulle hom gevange neem, gaan dit in ‘n nagmerrie ontaard. Hy sal deur die strate geparadeer word terwyl daar ‘n bespotting van hom gemaak word. Uiteindelik sal hy ‘n stadige, grusame marteldood sterf. Nee, daarvoor sien Saul beslis nie kans nie. “Kom hier!”

skree hy vir sy wapendraer. “Trek jou swaard en steek my dood! Nou!”

Die man weier egter, want hoe kan hy dan nou sy eie koning doodmaak?

Dan trek Saul sy eie swaard, druk dit teen sy bors en val met al sy gewig in sy eie swaard en sterf. Toe die wapendraer dit sien, is daar vir hom slegs één uitweg - om dieselfde te doen!

Vir die Israeliete is dit natuurlik ‘n reuse ramp. Die koning is dood asook al sy seuns. In hulle hordes vlug hulle uit hulle stede uit vrees vir die Filistyne!

Die volgende dag ontdek die Filistyne Saul en sy drie seuns se lyke. Saul se kop word afgekap en op grusame wyse dwarsdeur die Filistynse gebied uitgestal. Sy lyk word teen ‘n stadsmuur vasgespyker.

Israel is verslae. Hulle rou sewe dae lank…..

So kom die bewind van die eerste koning van Israel rampspoedig en baie tragies tot ‘n einde. Saul kon so baie vermag het in sy lewe. Hy was immers deur God Sélf

aangewys as koning en hy kon gróót hoogtes bereik as hy maar net na God wou luister!

Toe Saul val, het die hele Israel saam met hom geval! As jy die taak van leierskap op jou skouers neem, kom ‘n geweldige groot verantwoordelikheid daarmee saam teenoor almal onder jou leierskap. Hoe groter jou leiersposisie, hoe groter word die verantwoordelikheid. Dit beteken dat jy jou geloofslewe soveel méér ernstig moet opneem, want dan is dit nie net meer jy alleen wat geraak word nie maar almal onder jou sorg. Saul was dééglik bewus daarvan dat hy God moes dien, maar hy het stadig weggedryf van die Here af. Sy eie belange het te swaar geweeg. Elkeen wat ‘n leier is, moet weet dat sy eie belange héél laaste kom. God is natuurlik eerste en daarna diegene onder sy sorg. Jesus het dit prakties gedemonstreer regdeur Sy lewe as Mens. Hy was die Dienskneg. Ek en jy moet in Sy voetspore volg. Saul het met sy aksie vir duisende se ondergang gesorg. Jesus het met Sy aksie vir baie miljoene se redding gesorg! Wat gaan ek en jy doen?

Gebed:

Here, ek besef dat ek ‘n groot verantwoordelikheid op my skouers dra. Help my asseblief om baie naby aan U te leef en U te ken in alles!

# 29

# Lank Leef die Koning!

2 Samuel 1 - 2:11

**VIDEO | OUDIO**

Die Koning is dood! Lank lewe die Koning!

As dit maar so maklik was! Ongelukkig het daar ‘n lang en moeilike stryd op Dawid gewag voordat hy as koning gekroon kon word in Saul se plek. Maar nou loop ek die storie vooruit…..

Dawid het die Amalakiete verslaan en met groot vragte buit kom hulle weer in Siklag aan en begin om die stad te herbou. Dawid wonder oor die geveg tussen die Filistyne en Israel - wat sou daar gebeur het? Die Here het nog elke keer vir Israel die oorwinning gegee en hierdie keer sou dit sekerlik nie anders wees nie! Dawid is rustig en positief oor die uitslag.

Twee dae later kom daar egter baie slegte nuus. Die manne bring ‘n man na Dawid toe. Die kêrel is doodmoeg en gehawend, sy

klere is geskeur en daar is grond op sy kop. Hy val op sy knieë voor Dawid neer en buig laag.

“Wat is fout?” wil Dawid weet. Sy hart klop in sy keel want hier is gróót moeilikheid!

Die man begin uitasem vertel van die Israeliete wat op die vlug geslaan het en dat ‘n groot aantal manne gesneuwel het in die geveg. Maar die slegte nuus is dat Koning Saul en sy seun Jonatan ook gesneuwel het.

“Hoe weet jy dat Saul en Jonatan dood is?” vra Dawid geskok.

Dan vertel die man dat hy eintlik ‘n Amalakiet is en dat hy toevallig daar op die Gilboaberg was toe die Filistyne op Saul en sy seuns afgestorm het. Hy het gesien hoedat Saul in sy eie spies val om selfmoord te pleeg. Dit was egter nie suksesvol nie en Saul het nog gelewe. Toe roep Saul hom nader en hy smeek hom om hom dood te maak sodat die Filistyne hom nie lewendig kry nie. “Ek het hom toe doodgemaak,” vertel die man. As bewys van sy daad, gee hy vir Dawid Saul se

kroon en armband. “Ek het dit vir u gebring,” vertel hy trots.

Dawid is bitterlik ontsteld. Hy skeur sy klere en rou oor hierdie driedubbele slag. Nie alleen Koning Saul nie maar ook sy boesemvriend Jonatan is dood! Boonop is sy volk, Israel ook verslaan en ’n menigte manne is dood. Dit is vir Dawid ‘n geweldige groot slag wat hom tref.

“Van waar is jy nou weer?” vra Dawid vir die man wanneer hy weer tot bedaring kom.

“Ek is nie eintlik ‘n landsburger nie,” verduidelik hy, “ek is ‘n Amalakiet.”

Dan dring dit vir die eerste keer tot hom deur dat hierdie man eintlik die een is wat vir Saul doodgemaak het. Dawid voel die woede in hom opwel. Hierdie man was nie bang om sy hand te lig teen die gesalfde van die Here nie! “Maak hom dood!” beveel hy een van sy manskappe.

Daardie aand sing Dawid weemoedig: “Jou trots, o Israel - op die hoogtes lê dit verslaan. Hoe het die helde geval!” Dawid se gemoed

skiet vol en die geharde soldate sit met trane wat oor hulle wange stroom wanneer hulle luister na die rou hartseer van hulle leier. “Gilboaberg! Offerland! Nóg dou, nóg reën vir julle! Waarlik, dáár is die heldeskild besoedel.” - so skeur die rou snikke deur Dawid se bors. “Hoe het die helde geval? Met wapen in die hand het hulle omgekom!”

Rou kom egter óók op ‘n einde. En daar rus ‘n reuse taak op Dawid se skouers. Hy is mos al baie jare gelede reeds gesalf as koning van Israel en nou het die tyd aangebreek dat hy daardie groot verantwoordelikheid moet opneem. Maar hoe gaan hy dit doen? Hoe gaan hy die mense oortuig dat hy die nuwe koning moet wees? Daar is maar net één pad - raadpleeg die Here! En dit is presies wat Dawid doen!

Die Here se antwoord is dat Dawid na Hebron toe moet gaan. Hebron was een van die stede van Juda na wie Dawid baie onlangs ‘n geskenk gestuur het, deel van die buit van die Amalakiete. Hulle is dus alreeds voorberei. En so trek Dawid met sy twee

vrouens en al sy manskappe na Hebron, en gaan vestig hulle daar. Kort daarna word Dawid gekroon as koning oor Juda. Hy het lankal al hierdie mense se guns gewen!

Dit was egter maar net die begin van ‘n baie lang pad, want een van Saul se seuns, Is-boset het oorleef en hy word deur Abner, die hoof van Saul se leër gekroon as koning oor Israel. Nou is die volk verdeel in twee koninkryke, Israel en Juda. Dit sou nog ‘n bloedige burgeroorlog tot gevolg hê.

Inderdaad mag ‘n gelowige maar treur en selfs rou. Droefheid oor ‘n gelowige wat gesterf het, is egter anders as vir ‘n ongelowige. Dit gaan oor verlange na die persoon wat vir jou dierbaar was. Die troos is dat hy nou by die Here is en dat julle mekaar eendag weer sal sien. Wanneer ‘n ongelowige sterf, is dit egter ‘n hartverskeurende rou want hy is vir ewig verlore. Dit moet ons aanspoor om die Evangelie met elkeen te deel wat ongelowig is voordat dit vir ewig te laat is!

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n onblusbare passie vir verlore siele!

30

# Joab en Abner

2 Samuel 2:12 - 3:5

**VIDEO | OUDIO**

Jare gelede, toe ek nog jonk en fiks was, het ons jongklomp die Drakensberge se Giant's Castle uitgeklim in 'n staptog wat vier dae sou duur. Ons plan was om op dag een tot héél bo op die berg plato te klim. Met ons aankoms sak die reën egter uit en duur heeldag. Digte misbanke bedek die berg. Laatmiddag, net toe ons dink dat ons nou ampertjies bo moes wees, trek die mis van die berg weg. Reg voor ons troon die loodregte kranse die hemel op tot dáár bo waar hulle in die wolke verdwyn. My mond het oopgeval: "Ek dog ons is bo? Moet ons nog tot dáár klim?" My moed was in my skoene!

Net toe Dawid dink dat sy koningskap oor Israel 'n werklikheid was, verskyn Is-Boset, een van Saul se seuns op die toneel en hý word koning oor Israel. Dawid kon slegs

regeer oor die stam van Juda. Reg van die begin af was daar wrywing tussen die twee koninkryke, totdat dit uiteindelik breekpunt bereik het en hulle teen mekaar opgetrek het om oorlog te maak.

Die twee generaals, Abner en Joab het mekaar die stryd aangesê. Abner het Israel se leër aangevoer en Joab Juda s'n. Dit was dikwels die gebruik dat 'n soldaat uit elke kant uitgesoek was om namens die ander soldate te veg. Die wenner het dan bepaal wie die veldslag gewen het, sonder dat daar werklik oorlog gemaak was. Dink maar aan die geveg tussen Dawid en Goliat! Die twee generaals het egter besluit dat daar twaalf soldate uit elke kant teen mekaar moes kom veg. Die geveg was egter só gelykop, dat al vier-en-twintig manne gelyk gesterf het. Dit was dus onbeslis, gevolglik pak die twee leërs mekaar in 'n verwoede geveg. Joab verslaan uiteindelik die manne van Abner.

Dan volg daar 'n insident wat so byna baie tragiese gevolge gehad het. Joab se broer, Asael besluit om die vlugtende Abner te

agtervolg. Abner het hom ‘n paar keer gewaarsku om op te hou, maar vir Asael sou dit ‘n groot militêre eer besorg as hy kon slaag om Abner te oorwin. Skielik het Abner sy swaard onverwags agter uitgesteek en Asael het neergesak – morsdood! Joab was woedend toe hy hiervan hoor en hy sweer wraak teen Abner. Saam met ‘n klompie manne het hulle vir Abner agtervolg. Toe Abner besef hoe benard die situasie was, het hy omgedraai en vir Joab verduidelik dat hulle nou besig was om broer teen broer te baklei. Dis verkeerd!

Ons kan onsself die vraag afvra oor hoe opreg Abner werklik was toe hy dit vir Joab sê. Het dit waarlik vir hom gegaan oor broederskap? Of was dit eerder om sy eie bas te red in ‘n hopelose situasie? Joab het egter Abner se pleidooi aanvaar en opgehou om Abner te vervolg. Maar dan kan ons ook dieselfde vraag oor Joab vra. Was sy motiewe suiwer toe hy Abner aanvaar het as broer? Of het hy nie dalk beplan om later op ‘n baie slinkse manier van Abner ontslae te raak nie? Hier was vir hom baie op die spel,

want hy kon dalk net Israel se leër vir homself inpalm as hy sy kaarte reg sou speel!

‘n Opname het getoon dat Juda slegs twintig man verloor het, al was hulle ver in die minderheid. Israel het egter swaar verliese gely, met 360 manne wat onnodig gesterf het. Vir eers was daar vrede, maar nie vir lank nie. Kort-kort het die humeure opgevlam tussen die navolgers van Dawid en dié van Saul. Algaande kry Dawid egter al meer die oorhand.

Vir Dawid was dit nie alleen sy sukses in die magstryd om die koningskap wat gegroei het nie maar daar was ander verwikkelinge. Dawid was mos ‘n getroude man met nou al nie minder nie as ses vrouens. Dit het beteken dat daar mos ‘n gesin moes kom. En dis presies wat gebeur het. Weldra was Dawid die trotse pa van ses seuns, onder meer Amnon, Absalom en Adonia. Dawid was waarlik ‘n geseënde man.

Hierdie seuns het egter jare later vir Dawid bittere hartseer besorg. Amnon het sy eie

suster verkrag. Absalom het daarna vir Amnon vermoor oor hierdie gruweldaad. ‘n Latere seun van Dawid, Salomo het weer vir Adonia doodgemaak. En die groot hartseer was toe Absalom teen sy eie pa in opstand gekom het en die regering wou oorneem. Hy het tragies gesterf. Nogtans, deur alles het Dawid die Here voluit gedien!

Ja, elke huis het sy kruis - selfs ook ‘n beroemde huis soos dié van Dawid. God se seën op hom was baie groot, maar die seën was vermeng met groot hartseer en ongeluk toe Dawid die spoor byster geraak het!

Dawid was besig om die kruin van sy lewe te klim. Hy moes hard werk om die volk se guns te wen en al die ontberinge het Dawid sterk gemaak. Boonop het hy elke dag sy totale afhanklikheid van God besef. Wanneer dinge goed gegaan het, het hy die lof van die Here besing. En wanneer dit swaar getrek het, het hy ook daaroor gesing en sy probleme voor God se voete neergelê.

Ons lewens is ook nie net maanskyn en rose nie. Die groot geheim is egter om te alle tye -

goed en sleg - die Here te dien. Dis so maklik om van Hom te vergeet wanneer dit goed gaan. Dawid het ons geleer om nooit óóit van Hom te vergeet nie, maar Hom deur alles voluit te dien!

Gebed:

Here, dankie dat ek weereens kan besef dat U altyd vir my daar is, deur goed en sleg. Leer my om U nooit te vergeet nie, en U altyd voluit te dien!

31

# Magspel

2 Samuel 3

**VIDEO | OUDIO**

Mens staan verstom wanneer jy sien deur watter metodes God soms dinge laat gebeur. Hy maak dikwels selfs gebruik van mense se swakhede of magsug om Sy heilige doel te bereik. En dis presies wat hier gebeur het om die aanspraak op die troon vir Dawid te verstewig.

Abner was Is-Boset se regterhand-man. As bevelvoerder van sy leër was Abner in ‘n sekere mate nog magtiger as die koning sélf. Hý was immers verantwoordelik om die koning op die troon te kry. Nou was Abner se oog egter sélf op die troon. Hy het gedink dat as hy een van Saul se vroue vir homself sou neem, dan was hy so ‘n bietjie nader aan die troon. Is-Boset het egter van sy set te hore gekom en Abner uitgetrap daaroor. Abner het besluit dat hierdie koninkie nie vir hóm sou voorskryf wat om te doen nie! Hy het hom

gruwelik vir Is-Boset vererg, sy goedjies gevat en geloop! Hy sou nie langer Israel se leër aanvoer nie!

Maar wat is ‘n generaal dan nou sonder ‘n leër? Abner besluit dat as hy nie vir Is-Boset kon veg nie, dan sou hy maar vir Dawid gaan veg. Hy voeg die daad by die woord en stuur boodskappers na Dawid om met hom te gaan onderhandel. Dawid het hierin dadelik ook ‘n geleentheid vir homself gesien en laat weet vir Abner dat hy maar kon kom. Daar was egter ‘n voorwaarde. ‘n Paar jaar tevore het Saul Dawid se pragtige vrou, Mikal vir iemand anders gegee. Dawid se hart het steeds met ‘n punt na haar gestaan en Abner moes haar saambring as hy by Dawid wou aansluit. Abner het dadelik ingestem!

Intussen besluit Dawid dat hy liewer ‘n ander weg wou volg. Hy stuur óók boodskappers na Is-Boset en verwittig hom dat hy sy vrou terug wou hê - die vrou wat sy skoonpa van hom gesteel het. Dan word daar vir ons ‘n patetiese prentjie geskilder van Mikal wat deur Abner weggelei word terwyl haar man

huilend agterna loop. Toe Abner hom soos ‘n hond wegjaag, het die arme man druipstert omgedraai.

Intussen besluit Abner dat hy eers in Israel wou voorbrand maak vir Dawid. Hy wou die mense oorreed om Dawid te aanvaar as koning. Dit sou beslis nie moeilik wees nie want baie mense was Dawid alreeds goedgesind. Met die Benjaminiete was dit egter ‘n bietjie moeiliker, want hulle was verwant aan Saul, maar selfs met húlle slaag Abner uiteindelik om goeie voorspraak te doen en só in Dawid se goeie boekies te kom.

Dan gebeur daar egter iets wat gróót reperkussies gehad het. Abner het Dawid ontmoet en hom meegedeel dat hy hard sou werk om Israel te oorreed om Dawid as Koning te kroon. Joab was nie bewus van die ooreenkoms tussen Dawid en Abner nie. Toe hy dus van Abner se besoek te hore kom, was hy woedend dat die vyand se generaal Dawid kom besoek het. Sonder Dawid se medewete gaan hy agter Abner aan en

vermoor hom - sy broer se dood het nog vars in sy geheue gesit en sy wraak was soet.

Toe Dawid hoor van Abner se dood, het hy daaroor getreur. Hy wou seker maak dat almal kon sien hoe diep die tragedie hom getref het, en hy het ook seker gemaak dat almal geweet het dat hy niks met Abner se dood te doene gehad het nie.

Wat was hier besig om te gebeur? Dit het alles oor ‘n magstryd gegaan - mense se honger na meer en meer mag. Ons het hulle regdeur die geskiedenis gesien! Hitler se magshonger het gelei tot miljoene mense se dood. Die intriges, verraad en moord in die heerskappy van die Caesars is klassiek - Antonius, Cleopatra, Octavianus - alles vir mag. Nie eers te praat van die woedende magstryd in ons eie mooi land tot die aanloop van vanjaar se verkiesing nie!

Abner wou vir homself ‘n magsposisie opbou. Toe hy dit nie met Is-Boset kon regkry nie, begin hy baie subtiel te werk aan Dawid. Was dit dalk ‘n poging om homself op te werk tot ‘n posisie waar hy die leër by Joab kan

oorneem? En Dawid? Wat was sy motief werklik om Mikal terug te kry? Was hy waarlik nog só lief vir haar? En dit nadat hy alreeds ‘n string ander vrouens gehad het? Of was dit ook maar net ‘n poging om sy eie posisie te verbeter om Saul se koningskap in te palm? Mikal wás immers Saul se dogter! En Joab? Was daardie moord slegs weerwraak omdat Abner sy broer se dood veroorsaak het? Of was dit dalk óók om sy magsposisie te verhoog tot die enigste generaal in Judea sowel as Israel?

Hoe dit ookal sy - deur al hierdie dinge sien ons hoedat God dit bewerkstellig het dat die weerstand in Israel vinnig besig was om te verbrokkel en hoedat mense al meer begin het om Dawid te aanvaar as hulle toekomstige koning. Is-Boset se mag was baie vinnig besig om te verbrokkel.

Moenie bang wees wanneer die magte mekaar aanvat nie, soos ons selfs vandag in ons eie land sien gebeur. Ten spyte van mense se magspeletjies en al hulle geknoeiery, kan God op die ou end steeds uit

al die slegte iets goed laat voortvloei. Ons het dit gesien met die gebeure tydens Jesus se kruisiging, waar die bose magte absoluut in God se hand gewerk het. Hy was elke oomblik in volle beheer! Hy is steeds vandag nét so in beheer!

Gebed:

Dankie Here, dat ek nie hoef te vrees nie, al lyk dit asof alles verkeerd loop. U is in beheer!

32

# Uiteindelik Koning!

2 Samuel 4 - 5:8

**VIDEO | OUDIO**

Dit is die warmste deel van die dag, en almal wat dit kan bekostig, gaan neem eers ‘n middagslapie. So ook die Koning van Israel, Is-Boset. Dit word egter sy héél laaste middagslapie, want daar is twee manne wat nie só rustig is nie. Onder die dekmantel dat hulle koring kom aflewer, sluip die twee sluipmoordenaars die koning se huis binne. Hulle sluip tot rég in Is-Boset se slaapkamer sonder dat iemand onraad vermoed. Hulle pluk ‘n vlymskerp mes uit en steek hom in die maag. Voordat die koning tot verhaal kan kom, sny hulle sy kop af, prop dit in ’n sak en vlug ongesiens met hulle grusame pakkie by die paleis uit. Die twee manne is hoogs in hulle skik met wat hulle bereik het - hierdie bloederige sak gaan vir hulle baie roem bring en sékerlik ‘n gróót beloning as hulle dit vir Dawid wys.

Dwarsdeur die nag stap hulle die moordende ent pad tot by Hebron om vroeg die oggend baie trots vir Dawid te wys wat hulle gedoen het. “Vandag het die Here vir die koning wraak geneem!” Hulle is baie ingenome met hulleself as hulle vir Dawid elke grusame detail vertel van hoe hulle Is-Boset, die seun van Saul vermoor het.

Dis só tragies dat jy in die vergeelde blaaie van die geskiedenisboeke lees hoedat daar telkemale afskuwelike dade gepleeg word onder die dekmantel van Godsdiens! Die kruistogte was maar een voorbeeld hiervan. Duisende mense is om die lewe gebring omdat hulle nie dadelik die Christelike godsdiens wou aanvaar nie. As jy mooi daaroor dink, is dit eintlik Godslasterlik om voor te gee dat jou eie selfsugtige dade gepleeg word in die Naam van die Here!

Met hierdie twee manne was dit ook niks anders nie. Hulle dink dat hulle ryklik beloon sou word hiervoor. Maar dalk het hulle nie gehoor wat met die Amalakiet gebeur het wat Saul met sy selfdood die ewigheid in gehelp

het nie. Dawid het deernis gehad met Saul ten spyte van die feit dat Saul hom wou doodmaak. Dawid het steeds nét soveel deernis met Saul se familie, al beteken dit dan ook dat hulle hom van sy regmatige troon afhou. Soos met die Amalakiet, word die twee sluipmoordenaars doodgemaak en hulle liggame word geskend om te wys hoeveel afsku hy het met dit wat hulle gedoen het. Is-Boset se liggaam word egter met deernis saam met dié van Abner in Hebron begrawe.

Nou is die finale struikelblok uit die weg geruim vir Dawid om koning te word, sonder dat hy ‘n vinger gelig het om dit te bewerkstellig. Alles het gebeur as gevolg van mense wat gewedywer het om die mag in hulle besit te kry en in hulle pogings hulle eie einde tot gevolg gehad het!

Dawid se koningskap is die absolute hoogtepunt in die geskiedenis van Israel. Dit lei inderdaad ‘n “goue tydperk” in vir Israel. Abner het voor sy ontydige dood die noordelike stamme deeglik voorberei.

Wanneer Is-Boset dus sterf, is dit ‘n natuurlike reaksie van hulle kant dat Dawid die aangewese persoon is om die koningskap oor te neem. Hulle het lank reeds groot respek vir hom as strateeg, en boonop het die Here mos Persoonlik bepaal dat Dawid koning sou word. Al die leiers kom bymekaar en dan word die man wat eers ‘n eenvoudige skaapwagter was, gekroon as herder vir die volk!

Daar is egter nou ‘n probleempie - die volk het nie ‘n sentrale hoofstad nie. Dawid het sy oog op ‘n vesting wat soos ‘n rots staan, ‘n vesting waarvoor niemand kans sien nie – Jerusalem! Dit is byna onmoontlik om hierdie stad te oorwin. Die inwoners van hierdie stad was houtgerus, want dit sit beslis nie binne Dawid se mag om hulle te verower nie. En selfs al word hierdie stad beleër, beskik hulle van ondergrondse watertonnels wat hulle vir jare kan laat oorleef. Die inwoners spot selfs dat “blindes en kreupeles” die stad kan beskerm teen enige inval!

Dawid stuur nie die leërmagte van Israel om die stad te verower nie, maar sy eie persoonlike weermag. Dit is waarskynlik juis deur hierdie strategiese watertonnel (vandag bekend as Warren se Skag) wat Dawid se troepe toegang kry tot die stad, en almal totaal onverhoeds betrap. Die stad staan later dan ook bekend as die Dawidstad. Nou is Dawid behóórlik gevestig op 'n uiters strategiese plek, reg op die grens tussen Juda en Israel. En hy word ten volle aanvaar deur beide groepe.

Dawid is uiters voorspoedig omdat die Here met hom is. Maar Dawid weet baie goed waar sy seën vandaan kom. Iemand anders sou dit dalk kon toeskryf aan sy eie voortreflikhede - Dawid het immers alle rede gehad om dit so te sien. Maar hy doen nie en ons leer Dawid ken as iemand wat baie naby aan die Here leef.

Wanneer iemand só naby aan God leef soos Dawid, dan kry alles in die lewe 'n nuwe betekenis. Jou teenspoed is draaglik, want jy besef dat God Sy doel ten spyte daarvan kan

bereik. Dit maak jou terselfdertyd ook dééglik bewus van God se krag en almag. Boonop is jou voorspoed net sovéél heerliker omdat jy die hand van die Here daarin sien, en jy besef hoe groot God se genade werklik oor jou is!

Gebed:

Here, ek kan nie ophou nie om U te loof en dank vir die feit dat U my God is. Dankie, dankie vir U groot genade oor my!

# 33

# Die Verbondsark

2 Samuel 5:9-6:11

**VIDEO | OUDIO**

Noudat Dawid uiteindelik koning is, gaan dit met hom baie goed. Hy neem sy intrek in sy nuwe stad, Jerusalem. ‘n Koning moet darem ‘n behoorlike paleis hê en Dawid begin beplan aan sy nuwe woonplek. Dawid betree nou die internasionale arena! Daar daag ‘n afvaardiging van die koning van Tirus op met ‘n vrag sederhout en ambagsmanne om die nodige bouwerk te kom doen. Wanneer hy sy intrek in die paleis neem, is daar natuurlik baie plek om sy gesin uit te brei, en Dawid vat vir hom nog ‘n paar vrouens en sommer ‘n paar byvrouens ook. Vir ‘n koning in daardie tyd was ‘n klomp vrouens ‘n statussimbool. Dit het egter om veel meer as status gegaan. Deur met die dogter van ‘n ander koning te trou, smee jy diplomatieke bande met daardie koning en sy koninkryk. As julle familie is, gaan die kanse dat julle sal

oorlog maak teen mekaar soveel kleiner wees!

Maar dit gaan nie net goed met Dawid op huishoudelike vlak nie maar óók op die slagveld vaar hy goed. Wanneer die Filistyne verneem dat Dawid as koning van Israel gekroon is, besluit hulle om ‘n massiewe aanval op hom te loots. Van oral oor trek die troepe saam om Dawid te vermorsel. Dawid is egter héél rustig hieroor. Hy raadpleeg die Here en vra wat hom te doen staan. Dan doen hy slegs wat die Here vir hom sê om te doen. Die gevolg is dat die Filistyne baie swaar verliese ly en inderhaas op die vlug moet slaan. So haastig was hulle om weg te kom dat hulle selfs die afgode wat hulle saam met hulle gepiekel het om hulle te help om die slag te wen, nét so agterlaat!

Dis tóg ironies dat mense werklik kan dink dat dooie afgode hulle kan help! Maar dit was nie net in Dawid se tyd dat mense na afgode gegryp het nie - vandag gebeur dit steeds! En nou praat ek nie van die Hindoes wat afgode aanbid nie - ek praat van ons

moderne afgode. Finansiële sekuriteit, status, dobbelhuise, mag en nog baie meer. Niks van hierdie dinge kan vir jou ware geluk bring nie.

Dawid het egter nog één gróót begeerte en dit is dat die Ark van God na die nuwe hoofstad, Jerusalem gebring word as simbool dat God die éintlike regeerder van Israel is. Dawid is baie opgewonde: dit sal gróót betekenis hê as die Verbondsark in sy stad, Jerusalem kan staan! Dit sal natuurlik beteken dat Jerusalem nie net die strategiese hoofstad word nie, maar terselfdertyd óók die Godsdienstige hoofstad!

Dawid kies dertig afdelings uitgesoekte soldate om die Ark te gaan haal en op ‘n wa na Jerusalem te bring. Maar wanneer ons hierdie geskiedenis lees, dan is daar iets wat pla - iets wat nie mooi sin maak nie. In die geskiedenis van die intog in die beloofde land sien ons met hoeveel sorg en respek die Verbondsark hanteer was. Slegs priesters was toegelaat om die ark te dra en daar was baie spesifieke voorskrifte. Nou word die Ark

deur ‘n spul rowwe soldate hanteer en sommer op ‘n wa vervoer?!

Daar is egter baie groot opgewondenheid en Dawid en almal wat hierdie tog meemaak dans en sing. Daar word uitbundig musiek gemaak en dis ‘n baie vrolike geleentheid. Maar dan gebeur daar ‘n tragiese ding wat eintlik onvermydelik was. Een van die osse struikel en die Verbondsark skuif gevaarlik op die wa. Een van die twee drywers, Ussa gryp na die ark om dit te red. Hy word getref deur die toorn van God en hy sterf op die plek! Dawid skrik hom asvaal! So ‘n ding het hy nooit verwag nie! En net daar besluit hy dat hy nie verder die ark sou vervoer nie. Dit moes nét daar afgelaai word by die huis van Obed-Edom in die stad Gad. Daar sou die ark vir drie maande oorstaan voordat Dawid weer die moed kon bymekaarskraap om dit verder te neem.

Waarom was Ussa getref deur die toorn van God? Hy het dan net probeer goed doen! Was dit nie ‘n bietjie kras nie? Moontlik moet ons eerder vra waarom Dawid en sy gevolg

nie óók getref was deur God se toorn nie! Dit was blote genade en vir Dawid was dit ‘n ernstige vingerwysing!

Die hele aksie was van die begin af verkeerd hanteer. Dawid het nie soos gebruiklik eers die Here geraadpleeg oor wat hy moes doen nie - hy het sommer sy eie kop gevolg. Dalk was sy motiewe ook verkeerd? Het dit dalk nie vir hom soveel gegaan oor wat God wou hê nie, maar dat die Verbondsark as simbool van God se teenwoordigheid vir homself status en aansien sou gee as dit in sy eie stad was? Dalk het hy ook gevoel dat daar ‘n soort magiese krag in die Ark was, want dis mos God se simbool. En dan het Dawid in sy gretigheid om die ark te kry gladnie ag geslaan op die voorskrifte wat God gegee het nie. Die Ark moes met die nodige respek behandel word, juis omdat dit God simboliseer.

Ons moet vandag ook steeds baie deeglik besef dat God steeds die hoogste gesag is en dat ons met baie groot respek van Hom (en met Hom) moet praat. Die tendens om

sommer ligtelik oor Hom te praat en selfs grappies oor God te maak, gee my yskoue rillings! Ja, natúúrlik is Hy toeganklik deur Jesus en natúúrlik kan ek met vrymoedigheid met Hom gesels. Maar ek moet deeglik besef met Wie ek werklik te doen het en Hom die nodige respek gee!

Gebed:

Here, ek aanbid U vandag as die almagtige God. Ek besing U grootheid en majesteit. En ek eer U!

34

# Dawid se Dans

2 Samuel 6:9-23

**VIDEO | OUDIO**

Dawid het baie groot geskrik toe hy sien wat gebeur met Ussa. Die Verbondsark is na die huis van Obed-Edom toe geneem. “Hoe kan die Ark van die Here nou na my toe kom?” het Dawid gehuil. “Ek sien nie kans daarvoor dat dit in die Dawidstad inkom nie. Ek het verkeerd gehandel voor God!”

Soms gebeur dit met ‘n gelowige dat dinge vir jou baie voorspoedig raak en dat jy dan kan vergeet om die Here te ken in ‘n saak. Dit kan dikwels selfs ‘n baie edel taak wees wat jy aanpak. Dawid se idee om die Ark na Jerusalem te bring was beslis edel maar hy het sy eie kop gevolg hieroor.

Wanneer ek ’n dagstukkie skryf, is dit ’n baie edel saak en jy sal sekerlik met my saamstem. Ek besef ook baie deeglik dat ek dit nie kan skryf sonder die inspirasie van die

Heilige Gees nie. En tóg gebeur dit soms dat ek gaan sit en begin skryf uit my eie kennis en ondervindinge, sonder om eers ’n gedagte te gee aan wat die Here eintlik wil hê dat ek moet skryf!

Ons moet in gedurige, totale afhanklikheid van God leef en Hom ken in absoluut alles wat ons doen, al is dit ook geestelike werk – en verál dan! Dit geld ook vir ons daaglikse werk waar ons in die kantoor besig is. Jy mág maar werk en Godsdiens meng! Bid die Here vir wysheid om te doen wat jy moet doen sodat jy dit tot eer van Hom kan doen.

Dawid het drie maande gehad om te dink oor wat hy gedoen het. Toe pak hy die saak wéér aan, maar hierdie slag op die regte manier. Hierdie keer volg hy die voorskrifte van die Here en die Ark word gedra deur priesters volgens God se voorskrif. Dit het gepaard gegaan met ‘n fees van ongekende omvang en die hele volk was daar om te deel in die groot vreugde. Elke ses treë wat die ark gedra was, was daar aan God ‘n offer gebring van ‘n bul en ‘n vetgemaakte kalf.

Kan jy jou indink hoeveel offers daar in totaal gebring was en hoeveel beeste geslag was?

Al die pad was daar musiek gemaak, op die ramshorings geblaas, gedans en feesgevier. En die koning? Hy het nie maar op sy troon gesit en al hierdie dinge gade geslaan nie. O nee, hy het met volle oorgawe saamgedans, gehuppel en deelgeneem! Toe hulle Jerusalem binnekom met die Ark, het daar ‘n groot gejuig opgeklink van die hele volk. Dit het weergalm deur die klowe en oor die berge van die geluid van ramshorings en die gejuig van die skare. En Dawid het gedans dat die biesies bewe!

Ons lees in 2 Samuel 6:14-16 iets wat mens baie laat wonder. Ons sien dat Dawid slegs ‘n linne skouerkleed, die kleed wat die priesters dra aangehad het. Intussen het sy vrou Mikal op die balkon van die paleis hierdie optog gestaan en gadeslaan met ‘n suur gesig. Wat vir haar ‘n groot vreugde moes wees het ontaard in ‘n verskriklike verleentheid toe sy haar man hier onder voor die groot skare sien dans en rondspring,

geklee in slegs ‘n skouerkleed. So erg het dit haar gegrief dat sy hom daarvoor verag het!

Dit laat by ons ‘n paar vrae wat ons nie maklik kan beantwoord nie. Waarom het sy hom werklik verag? Was dit dalk dat sy gedink het dat dit nie fatsoenlik of waardig genoeg was, omdat hy die priesterlike kleed gedra het en nie sy waardige koninklike kleed nie? Of was dit eerder dat hierdie skouerkleed die enigste kledingstuk was wat hy aangehad het en dat met al die gedansery en gerondspring, daar dinge gewys het wat nie betaamlik was om te vertoon nie? Ons kan maar net raai. Kon dit nie dalk ook wees dat Mikal bloot hoogmoedig was en dat sy dit verag het dat haar man, die koning hom so buitensporig gedra het nie?

Dalk kan ons simpatie hê met Mikal! Dawid het dikwels baie impulsief opgetree, sonder om mooi te dink oor wat hy doen. As jy in ‘n leiersposisie is moet jy dinge baie deeglik oordink. Jy moet baie versigtig wees om nie die verkeerde indruk te skep nie, al is jou bedoelinge ook hóé goed. Dawid het ‘n

verantwoordelikheid gehad teenoor die volk en hy moes vir hulle ‘n simbool van integriteit wees.

Die Ark was op sy plek neergesit, daarna het Dawid die rol van priester oorgeneem om die volk te seën en te offer aan die Here. Niemand het met leë hande huistoe gegaan nie en daar was brode en dadels uitgedeel voordat die volk huiswaarts gekeer het.

In Dawid se paleis was dinge egter nie so lekker nie. Toe alles die aand verby was, word hy uitgetrap deur Mikal omdat hy hom so verspot gedra het. Hy het skandelik opgetree en (volgens haar) “homself ontbloot voor die slavinne van sy onderdane.” Huismoles!

Dawid se vrou het géén begrip gehad vir sy vreugde nie. Wat ‘n antiklimaks! Hy het haar emosionele uitbarsting met logika probeer uitredeneer, maar duidelik het hy nie begryp dat dit by haar ‘n emosionele saak was en dat sy maar net wou trots wees op haar man nie! Verwyte word geslinger en die huwelik beland op die rotse. Tragies!

So maklik kon alles gered gewees het as hulle maar net na mekaar wou luister! En dit is presies waar baie huwelike vandag sink, waar huweliksmaats eerder verwyt as om na mekaar te luister.

Gebed:

Here, help my asseblief om na my huweliksmaat te luister.

35

# Dawid wil Tempel Bou

2 Samuel 7

**VIDEO | OUDIO**

Dit gaan goed met Dawid - sommer baie goed! Vandat hy die koningskap van die huis van Saul oorgeneem het, is daar niks anders as seën in sy lewe nie. Dawid het sy eie stad gekry - Jerusalem. Hy het die pragtigste paleis gekry om in te bly - een wat binne versier is met sederhout. En boonop het die ander volke in die omgewing baie gou gesien dat hulle nie met Dawid moet sukkel nie, want hulle gaan beslis tweedebeste hiervan afkom. Dus laat hulle Israel in vrede.

Na al die jare van vlug voor Saul en van werk as ‘n huursoldaat vir die Filistyne, kan Dawid nou rustig agteroor sit en die lewe geniet. Daar is rus en vrede in Israel.

Maar stilsit en niksdoen is twee woorde wat nie in Dawid se woordeskat voorkom nie. Sy hande jeuk! Boonop voel hy baie skuldig

wanneer hy sy pragtige paleis geniet! Die Verbondsark van God staan daar buite in ‘n tent terwyl hy, Dawid in weelde leef! Dit sal nie deug nie! Al die ander volke se gode bly in pragtige tempels terwyl die God van Israel met die tweedebeste tevrede moet wees!

Dan besluit Dawid: “Ek gaan vir die Here ‘n huis bou, ‘n behóórlike huis!” Hy laat kom dan ook summier die profeet Natan en deel opgewonde sy gedagtes met hom. Natan is sommer dadelik baie entoesiasties hieroor want dit is ‘n briljante idee. Dis mos reg, daar móét tog ‘n mooi huis vir God wees. “Doen dit gerus Dawid. Die Here is by u.”

Daardie nag kan Dawid skaars slaap. Hy is so opgewonde soos ‘n klein seuntjie wat ‘n nuwe speelding gekry het! Heelnag lê hy en beplan hoe hierdie huis gaan lyk. “Dit moet ’n stewige gebou van gekapte klip wees, en natuurlik van hoek tot kant met sederhout uitgelê wees. En daar moet kwistig met die goud en silwer gewerk word. Hierdie tempel sal ‘n sierraad vir God wees en die hele wêreld sal weet: Hier bly die God van Israel!”

Maar Dawid is nie die enigste wat nie kan slaap nie - in sy huis lê die profeet Natan óók en rondrol. Daar is iets ernstig wat hom hinder oor Dawid se beplande tempel. En dan hoor hy baie duidelik die Stem: “Natan, gaan sê vir My dienaar Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My ‘n huis bou om in te woon?” Natan se hart krimp ineen. Hy wag daarvoor: “Vandat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het tot nou toe het Ek nog nooit in ‘n huis gewoon nie.” Natan moet die nuus aan Dawid gaan oordra dat die Here nie wil hê dat hy daardie tempel bou nie.

Natan se maag staan op ‘n knop getrek as hy die volgende oggend hierdie slegte nuus aan Koning Dawid moet oordra. Hoe gaan Dawid reageer? Gaan hy hom uitvreet omdat hy ‘n fout gemaak het? Dawid sal sékerlik nie gelukkig wees nie!

Al stotterende dra Natan die boodskap oor aan Dawid: “Die Here sê dat Hy daar saam met jou en jou vee in die weiveld was. Hy is die Een wat jou daar weggevat het en Hy was ál die pad saam met jou, oral waar jy

gegaan het. Hy het jou vyande vir jou verslaan en Hy het jou koning gemaak en gevestig.” Natan vertel verder dat God nie ‘n rusplek nodig het nie en óók nie ‘n huis om in te bly nie. Dawid hoef nie vir die Here ‘n huis te bou nie. Die Here gaan eerder vir Dawid ‘n huis bou - ‘n koningshuis! Ja, Hy sal vir Dawid ‘n baie besonderse nageslag gee. Dawid se seun sal egter die eer kry om ‘n tempel te kan bou waar mense God kan aanbid. Hy belowe dan ook vir Dawid dat sy koningskap vir altyd sal bly voortbestaan.

Ons moet baie deeglik besef dat die Here ‘n dinamiese God is en dat mense nie vir Hom hoef te sorg nie. Hy is eerder die Een wat vir húlle sorg! En dan natuurlik daardie belofte van die koningskap wat vir ewig sou staan: in Jesus het dit gestalte gekry en dit bestaan vir ewig!

Is Dawid verslae oor sy pragtige droom wat so voor sy oë verwelk het? Nee! Hy gaan buig in nederigheid voor die Here, want wie is hy dan tog dat die Here so goed is vir hom? Dat die Here hom so besaai met

beloftes en seëninge? Trane van dankbaarheid stroom oor Dawid se wange: “Groot is U, Here my God!” borrel die loflied oor Dawid se lippe. “Daar is niemand soos U nie. Buiten U is daar géén God nie.” Dawid kan nie ophou om die Here te loof, dank en prys nie. Hy eindig sy roerende gebed met die woorde: “Here my God, U het gepraat en omdat U seën, is die koningshuis van U dienaar vir altyd geseën.”

Dawid laat my vanoggend baie skaam kry, want só dikwels mor en kla ek wanneer ek graag iets baie edel wil doen, maar die Here verhoed my om voort te gaan. My dankbaarheid is dikwels maar baie skraps! Ja, ek mompel ‘n “dankie Here” as Hy iets goed vir my gee, maar my “dankie” is soms maar ‘n powere poging. Kom ek en jy gaan sê ‘n slag behóórlik vir die Here dankie vir al die seëninge waarmee Hy ons so bestrooi. En kom ons gaan leef die “dankie” prakties uit!

Gebed:

Here, dit borrel vandag in my van dankbaarheid oor alles wat U vir my gedoen het!

36

# Ledigheid en Begeerte

## 2 Samuel 11:1-4

**VIDEO | OUDIO**

Soos ons gister verneem het, gaan dit sommer baie goed met Dawid. Veldslag op veldslag word gewen en die Here gee sy vyande keer op keer in Dawid se hand. Die Filistyne word aan Israel onderwerp; die Ammoniete, Moabiete, Arameërs - almal moet die knie buig voor Dawid se magtige leër. Met manne soos Joab en sy broer Abisai as aanvoerders van sy gedugte weermag, het nie een van die buurvolke 'n kans teen Israel nie.

Dit gaan goed met Dawid!

Maar iets is nie reg nie. Dit is lente - die tyd wanneer die konings gewoonlik oorlog maak. Maar Dawid is nie daar in die veld saam met sy manne nie. Terwyl Joab en die soldate besig is om teen die Ammoniete te veg, sien ons vir Dawid waar hy baie ontspanne sy

middagslapie geniet in die rustigheid van sy paleis in Jerusalem. Hy het nie juis ‘n saak met wat daar op die slagveld aangaan, waar sy manne besig is om die stad Rabba te beleër nie. Alles is mos in goeie hande!

Wanneer Dawid klaar uitgerus het, gaan hy vir ‘n wandeling op die paleis se dak. Hiervandaan het hy ‘n pragtige uitsig oor die stad en oor al sy lojale onderdane. Dawid glimlag tevrede want hy het nou absoluut alles wat sy hart ooit sou kon begeer! Sy oë dwaal oor die huise hier rondom die paleis. Hier kan niemand enigiets vir hom wegsteek nie want van hier bo af sien hy rég tot binne-in elke huishouding. Vandag is hier byna nie ’n enkele man in die stad nie want almal is mos besig om oorlog te maak en Dawid voel soos die enigste haan onder die henne.

En dan skielik gee sy hart ‘n wilde bokspring. Hy kyk, en hy kyk wéér! Nee, hy kyk nie net nie - hy staar oopmond! En die begeerte drup eintlik uit Dawid se mond. Wat hy sien, maak dinge in hom wakker. Hier reg onder sy oë is ‘n vrou besig om te bad in die privaatheid van

haar agterplaas. Sy het egter géén privaatheid van die paleis se dak af nie! Salig onbewus van die starende oë staan die jong vrou haar lyf en afspoel. En Dawid kwyl! Só beeldskoon het hy nog nóóit in sy lewe aanskou nie. “Vir haar wil ek hê”, prewel Dawid vir homself, “vir haar móét ek hê! Ek begeer daardie vroumens!”

‘n Rukkie later kry Dawid een van die diensmeisies in die paleis: “Wie is die mooi jong vrou wat hier aan die oostekant van die paleis bly?” wil hy baie onskuldig weet.

“O, dit is Batseba”, vertel die meisie, “dis daardie offisier Urija se vrou.”

“Dan is sy getroud,” dink Dawid teleurgesteld. Maar hy kan net eenvoudig nie daardie prentjie uit sy gedagtes kry nie. As hy sy oë toemaak, sien hy haar perfekte liggaam voor hom. Hy probeer die gedagte afskud, maar dit kom net weer en weer terug. Daardie nag lê Dawid en rondrol in sy bed. Al wat hy die hele tyd voor hom sien, is die naakte liggaam van daardie beeldskone vrou en die water wat haar lyf laat blink in die

laatmiddag son. En die begeerte vreet hom op!

Die volgende oggend is Dawid soos ‘n beer met ‘n seer kop. Almal moet net spring om in sy regte boekies te bly. “Wat is fout?” wonder die diensmeisies onder mekaar. Dawid se verskrikte amptenare loop deur oor die geringste ou dingetjie!

Naderhand kan Dawid dit nie meer hou nie want hier binne is hy besig om te bars van begeerte en hy haal dit op almal uit. “Gaan haal vir my die vrou Batseba!” blaf hy dit uit aan sy verbaasde amptenare. Hulle kyk vir mekaar, totaal onbegrypend. “Wat het die arme vrou gedoen? Is dit dalk sý wat hom so ontstel het?” wonder hulle in stilte. “Toe, toe! Wat staan julle nog?!” bulder Dawid.

Sy buig laag voor hom neer. Dis die eerste keer dat Batseba die voorreg het om in hierdie luukse paleis te kom. Haar man, Urija het haar vertel hoe mooi dit is, maar sy kon nooit droom hoe verruklik die paleis werklik is nie. “Wat sou die koning van my wil hê?” wonder sy.

Die amptenare word uitgestuur, want Koning Dawid wil privaat met die vrou gesels. En Dawid se hart vermurwe as hy die beeldskone jong vrou voor hom sien. Sy lyk nou nóg mooier. “Kom, ons gaan gesels in die privaatheid van my kamer - daar is dit baie gemakliker as hier in die troonsaal,” nooi Dawid haar. Batseba voel gevlei dat iemand so belangrik soos die koning so baie aandag aan haar gee!

Wat daardie dag in die “privaatheid” van Dawid se slaapkamer gebeur het, kan ons net raai. Batseba is heelwat later baie vinnig daar uit met ‘n rooi gesig en oë wat na niemand wil kyk nie. En Dawid? Hy is ‘n totaal ander mens! Sy onsmaaklike bui van die oggend het totaal gesak. En hy wil net sing!

Begeerte is ‘n verskriklike ding. En dit begin gewoonlik met ledigheid. As Dawid daar saam met sy manne was waar hy hoort, sou hierdie dinge nooit gebeur nie. Ons moenie deur ledigheid die duiwel ‘n kans gee om ons lewe met begeertes te vul nie. En boonop

kan ’n “onskuldige” begeertetjie ontaard in ’n verskriklike monster, soos ons weldra sal sien. Maandag vervolg ons DV hierdie spannende verhaal.

Gebed:

Here, help my asseblief om besig te bly en nie my hart uit te leen vir slegte begeertes nie!

# 37

# Sonde Sneeubal!

2 Samuel 11:5-15

**VIDEO** | **OUDIO**

Batseba is ‘n baie bekommerde vrou - vir die afgelope weke al loop sy met hierdie angs in haar. Dan stap sy oor na haar vriendin - sy móét net raad kry en sy is te bang om haar las met enigiemand anders te deel. “Ek dink ek is swanger!” stort sy haar hart uit voor haar vriendin.

“O, maar dit is wonderlike nuus! Urija gaan so bly wees!”

“Nee, jy verstaan nie, Urija was nie hier nie! Hy was besig om oorlog te maak.....”

“Wie is dit dan?” wil haar vriendin geskok weet. As dit nie Urija is nie, dan beteken dit mos dat Batseba rondgeslaap het en dit sou sy nooit van hierdie meisie verwag het nie!

En dan kom die antwoord wat haar nog dieper skok: “Koning Dawid!” Batseba bars uit in ‘n stortvloed trane. Sy vertel al snikkend

van daardie oggend toe Dawid haar laat kom het, en dat die een ding tot die ander gelei het, en dat hulle toe........

“Wat gaan jy maak? Jy kan dit nie vir altyd wegsteek nie - jy sal hom móét gaan sê!”

Om ‘n oudisie met die koning te kry, is al klaar moeilik genoeg. En nou moet Batseba ook nog verduidelik waarom sy dan nou so dringend privaat met Koning Dawid wil praat. Al die vrae maak haar stapelgek en sy durf nie laat uitglip wat die éintlike doel vir haar besoek is nie. Maar uiteindelik word sy ingebring deur ‘n paar knorrige amptenare.

Dawid se hart gee sommer weer ‘n paar wilde bokspringe as hy die beeldskone vrou voor hom sien staan. “Laat ons vir ‘n rukkie alleen,” beveel hy die manne, en dan nooi hy haar om hier by hom te kom sit.

“Daar is ‘n probleem,” begin sy, en dan bars sy weer in trane uit. Haar lyf ruk soos sy haar smart en angs uitsnik: “Ek is swanger. En Urija was nie eers naby my nie!”

Dawid word yskoud. Dit kan net één ding beteken - hy is die pa! “Was daar niemand anders nie?”

Wanneer Batseba met rooigehuilde oë uitstap, begin Dawid se kop oortyd werk. Hoe gaan hy hierdie ding hanteer? As iemand moet uitvind wat hy aangevang het, gaan dit vir hom oneindige groot probleme veroorsaak. Urija mag nóóit hiervan te hore kom nie! Hy is een van sy beste soldate en hy durf nie hier moeilikheid kry nie! Skielik gaan daar vir Dawid ‘n liggie op: “As ek net vir Urija hier kan kry! Dan sal hy mos weer saam met sy vrou slaap en hy sal dink dat dit sy kind is! Dawid, jy is ‘n genie!”

Joab kry sommer nog daardie selfde dag die boodskap van Dawid: “Stuur Urija na my toe.”

“Wat het jy aangevang?” wil Joab laggend weet wanneer hy die boodskap oordra, “Toemaar, ek weet jy doen meer as jou deel - dalk wil die Koning jou ‘n promosie gee. Sterkte!”

Urija is skoon uit die veld geslaan as Koning Dawid so vriendelik is met hom. Hy word uitgevra oor wat op die gevegsfront aangaan en hoe dit met Joab gaan en hoe die oorlog vorder. En dan word hy huistoe gestuur om ‘n paar dae te gaan rus. Hy kry selfs ‘n geskenk van die Koning af! Urija weet nie mooi hoe om dit te hanteer nie…...

Die volgende oggend kry Dawid die ontstellende nuus: Urija was nooit huistoe nie! Hy het sommer die nag voor die paleisdeur geslaap. Hy word weer ingeroep na die Koning: “Waarom is jy nie huistoe nie? Ek het jou mos ‘n paar dae verlof gegee?”

Maar Urija wil nie byt vir hierdie een nie - hy is ‘n toegewyde soldaat en hoe kan hy dan nou weet dat al sy makkers besig is om hulleself af te sloof vir hulle volk op die slagveld terwyl hy rustig by sy vrou kuier? Nee, dit werk nie só nie! Hy sal liewer maar weer teruggaan en veg, want dit is waar hy hoort.

Dawid is desperaat - wat gaan hy doen? Hy probeer elke truuk in die boek - beveel Urija

om nog ‘n dag aan te bly - nooi hom selfs uit vir ‘n ete en dan maak hy die man dronk. Maar selfs in sy dronkenskap is Urija se pligsbesef só groot, dat hy weier om ‘n nag by Batseba deur te bring!

Dawid is radeloos! Nou is daar slegs een oplossing - hy sal van Urija moet ontslae raak! Met bewende hande skryf Dawid ‘n brief aan Joab. Urija se doodsvonnis word hierin uitgespel, want Joab moet hom héél voor in die linies laat veg en dan sy troepe onttrek sodat Urija sal sneuwel. Urija moet sélf hierdie brief by Joab aflewer! Natuurlik is hy salig onbewus van die inhoud van die brief.

Kan ‘n mens so laag daal? Sonde het die gewoonte om te sneeubal. Hoe harder jy probeer om dit toe te smeer, hoe groter raak dit. As jy met só ‘n sonde in jou lewe sit, is daar slegs één pad: BELY DIT! God is genadig en Hy sal vergewe! Maar jy móét dit eers bely en erken dat jy gesondig het. Daarna moet jy daarmee breek. Vir Dawid was hierdie maar net die begin van die

smarte. Moenie dat jou sonde só groot raak dat jy dit naderhand gladnie meer kan hanteer nie. Vandag is die tyd om daarmee te breek!

Gebed:

Here, ek wil vandag my sonde voor U bely. Dankie dat U dit alreeds vergewe het en my vrygekoop het met die kosbare bloed van Jesus. Help my om totaal daarmee te breek!

# 38

# Koelbloedige Moord!

2 Samuel 11:14-27

**VIDEO | OUDIO**

Urija stap met sy brief terug na die slagveld, salig onbewus van die inhoud daarvan. Vir al wat hy weet, is dit dalk ‘n aanstelling van Koning Dawid vir ‘n hoër offisiersrang. Hy oorhandig die brief met ‘n glimlag aan Joab.

Joab breek die seël en dan raak sy gesig wasbleek want die inhoud skok hom tot in sy siel: “Dit is niks anders as koelbloedige moord nie!” Met ‘n swaar hart stuur Joab vir Urija met ‘n “spesiale taakspan” om héél voor die moeilikste deel van die vyand aan te pak, in opdrag van Dawid. Dis ‘n harde en bloedige geveg en etlike Israeliete sneuwel - ook Urijah.

Na die geveg stuur Joab ‘n boodskapper na Dawid. Sy opdrag oor presies hoe hy die nuus aan die koning moet oordra, moet hy noukeurig nakom. Die boodskapper verstaan

nie mooi waarom hy nou juis sy boodskap op só ‘n wyse aan Dawid moet gee nie, maar hy is mos maar net ‘n boodskapper - hy sal dit vertel presies net soos Joab beveel het.

Koning Dawid luister aandagtig na die boodskapper se relaas: “Die vyand het die oorhand oor ons gekry en ons tot in die oop veld gedruk.” Dawid vererg hom oor die onbeholpenheid van sy soldate. As hy daar was sou dit nooit gebeur het nie! Maar die man vertel verder: “Ons het hulle toe darem weer teruggedryf tot by hulle stad. Maar toe kom die moeilikheid wat hulle nie voorsien het nie - die manne daar op die stadsmure het op ons losgebrand met pyl en boog en baie van ons manne het gesneuwel.”

Nou kook dit in Dawid: hulle moes mos geweet het dat die vyand hulle kon raakskiet! Hulle moes versigtiger gewees het!

“En...... en u dapper offisier, Urija het ook daar gesneuwel....” stotter die man dit uit. Hy verwag ‘n uitbarsting van Dawid want hierdie is die éintlike slegte nuus! Urija was een van die grotes!

Skielik swaai dawid se bui om en hy is kalm: “Toemaar, gaan sê vir Joab dat sulke dinge maar gebeur - mense sneuwel wanneer jy oorlog maak. Gaan terug en veg dapper en praat asseblief vir Joab moed in.” Die boodskapper kan dit nie verstaan nie. Hy het ‘n ontploffing verwag!

Wanneer die diensmeisie voor Batseba se deur staan, sien Batseba sommer dadelik dat daar slegte nuus is. “Dis jou man, Urija…..” Die meisie probeer die nuus sag maak: “Hulle vertel dat hy baie dapper geveg het, maar...... die vyand was te sterk - hy het gesneuwel.”

Batseba voel hoe die bloed haar kop verlaat. Sy sak inmekaar. “O, Urija, my man....” snik sy. Hoe lief was sy nie vir hom nie - hoe trots was sy nie op hom nie! Hy het sy pligte as soldaat só ernstig opgeneem. Dit is ‘n bitter routyd wat Batseba deurgaan. Die vroue van Jerusalem kom om haar te troos, maar haar hart is verskeur. Haar dapper man is dood......

Wanneer dinge bedaar het en Batseba se routyd verby is, ontferm die koning hom oor hierdie arme weduwee van sy top-soldaat. Hy bied haar ‘n heenkome aan en sy neem haar intrek in die paleis as Dawid se vrou.

Hierdie droewige verhaal laat ‘n paar vrae in ‘n mens se gemoed. Op die oog af is Dawid die enigste skuldige in die hele verhaal. Hy het sy oë laat dwaal en toe doen hy die onbetaamlike om vir Batseba, ‘n getroude vrou na die privaatheid van sy slaapkamer te nooi met voorbedagte rade. Was Batseba gewillig, of moes sy maar net eenvoudig toegee aan Dawid? Jy durf mos nie weier as die koning iets van jou vra nie? As dit die geval was, dan was dit niks minder nie as verkragting! En natuurlik is Urija se dood koelbloedige moord – iets wat deeglik deur Dawid beplan is!

Daar is egter ook ‘n ander moontlikheid: Het Batseba nie dalk doelbewus vir Dawid uitgelok nie? Het sy nie dalk geweet dat hy om só ‘n tyd gewoonlik op die dak wandel nie? En dat sy doelbewus gebad het waar hy

haar kon sien nie? Om deur die koning raakgesien te word, sou mos beteken dat sy die kans sou staan om koningin te kon word. Het sy nie dalk help beplan aan Urija se moord nie? Sy was uiteraard in die moeilikheid en sy moes ’n plan maak! Dit sou haar medepligtig maak aan Urija se dood en dit sou ‘n totale ander prentjie skets. Dit is egter slegs spekulasie. Jakobus 1:14,15 som hierdie verhaal mooi op: “[14] Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. [15] Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.”

Alles het begin met ‘n begeerte en dit het Dawid (moontlik ook Batseba?) oorweldig sodat dit uitgeloop het op owerspel en moord. Dit het ook uiteindelik die dood beteken van die kindjie wat gebore is. Tragies! Martin Luther het gesê: “Ek kan nie verhoed dat ‘n voël oor my kop vlieg nie, maar ek kan verhoed dat hy in my hare

nesmaak.” As versoekings dreig - draai weg voordat dit ‘n begeerte word!

Gebed:

Here, help my asseblief om weg te draai van versoekings af en om sterk te staan!

39

# Die Ooilammetjie

2 Samuel 12:1-14

**VIDEO | OUDIO**

Vir Dawid is die nagmerrie verby en vir die eerste keer kan hy nou weer ontspan. Hy kan natuurlik nie help om skuldig te voel oor Urija nie - dit is so jammer dat so 'n goeie soldaat moes sneuwel. Maar nou is sy huwelik met Batseba darem wettig en niemand sal ooit weer navraag doen oor die aangeleentheid nie. Hoe lief is hy nie vir hierdie mooi nuwe vroutjie van hom nie!

Die profeet Natan lê en rondrol op sy bed - hy kan nie slaap nie. Natan worstel met die Here, want hy het 'n verskriklike opdrag gekry - om aan die geliefde Koning Dawid die verdoemende nuus te gaan oordra oor God se oordeel. Natan kan nou nog nie glo dat Dawid so laag kon daal nie! Hy is dan so vroom! Boonop skryf hy die mooiste liedere vir die Here? “Here, dit moet 'n fout wees?” pleit Natan. Maar hy wéét: die Here maak

nooit foute nie. “Hoe moet ek die saak behartig Here? Wat moet ek vir hom sê?”

Dan staan Natan op en maak hom reg om die koning te gaan spreek. Hy weet presies wat om te sê want die Here het dit vir hom op die hart gelê. Hy sal vir Dawid vertel van ‘n man met ‘n skaap - sy enigste ooilammetjie.

Wanneer Natan die paleis se trappies opstap, klap sy kniekoppe eintlik teen mekaar soos hy bewe van pure vrees! “Hoe gaan Dawid reageer?” Sy maag staan eintlik op ‘n knop van senuwees. Hy wil wegvlug, maar hy durf nie. “Here, help my asseblief....” huil hy.

Die wagte maak die reuse deure van die troonsaal voor Natan oop. Hy word begroet deur luuksheid wat drup van die mure af. Maar nou sien Natan dit skaars raak. ‘n Groot kalmte vloei skielik oor hom en hy voel hoedat die selfvertroue hom vul. “Dankie Here!” prewel hy saggies.

Die profeet word hartlik ontvang deur Dawid: “Watter nuus het jy vir my?” skerts die koning.

Natan se gesig word strak as hy vir Dawid die verhaal vertel van die arm man met die ooilammetjie wat hy vertroetel het en soos sy eie kind grootgemaak het. Menigmaal het die skapie op sy skoot kom lê en daar aan die slaap geraak. Sy het selfs uit sy eie beker gedrink.

Dawid glimlag salig: hoe verlang hy nie soms terug na daardie wonderlike kommervry jare toe hy nog skape opgepas het nie. Hoeveel maal het hy nie sélf met ‘n lammetjie op die skoot gesit nie......

“Maar daar was ook ‘n ryk man,” word Dawid uit sy droom geruk, “en die man het baie skape en beeste gehad.” Hy vertel dat die man eendag ‘n kuiergas ontvang het. Hy was te suinig om een van sy eie skape vir die gas te slag, toe laat haal hy die arm man se ooilammetjie en slag dié.

Dawid is geskok. Hy kyk na Natan, en dan sien hy hoe ernstig die profeet se gesig is. Is dit dan ‘n ware verhaal? Hy word bloedrooi van woede want van sulke vermetelheid het hy nog nooit gehoor nie! “Daardie ryk man moet doodgemaak word!” Dawid kan sulke wreedheid net eenvoudig nie verwerk nie!

Natan kyk Dawid weemoedig aan, dan lig hy sy vinger en wys dit reguit na Dawid: “Jy is die man!”

Skielik besef Dawid dat hierdie profeet alles weet van sy owerspel en sy koelbloedige moord. Sy knieë word lam en sy gesig spierwit. Asof in ‘n droom, luister Dawid na die aanklag van die profeet. Hy moet hoor hoedat die Here hom al die jare op die hande gedra het - hom beskerm het teen Saul se wrede vervolging. Hy moet hoor hoedat die Here vir hom alles gegee het - die koningskap, vrouens, rykdom. “Waarom het jy dit gedoen? Vir Urija doodgemaak en toe sy vrou gevat? Dawid, jy het hom vermoor!”

“Ek het teen die Here gesondig!” huil Dawid in egte berou. “Ek is skuldig voor die Here!”

“Dawid, die Here het jou sonde vergewe”, troos Natan, “maar daardie kindjie wat jy in ontug verwek het sal sterf.”

Later skryf Dawid die hartroerende boetepsalm 51: “Wees my genadig, o God, in U troue liefde, wis my oortredinge uit in U groot barmhartigheid!”

God se genade is oneindig groot - so groot dat Hy selfs die grootste sondes vergewe. En Hy vergewe nie maar net halfhartig nie - God se vergifnis is 100% volledig! Ongelukkig moet ons weet dat die gevolge van ons sonde dikwels nie ongedaan gemaak kan word nie. Dawid moes vir die res van sy lewe saamleef met die gevolge van sy verskriklike daad. Ons wil so maklik sê dat ons as gelowiges maar kan sondig - God sal mos vergewe! Maar ons moet baie mooi dink oor watter pyn en droefheid ons sondes kan veroorsaak. As ek owerspel pleeg, leef die pyn wat ek veroorsaak in almal wat daardeur geraak word, vir baie jare voort - nie net my vrou/man nie, maar ook my kinders en familie en vriende word geraak. En selfs my

diepste berou is dikwels nie genoeg om hulle pyn te genees nie!

Gebed:

Here, maak my asseblief sterk om weg te draai van die versoekings af en om nie in die sonde te val nie!

40

# ‘n Kind sterf - ‘n Kind  Gebore

2 Samuel 12:15-25

**VIDEO | OUDIO**

Vir Dawid is dit ‘n vreugdevolle dag wanneer sy seun gebore word. Sy pragtige jong vrou, Batseba straal van geluk, want vir die eerste keer sedert Urija se tragiese dood is daar nou weer ‘n bondeltjie vreugde in haar arms.

Maar dan word die baba dodelik siek. En Dawid weet presies waarom dit gebeur, want die profeet Natan het hom vertel dat dit sou gebeur. “Here, kan hierdie verskriklike straf nie asseblief maar van my weggeneem word nie?” bid hy al snikkende. “U het my vergewe, maar deur my sonde word hierdie onskuldige baba getref. O, hoe berou ek die dag dat ek my aan die versoekings toegegee het. En nou ly ‘n onskuldige as gevolg van my sondes!”

Met groot kommer moet Dawid se amptenare en paleispersoneel toekyk hoedat die groot

koning dag-vir-dag kwyn. Hy huil en spandeer ure lank in gebed en smeking. Later gaan lê Dawid op die grond en smeek God om tog af te sien van hierdie verskriklike ding. Maar sy kind se toestand versleg by die uur. Dawid weier om sy mond aan kos te sit en die kommer van sy amptenare raak al groter. “Asseblief Majesteit, eet tog net iets! U moet kos in u liggaam kry vir krag....”

Maar Dawid weier volstrek. Hy lê net daar op die grond en huil onbedaarlik. Vir sewe dae hou dit so aan. En dan sterf die kindjie. Wanneer die nuus die amptenare bereik, is hulle te bang om dit aan Dawid oor te dra. Bekommerd fluister hulle onder mekaar: “As hy so verskriklik reageer het oor die kindjie se siekte - wat sal sy reaksie wees as hy moet hoor dat die kind dood is?”

Dawid merk op dat hier iets aan die gang is: “Is die kind dood?” wil hy weet. Die manne hou asem op oor die Koning se reaksie - gaan hy nou iets onbesonne aanvang?

Dawid staan egter kalm op, gaan was hom en smeer reukolie aan sy lyf. Dan stap hy na

die heiligdom en gaan bid: “Here, dankie dat alles verby is.....” Dan stap hy huistoe.

“Is daar nie iets te ete vir ‘n honger man nie?” vra hy vir sy verbaasde amptenare. “Ek sterf van die honger!” Almal spring om vir hom iets te ete aanmekaar te slaan. Hulle verstaan nie! Jy is tog mos veronderstel om te rou as jou kind dood is, maar hierdie Koning doen die ding totaal verkeerd om! Hy het gerou toe die kindjie geleef het en noudat hy dood is, nou eet en drink hy! Hoe werk dit?

Dawid verduidelik vir hulle dat hy gevas, gebid en gehuil het, want hy het gehoop dat God hom genadig sou wees. Maar nou is die kind dood - waarom moet hy dan nog vas? Dit sal mos nie die kindjie laat terugkom nie?

Baie mense worstel vandag met presies dieselfde probleem. ‘n Kind, lewensmaat of geliefde is deur die dood van jou weggeneem. Hoe reageer jy? Dit is maar net natuurlik dat ‘n mens bedroef sal wees. Jou geliefde sal jy in hierdie lewe nie weer sien nie en daar is die leë plekkie in jou lewe. Dit laat ‘n baie groot leemte in jou, want die een

met wie jy altyd gesels - jou diepste geheime mee deel - is nie meer daar nie. Maar eintlik is dit soos iemand wat verhuis het en nou baie ver weg woon. Eendag sal julle mekaar weer sien. Die verlange is maar altyd daar, maar die uitsien na daardie eendag se weersiens maak die verlange sagter.

Daar is egter ‘n ander manier om die situasie te hanteer en dit is met bittere rou en selfverwyt en dalk selfs woede. So ‘n reaksie maak jouself ongelukkig en ook almal met wie jy in aanraking kom. En dit sal die geliefde beslis nie terugbring nie!

Dawid tree pro-aktief op. Die dood het nie ‘n houvas op sy lewe nie. As hy sy liggaam versterk het met kos, gaan hy na die bedroefde Batseba en troos haar. God se genade oor Dawid is groot, want nie lank daarna nie vertel Batseba hom met ‘n vonkel in die oog dat sy weer swanger is. Dit is ‘n vreugdevolle dag in Dawid en Batseba se lewe as hulle seuntjie gebore word. Dawid noem hom Salomo wat afgelei is van Shalom (vrede.) Dit was waarskynlik 'n teken dat

Dawid en Batseba vrede gemaak het met die dood van hulle eerste kind. Ten spyte van Dawid en Batseba se owerspel en moord, gee die Here steeds vir hulle hierdie kindjie. Die skrywer van die verhaal lê klem daarop dat die Here hierdie kind liefhet en vir hom groot begaafdheid gee.

Natan was die een wat vir Dawid die oordeel van die Here moes afkondig oor sy gruwelike sonde. En nou kry Natan ’n nuwe opdrag van God. Hy moet weereens na Koning Dawid se paleis gaan. Daar sal hy die kindjie sien van Dawid en Batseba. Hierdie kind is baie spesiaal “want Ek het hom baie lief” sê die Here vir Natan. Wanneer hy dus by Dawid kom, noem hy die kindjie “Jedidja” wat beteken: “Die Here het hom lief”. Vir klein Salomo het die Here baie groot planne!

Gebed:

Here, dankie vir U groot genade ook oor my vandag, want ten spyte van my sondes het U my wonderlik geseën!

# Amnon se Skande

2 Samuel 13:1-22

**VIDEO | OUDIO**

Die spreekwoord lui: "Aardjie na sy Vaartjie." - kinders leer by hulle ouers en gaan maak dan nes Pa of Ma gemaak het. Dawid se kinders moes sékerlik gesien het hoe hulle Pa gemaak het. As Pa sonde kan doen, waarom nie ek ook nie. As Pa hom toegee aan sy begeertes, wie is ek dan om daarteen te wil skop?

Een van Dawid se seuns, Amnon het 'n groot probleem gehad - sy halfsuster Tamar. Sy was beeldskoon en Amnon het geswymel as hy aan haar dink! Nagte om het hy lê en droom oor haar. En hy het toegelaat dat daar 'n onverteerbare begeerte in hom groei. Elke keer as hy haar sien of net aan haar dink, begin sy hart wild klop van pure begeerte, soveel so dat hy eintlik siek was van hierdie onblusbare vuur in hom. Die probleem was

dat Tamar ook Dawid se dogter was en dat sy dus vir hom totaal buite perke was.

Op ‘n dag vra Jonadab, een van sy vriende vir Amnon: “Wat’s fout? Jy lyk ellendig! ‘n Koning se seun lyk tog nie só bekaf nie!”

Amnon het swaar gesug: “Ek het ‘n gróót probleem, ek’s verlief op my suster!”

Jonadab het sy kop meewarig geskud. “Kom ek gee jou nou goeie raad…..” Amnon het sommer weer nuwe moed geskep, en toe volg hy Jonadab se “goeie” raad.

Amnon het sy planne mooi agtermekaar gekry en een oggend op sy bed gelê en gemaak asof hy baie sleg voel - dodelik siek. Pa Dawid het kom verneem wat fout was met sy seun, en toe vra Amnon of Dawid nie asseblieftog sy sussie, Tamar na hom toe sou stuur nie. Hy sou sommer baie gou beter voel as Tamar vir hom daar in sy slaapkamer ‘n paar koekies kon kom bak. Sommer daar moes Dawid al ‘n rot geruik het, want watter verskil sou dit dan nou kon maak? Maar hy

gee toe aan die versoek en hy laat kom vir Tamar.

Toe sy mooi sussie die vertrek binnestap, het Amnon se hart ‘n paar wilde spronge gegee. Sy het absoluut niks vermoed van sy gevoelens vir haar nie en sy begin vir hom die deeg voorberei. Toe dit gereed was, stuur Amnon almal uit sodat hy alleen met Tamar kon wees.

Eers tóé sien Tamar die wilde kyk in sy oë: “Kom lê hier by my,” het hy by haar gesoebat en haar dadelik vasgegryp. Tamar het by Amnon gepleit om haar asseblief nie te onteer nie. Dit sou nie net haar eie reputasie wees wat daarmee heen sou wees nie, maar ook syne! Almal sou hom ‘n dwaas noem! Sy stel selfs voor dat hulle trou - Dawid sou sekerlik sy toestemming gee. Maar Amnon wou nie eers na haar luister nie. En so het Amnon sy eie suster verkrag!

Na sy walglike daad het Amnon vir Tamar weggesmyt soos ‘n vuil lap! Nou wou hy niks meer met haar te doen hê nie! Sy het by hom gepleit om asseblief nie sake nog erger

te maak nie, maar Amnon het bloot sy slaaf geroep om vir Tamar uit te smyt! Hy het haar skaamteloos weggejaag!

Wellus word in hierdie verhaal in sy onverbloemde aakligheid vir ons uitgebeeld. Was daardie liefde of eerder verliefdheid van Amnon eg? Baie duidelik nie! Want skielik het liefde in afsku verander die oomblik toe sy drange bevredig was. Waarom het hy so haatlik teenoor Tamar opgetree na sy daad? Waarskynlik het hy homself verag vir wat hy gedoen het en toe haal hy dit op Tamar uit.

Wellus kan baie maklik gekamoefleer wees as iets anders - in hierdie geval as verliefdheid. Maar uiteindelik word dit tog ontmasker as ‘n egosentriese drang.

Toe Tamar uithardloop, skeur sy haar klere en gooi grond op haar kop om haar smart te wys. Al skreeuend het sy die straat afgehardloop. Haar broer Absalom het tot haar redding gekom en neem haar na sy huis toe. Tamar was verpletter, want iets baie kosbaar in haar was geskend - haar maagdelikheid wat sy so hoog geag het.

Dawid se hantering van die hele saak was niks anders nie as pateties! Hy laat toe dat sy seun Amnon hom misbruik deur Tamar na hom te stuur. En wanneer hy uitvind van Amnon se skande is hy woedend, maar hy doen absoluut niks daaromtrent nie. Dawid was nie alleen Koning nie, maar ook ‘n geestelike leier. Nogtans faal hy jammerlik in die opvoeding van sy kinders. Later sal hierdie insident nog baie tragiese gevolge hê, wat dalk verhoed kon gewees het as Dawid maar net betyds opgetree het!

Dawid se wellus toe hy Batseba sien bad het, het uiteindelik uitgeloop op moord. Nou gaan sy seun se wellus ook uitloop op moord want Absalom beplan wraak teenoor sy broer! Wellus, haat en moord gaan hand aan hand!

Die opvoeding van ons kinders is baie belangrik en dit kan nie alleen maar in die hande van die onderwysers of kinderoppassers gelaat word nie. Ons persoonlike opvoeding en veral ons voorbeeld is die dinge wat ‘n kind vorm. En dit is veral die geestelike leiers wat soveel

meer versigtig moet wees dat die opvoeding van hulle kinders nie moet ly onder hulle geestelike werk nie.

Gebed:

Here, help my om ‘n positiewe voorbeeld en invloed te wees in my kinders se lewe!

# Broedermoord!

2 Samuel 13:23-39

**VIDEO | OUDIO**

Die verkragting van sy dogter Tamar deur haar eie broer Amnon, het vir Dawid geruk, maar die lewe gaan voort. Maar een persoon wat hierdie walglike daad nie vergeet het nie, was Dawid se oudste seun Absalom. Vir twee jaar lank krop hy sy gevoelens op en die wraakgedagtes broei in hom. Hy koester hulle en stadigaan werk hy met 'n plan om vir Amnon terug te kry. Sy suster leef met die smet van verkragting in haar, terwyl Amnon vry rondloop asof niks ooit gebeur het nie. Pa Dawid het hom nie eers gestraf oor sy verfoeilike daad nie!

Toe breek skeertyd aan, iets wat altyd gepaard gegaan het met 'n groot fees. Absalom het nou sy planne mooi agtermekaar gehad. Sy skape sou in Baäl-Gasor geskeer word, 'n dorpie 9 km noordoos van Bet-El. As hy hier op Amnon

sou toeslaan, sou dit hom oorgenoeg tyd gee om weg te kom as iemand hom dalk wou agtervolg.

Absalom het ‘n baie groot partytjie beplan. Al die paleispersoneel was genooi om te kom deel in die joligheid, ook Koning Dawid. Maar Dawid wys die aanbod van die hand want hy wou nie vir Absalom ‘n oorlas wees nie. “Maar ek wens jou voorspoed toe vir jou partytjie - geniet dit!”

Absalom het baie goed geweet dat Dawid nie sou kom nie. “Maar Pa, dan wil ek vra dat Amnon tog maar na my partytjie toe kom,” het Absalom gepleit.

“Waarom dan juis Amnon?” wou Dawid weet. Iets was beslis nie pluis nie! Sou Absalom dalk iets onbesonne wou aanvang? Maar Dawid het die gedagte uit sy kop geskuif toe Absalom aanhou. “Goed dan, as al jou ander broers ook genooi word,” het Dawid uiteindelik ingestem.

Die dag van die skaapskeer-partytjie het daar ‘n groot menigte mense by Absalom

opgedaag. Die wyn het gevloei en almal was baie jolig. Absalom het egter sy lyfwagte instruksies gegee oor Amnon: sodra hy goed gedrink en baie jolig was, moes hulle hom gryp en doodslaan. En hulle het niks gehad om te vrees nie, want Absalom was immers die Kroonprins, die toekomstige Koning van Israel!

Amnon was baie vrolik en uitbundig, want vir die eerste keer in twee jaar het sy broer weer met hom gepraat! Skielik het die lyfwagte reguit op hom afgeloop. Sy gesig het verstar, want die kyk in hulle oë het niks goed voorspel nie! Voor al die gaste se verdwaasde oë word Amnon hardhandig uitgesleep en brutaal vermoor ten aanskoue van almal!

Skielik het die koningseuns begin besef dat Absalom agter alles sit. Hy het uit sy maag gelag en hulle het doodbang geword. Hulle het almal op die vlug geslaan - op hulle muile gespring en teruggejaag na Jerusalem.

Intussen bereik ‘n berig Dawid: “Majesteit,” het die man na sy asem gehyg, “’n verskriklike ding het gebeur!”

Dawid het sommer dadelik gewéét dat dit iets met Absalom en Amnon te doen gehad het, maar toe die man sy asem terugkry, moes Dawid hoor dat dit baie erger was: “Dis Absalom - hy het al u seuns doodgemaak - daar het nie ‘n enkele een oorleef nie!”

Vir Dawid was hierdie nuus nét te erg! Hy het sy klere geskeur en op die grond gaan lê en bitterlik begin huil. ‘n Nefie van Dawid, Jonadab kon hierdie storie nie mooi glo nie en hy vra die man uit: “Het jy persoonlik gesien dat Absalom almal doodmaak?”

“Nee,” het die man gebieg, maa hy het wél gesien hoedat die wagte vir Amnon gryp en hom doodslaan! Maar toe was daar chaos! Hy het gehardloop voordat die res ook uitgemoor was!

Jonadab het vir Dawid gaan troos en hom vertel dat niks werklik seker was nie en dat dit waarskynlik net Amnon was wat gesterf

het. Kort daarna het die paleiswag ‘n groot klomp mense op muile uit die noorde aangejaag sien kom. “Kyk, daar kom u seuns Majesteit!” het Jonadab sy vermoede bevestig. “Dis nét soos ek gesê het!”

Dit was ‘n groot verligting vir Dawid om sy seuns te sien, maar Amnon was dood! Dawid en sy seuns en almal by hom het bitterlik gehuil oor die groot tragedie. Dawid het lank oor Amnon getreur…...

Absalom het inderhaas gevlug na Gesur, na sy Oupa (aan sy ma se kant), en daar het hy vir drie jaar lank geskuil uit vrees dat Dawid hom dalk sou vervolg. Weereens het Dawid egter niks gedoen nie!

Dalk kan ons sê dat Amnon gekry het wat hom toegekom het! Absalom kon egter nie verskoon word vir sy veragtelike daad nie! As hy maar net die saak met Amnon wou uitpraat, kon daar dalk vergifnis gewees het maar hy het geweier om met sy broer te praat. Kom ons leer hieruit - moenie dat verskille op ‘n tragedie uitloop net omdat ons nie dinge kon uitpraat nie. Maar die

belangrikste is om te vergewe. God vergewe ons menige sondes - kom ons vergewe mekaar! “Vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree” bid ons (Mat 6:12). Is ons gebed opreg? Bedoel ons wat ons sê?

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n vergewende hart!

## 43

# Dawid Vergewe Absalom?

2 Samuel 14:1-24

**VIDEO | OUDIO**

Na sy weerwraak-moord op sy broer Amnon, moes Absalom vlug vir sy lewe. Hy vlug na Gesur, ‘n Aramese staat noordoos van Galilea, waar sy oupa aan sy ma se kant koning was. Daar bly Absalom vir drie jaar.

Ten spyte van Absalom se verfoeilike daad, verlang Dawid na sy seun - hy bly immers steeds sy seun, al het hy ookal wát gedoen! Joab, Dawid se generaal merk die verlange in Dawid op. Hy besef egter dat dit niks sal help om aan Dawid voor te stel dat hulle Absalom laat haal nie want Dawid sal net botweg weier. Joab is egter ‘n slim man en hy ken vir Dawid baie goed. Hy wéét dat Dawid dramatiese stories baie persoonlik opneem, dus besluit hy om weer ‘n drama saam te flans wat Dawid sal oorreed om Absolom te laat haal.

Nou wonder ek net of Joab rêrag so bekommerd was oor Dawid, en of dit weereens maar net oor homself gegaan het? Absalom was immers die troonopvolger! Was Joab nie dalk net besig om vir homself voorbrand te maak vir die dag wanneer Absalom die troon sou oorneem nie? Natúúrlik sou hy graag weer as leërhoof aangestel wou word!

Joab kry ‘n vrou wat goed kan toneelspeel om vir Dawid ‘n baie treurige storie te gaan vertel, nés Natan destyds gedoen het. Wanneer sy by Dawid kom, is alles baie realisties - sy het selfs rouklere aan en sonder enige grimering. Sy val radeloos voor Dawid neer en vertel hom die allerverskriklikste storie oor haar twee seuns wat baklei het. Een van die twee is toe dood in die bakleiery en sy broer moes vlug vir sy lewe want almal wil hom doodmaak! Wat die saak vererger, is dat hy nogal die oudste seun is, die erfgenaam en hy is ál wat sy, arme weduwee, oor het! Nou is selfs hulle familienaam in die gedrang! Dawid moet help asseblief! Dawid kry haar innig jammer en hy

bied aan om haar te help om haar voortvlugtende seun weer veilig terug te kry en hom te beskerm.

Dan laat bars sy die bom! Sy kyk Dawid in die oë en vertel hom dat hy besig is om ‘n groot onreg te pleeg, nie alleen teenoor sy eie seun Absalom nie, maar teenoor die hele volk! Dawid ruik dadelik ‘n rot: dis Joab wat agter die hele storie sit! Hy neem egter nie vir Joab kwalik hiervoor nie en hy vra hom om Absalom te laat haal en terug te bring na Jerusalem. Hy weier egter om enigiets te doen te hê met sy seun. Hy praat nie eers met hom nie! Absalom moet maar tevrede wees om net daar in sy eie huis te bly!

Hierdie is só ‘n tragiese verhaal! Waarom het Dawid in die eerste plek nie streng opgetree teen Absalom vir sy verskriklike daad nie? Nét soos met Amnon die geval was, het Dawid absoluut niks gedoen nie! Hy het totaal sy vaderlike plig versuim. Deur niks te doen nie, sou Dawid beslis nie die probleem kon oplos nie - dit sou net vererger. En dis presies dan ook wat gebeur het, want by

Absalom was daar al klaar weer ‘n verskriklike onheiligheid aan die broei!

Kommunikasie is só ‘n belangrike ding in ‘n gesin. Wanneer jy jou kind ignoreer nadat hy verkeerd gedoen het, vererger jy die situasie en dan broei daar gewoonlik nóg erger dinge uit. En as jy nie optree wanneer hy jou teleurgestel het nie, vererger jy óók die probleem. Natúúrlik is dit nie lekker om op te tree nie en dit kos dikwels dat jy sélf ook moet opofferings maak.

Daar is egter ook ‘n tweede saak wat by Dawid agterweë gebly het, naamlik vergifnis. Deur vir Absolom huistoe te laat kom, wou Dawid vir hom sê dat hy hom vergewe het vir sy daad. Maar eintlik het hy hom nog gladnie vergewe nie, want intussen het hy geweier om hom te sien!

Dink maar net ‘n bietjie hoe anders die pa opgetree het in die verhaal van die verlore seun. Daardie seun het sy pa en sy hele familie in die skande gebring en alles geminag wat van waarde was vir sy pa. Nogtans het die pa sy eie waardigheid

prysgegee en na sy seun toe gehardloop en hom omhels en gesoen toe die seun hoed in die hand terugkom. Hy het ‘n groot fees gehou want hy was bly om sy seun te sien. Hy het hom nie net met woorde vergewe nie, maar met dade en met alles wat in hom is.

Vandag moet ek myself die vraag afvra: Hoe lyk die vergifnis waarmee ek ander vergewe? Ja, die Here vra van my om ander te vergewe, en ek doen dit ook. Maar beteken dit dat ek teenoor daardie persoon optree asof hy nooit óóit iets verkeerd teen my gedoen het nie? Gewoonlik beteken vergifnis dat ek wél vriendelik is teenoor daardie persoon, maar dat daar eintlik ‘n muur is tussen ons. Die uitbundige vriendskap wat daar voorheen was, is net nie meer daar nie. Dit is nie wat God bedoel met vergifnis nie. Sy vergifnis is 100% totaal. Die ou verhouding word in totaliteit herstel! Dis wat Hy ook van mý vra, dat ons mekaar sal omhels en totaal vergeet van die ding wat skeiding gemaak het tussen ons. As Dawid dit tog maar gedoen het.....

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed om op te tree wanneer dit nodig is, maar gee my ook asseblief totale vergifnis in my hart, net soos wat U my al my sondes vergewe het!

44

# Meneer Israel 950vC

2 Samuel 14:25-33

**VIDEO | OUDIO**

Absalom, die mooiste man in die hele Israel - so beskryf die boek Samuel hom. Hy het behóórlik die meisies se knieë lam gemaak. Almal het gepraat van Absalom se aantreklikheid, en natuurlik was hy ook baie gewild! Ons lees dat sy dogter nét so mooi was. En dan was daar boonop daardie bos hare! Een keer 'n jaar moes hy sy hare laat sny, omdat dit te swaar geword het en dan het daar 'n volle 2 kilogram hare gelê! Enige vrou se droom! Absalom het beslis die koppe laat draai!

Maar ten spyte van sy gewildheid en ten spyte van sy aantreklikheid was Absolom 'n bitter ongelukkige man want sy Pa het hom verwerp! Nadat Dawid hom laat terugkom het na Jerusalem, het daar 'n volle twee jaar verloop sonder dat Dawid 'n woord met sy

seun gepraat het. Die situasie het absoluut onhoudbaar geword vir Absalom.

Uit radeloosheid wend hy hom tot Joab om vir hom voorspraak te gaan doen by Dawid. Joab was immers die vorige keer die bemiddelaar wat gesorg het dat hy kon terugkeer na Jerusalem. Maar hierdie slag weier Joab selfs om na Absalom toe te gaan. Dit was destyds alreeds vir Joab ‘n baie groot risiko om daardie vrou te gebruik om Dawid tot ander insigte te bring. Hy het kans gestaan om alles te verloor met daardie toneelspel. Joab het waarskynlik besluit dat hy nie kans sien om wéér so ‘n groot risiko te loop nie. ‘n Tweede keer laat roep Absalom vir Joab, maar hy weier steeds volstrek om met die man te gaan praat!

Absalom laat hom egter nie van stryk bring nie. As Joab dan nie vrywillig wou kom nie, sou hy hom op ‘n geniepsige manier dwing om te kom! Absalom stuur sy slawe om Joab se garsland aan die brand te steek en hy maak géén geheim daarvan wie die skuldige

is nie. Joab móét wéét dat dit Absalom se werk is.

Dit het die regte uitwerking en Joab kom woedend in Absalom se huis ingestorm: “Waarom het jy dit gedoen?” wil hy weet.

Absalom is egter rustig oor die saak: “Ek het jou gesmeek om my te kom spreek en jy wou nie, toe moes ek maar ander metodes gebruik om jou hier te kry.”

Dan vra Absalom die seer vraag: “Waarom het jy my nou eintlik uit Gesur hierheen laat kom?” Absalom is radeloos, want sy pa wil nie met hom praat nie! Hy kon netsowel maar daar in Gesur gebly het.

“Ek wil nóú met die Koning praat!” Absolom is nou desperaat. “As ek skuldig is, dan moet hy my maar doodmaak!”

Hoe kon Joab nee sê vir iemand wat so desperaat is om maar net met sy Pa te praat? Joab is na Dawid toe om hom te vertel van Absalom: “Jou seun verlang na jou!” pleit hy by Dawid, en uiteindelik gee die Koning in. Hy laat roep Absalom en dan volg ‘n baie

emosionele toneel wanneer Absalom diep voor die Koning buig. Dawid soen sy seun innig en vergewe hom vir wat hy gedoen het.

Nou gaan die gesin weer voort soos normaal. Werklik? Die vraag is of Absalom se emosionele terugkeer waarlik opreg is?

In die volgende toneel wat Samuel vir ons skilder, sien ons die aantreklike man, Absalom in ‘n spoggerige perdekar. “Niks daarmee verkeerd nie!” sou ons dalk sê, maar daar is iets aan Absalom se houding wat ons nekhare laat regop staan. Saam met die perdekar kom daar ‘n lyfwag van vyftig man. Ons sien vir Absalom waar hy in die stadspoort staan. Hy keer die mense voor wat op pad is na Koning Dawid vir regspraak, en dan kritiseer hy Dawid - hulle sal nooit hulle saak regverdig verhoor kry by híérdie ou Koning nie! En natúúrlik is Absalom ‘n baie beter regter as sy Pa! Hy gee werklik om vir sy mense, anders as Koning Dawid, wat nie ’n tiekie omgee nie!

Absalom is onderduims en blatant, maar wat hy doen is uiters effektief. Hy is ‘n regte

swierbol, in teenstelling met sy pa wat maar plat op die aarde is. Dit beïndruk die mense en hy steel baie harte met sy sjarme. En natúúrlik geniet Absalom al die aandag terdeë! “As ek eendag koning is.....” sug hy. Hy hou nogal van die gedagte, maar waarom wag tot eendag, wanneer Dawid eers dood is? Waarom nie nóú al nie?

Wanneer ons hierdie verhaal lees, sien ons die rooi gevaarligte flits. Hier kom ‘n baie lelike ding!

In ons eie tyd gebeur hierdie selfde dinge nog elke dag - dalk net ‘n bietjie meer subtiel. “Ons kerk is baie beter as daardie klomp op die bult - ons gee werklik om vir ons lidmate, anders as hulle!” - so word lidmate dikwels afgerokkel. “Ons verkondig die enigste ware Evangelie.....” Al die ander wat nie daarmee saamstem nie, is verdoem! En so bou ons vir ons ‘n indrukwekkende gemeente…..

Waarom kan ons nie eerder saamstaan nie? Waarom kan ons nie eerder saam stry vir die Evangelie nie, en saam as kinders van God die ware Kerk van God bou nie? Kom ons vat

waarlik hande en vergeet van ons verskille. Kom ons doen wat God beplan het vir die kerk om te doen!

Gebed:

Here, vergewe my asseblief waar ek soms ander gelowiges kritiseer,en maak asof ek die enigste is wat reg is. Maak my oë oop sodat ek ook ander se sieninge sal respekteer!

45

# Staatsgreep

2 Samuel 15:7-37

**VIDEO | OUDIO**

Absalom, Dawid se "probleemkind" (nie sy enigste probleemkind nie!) se gewildheid neem by die dag toe. Hy is 'n flambojante karakter wat in die strate rondry met 'n kar en perde - iets wat in Israel maar selde gesien is. Maar daar is 'n doel agter Absalom se groot vertoon - hy het sy oog op die kroon en hy probeer die volk se guns wen!

Absalom kry sy planne baie mooi agtermekaar en op 'n dag gaan vra hy sy pa se toestemming om na Hebron te gaan om daar die een of ander gelofte na te kom. Dawid vermoed niks van die slinkse plan wat Absalom in die mou voer nie. Hy nooi ook tweehonderd niksvermoedende mense uit Jerusalem om saam met hom te gaan onder die dekmantel dat hulle gaste is by sy offer. Tot dusver lyk alles baie edel. Maar dan begin Absalom met sy streke. Hy stuur

boodskappers na al die stamme in Israel om die gerug te versprei dat hy koning geword het in Hebron. Die ramshorings wat blaas sal getuig daarvan. Maar Absalom gaan nog ‘n stappie verder om te verseker dat hy suksesvol sal wees - hy neem Dawid se raadgewer, Agitofel saam met hom.

Terwyl Absalom op pad is na Hebron, kom iemand uitasem by Dawid aan en vertel hom die verskriklike nuus: “Die hele Israel staan bankvas agter Absalom.” Dawid besef dadelik dat die skrif aan die muur is en dat sy lewe nie veilig is in Jerusalem nie. As Absalom sy eie broer kon vermoor, dan is Dawid beslis ook nie sy lewe seker nie! Dieselfde volk vir wie Dawid hulle held was en wat hom gesoebat het om hulle koning te word, is nou van plan om hom uit te delg!

Byna ‘n duisend jaar later gebeur presies dieselfde met Dawid se Afstammeling, Jesus: Dieselfde skare wat palmtak-swaaiend Hom toegesing het: “Hosanna! Hosanna vir die Seun van Dawid!” het slegs ‘n paar dae later woedend uitgeskreeu: “Kruisig Hom! Kruisig

Hom!” Hoe vinnig kan mense se mening en gemoedstoestand nie verander nie!

Inderhaas besluit Dawid om te vlug. Dit laat ons met baie vrae: Waarom vlug? Jerusalem was dan ‘n veilige vesting en niemand sou dit kon oorwin nie? Sou dit nie baie veiliger wees om daar te bly nie? Of het Dawid dalk nie meer geweet wie sy vriende en wie sy vyande was nie? Wou hy dalk bloot vlug om ‘n burgeroorlog en ‘n bloedbad te voorkom?

Dis ‘n droewige en baie traumatiese prentjie wat vir ons geskilder word van ‘n stroom mense wat al huilend die stad verlaat. Deur die Kedronspruit loop hulle en dan streep hulle teen die Olyfberg op. Aangrypend! Dawid verkies om eerder kaalvoet te loop want hy wil die grond en klippe onder sy voete voel! Sy droefheid is baie groot. Hulle kies koers die woestyn in.

Dawid vlug vir sy eie seun met die handjievol mense op wie hy kan reken. Die seshonderd soldate saam met hom is sy persoonlike leër wat ál die jare in die stryd teen Saul by hom gestaan het. Maar daar duik ook onverwags

ander op van wie Dawid nie lojaliteit verwag het nie. Die Filistyn, Ittai kies om saam met Dawid te vlug en sy lewe te waag. Hy kon wél na sy eie mense teruggegaan het en veilig wees, maar hy volg eerder vir Dawid.

Dikwels gebeur dit dat dit juis in die tyd van nood of groot swaarkry is, waar mense van wie jy dit nooit verwag het nie, die hand na jou uitreik. Ek het al so dikwels gehoor dat mense sê dat wanneer jy begin swaarkry, dan kom jy agter dat al jou vriende vals was want almal los jou soos ‘n warm patat. Ek het egter presies die teenoorgestelde ervaar, want toe ek begin swaarkry het, het ek agtergekom hoeveel ware vriende ek werklik gehad het en hoeveel mense werklik vir my omgee. Ek was oorval met liefde!

So het Dawid dit ook ervaar. Maar dan moet hy tóg ook slegte nuus hoor: sy getroue raadgewer, Agitofel het hom by Absalom geskaar! Dawid is platgeslaan en dan wend hy hom tot die enigste Hulp wat hy ken: hy bid dat die Here Agitofel se raad aan Absalom waardeloos sal maak.

Terwyl Dawid nog besig is om te bid, kom ‘n wyse man, Gusai by hom aan en bied sy hulp aan. Dawid sien onmiddellik ‘n kans om hier ‘n intelligensienetwerk op te stel en hy stuur Gusai terug na Jerusalem. Sy taak is om te maak asof hy aan Absalom getrou is. Dan moet hy spioeneer en berigte met priesters saam vir Dawid stuur.

Die spanning loop hoog! Berigte bereik Dawid dat Absalom besig is met ‘n triomfantlike opmars na Jerusalem en Dawid beleef seker die grootste krisis óóit in sy lewe. Sal Absalom net eenvoudig alles oorneem? Is dit die einde van Dawid se roemryke heerskappy?

Dawid se tyd het egter nog nie aangebreek nie. Daar was nog eers dinge wat moes gebeur in God se groot raadsplan. Maar voor redding sou kom, sou daar eers vir Dawid ‘n paar ander groot krisisse wag! Daaroor gesels ons DV in ons volgende oordenking.

Gebed:

Dankie Here, dat ons kan weet dat U steeds in beheer is, al is die krisis in ons lewe ook hóé groot!

46

# Vlug Voor Absalom

2 Samuel 16:1-14

**VIDEO | OUDIO**

Dawid is platgeslaan. Kaalvoet, huilend vlug hy die woestyn in. Hy is bitter kwesbaar!

Dan sien hy iemand agter hom aankom met twee opgesaalde donkies wat kreun onder hulle vrag. Dadelik herken hy Mefiboset se dienaar, Siba en die twee donkies is gelaai met brode en rosyntjies, vye en wyn. “En wat het jy hier?” wil Dawid nuuskierig weet.

“Dis vir u, Majesteit.” lag Siba. En dan vertel hy van die komplot wat besig is om gesmee te word in Jerusalem. Mefiboset is besig om homself as koning te verklaar en hy beweer dat dit sy reg is! Dawid is dadelik briesend oor hierdie jong man se arrogansie! Nét daar gee hy ál Mefiboset se besittings vir Siba.

Jy sal seker onthou dat Mefiboset die enigste oorlewende seun van Jonatan was. As jong seun het hy geval toe hulle op vlug geslaan

het tydens die laaste groot slag tussen Saul en die Filistyne, en van toe af was hy kreupel. Later het Dawid hom oor Mefiboset ontferm, en hom versorg. Hy was baie goed vir Mefiboset. Is hierdie nou hoe Mefiboset Dawid se goedheid terugbetaal?

“Mooi!” wil ons vir Dawid sê as hy Mefiboset onteien, “Hy kry nou net wat hom toekom!”

Maar voordat jy te gou bly word, moet jy eers die sakie baie mooi bekyk. Sou die kreupel Mefiboset werklik in staat wees om die koningskap oor te neem? Het Siba nie dalk sy kans waargeneem om homself te verryk toe Dawid op sy kwesbaarste was nie? Later sal ons sien dat dit wél ‘n skelmstreek van Siba was ten koste van sy meester. Hy het Mefiboset ‘n verskriklike onreg aangedoen.

Dit lyk asof daar géén einde is aan Dawid se ellende nie. Wanneer hulle by Bagurim verbygaan, storm een van die inwoners uit en begin die allerverskriklikste beledigings na Dawid slinger. Dawid herken hom as Semeï, een van Saul se familielede. Die man kryt Dawid uit vir ‘n moordenaar en ‘n skurk, en

dat hy Saul se familie uitgemoor het. Nou weet ons dat Dawid nog altyd maar net goed was vir Saul se familie en dat hy hulle gerespekteer het. En hier kom die man en vloek Dawid uit. Hy gooi die geselskap met klippe en hy beledig die soldate so ver as hulle gaan.

Seruja vervies hom vir die arrogante kêrel en wil nét daar sy kop afkap, maar Dawid keer hom. “Los hom, hy doen dit omdat die Here hom beveel het om dit te doen.” Só aanvaar Dawid gelate hierdie teistering. Hy voel dat hy dit dalk verdien om so uitgevloek te word.

Wanneer dit die dag werklik sleg gaan met jou, wonder jy of jy nie dalk iets verkeerd gedoen het nie. Straf die Here jou nie dalk oor jou sonde nie? Dawid het werklik nie hierdie verwyte verdien nie! Hy het nog nooit teen Saul se familie gesondig nie. Hy som die situasie totaal verkeerd op. Net so som ons ook dikwels die situasie verkeerd op, en dan gaan sit ons in sak en as om die verkeerde redes. Vir één ding moet ons egter vir Dawid krediet gee - dat hy eerder die

skuld op homself pak as om iemand anders te blameer! Ja, so dikwels wil ons verwyte na ander slinger wanneer ons in die ellende gedompel is. Dit is óók verkeerd.

Die ent van Jerusalem af tot onder by die Jordaanvallei, is ‘n bitter moeilike pad deur onherbergsame berge en klowe. Kaalvoet oor die klipperige paadjie, strompel Dawid voort in die versengende hitte, onder die geklank van die vloekende Semeï. Uiteindelik bereik hulle doodmoeg die Jordaanrivier, en dan gaan rus hulle daar vir ‘n ruk. Dit is waarlik ‘n pikdonker, swart wolk van depressie wat oor hierdie patetiese groep mense hang. Het die einde van die pad vir hulle aangebreek?

Ek het self deur so ‘n donker tyd in my lewe gegaan en die gevaar was groot dat ek dit as God se straf sou sien op my sonde. Die feit is egter dat Hy alreeds ál my sondes vergewe het! Waarom sal Hy my dan nog straf as my sondes reeds vergewe is? As dit dan God se straf is, moet ons sekerlik die vraag vra waarom Paulus dan so verskriklik gestraf is?

Het hy dan so baie gesondig? Nee, baie beslis nie!

Ek het tot die besef gekom dat daar ‘n baie groter doel is agter die beproewinge waardeur ek gaan. Soos wat ‘n pottebakker klei brei, hardhandig op die wiel gooi en vervorm, so maak die Here dikwels ook met ons. Uiteindelik word daardie rou stuk klei ‘n bruikbare pot soos wat die pottebakker beplan. Nét so kos dit dikwels van my seerkry sodat die Here hierdie pot van my lewe kan vorm. Daar is ook ‘n ander rede, en dit is dat die Here swaarkry en pyn in my lewe toelaat sodat ek die ondervinding daarvan eerstehands kan ervaar om sodoende ander te kan help wat nie weet hoe om dit te hanteer nie. Dit is dus ‘n skolingsproses. Wanneer swaarkry en pyn jou dus tref, wees dankbaar daarvoor en neem dit aan met vreugde, want dit beteken dat die Here jou waardig ag om deur hierdie dinge vir Hom te gaan.

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag kan weet dat U my brei en vorm en oplei vir U koninkrykswerk!

47

# Lojaliteit

2 Samuel 16:15-17:29

**VIDEO | OUDIO**

Dawid is in ‘n onbenydenswaardige situasie. Hy is ‘n vlugteling op pad na die woestyn om te gaan skuiling soek. Sy seun Absalom is besig met ‘n opmars teen Jerusalem terwyl Mefiboset homself volgens berigte tot koning gesalf het oor Israel. Intussen het Simeï vir Dawid uitgevloek vir alles wat sleg is! Kaalvoet en huilend vlug Dawid oor die Jordaanrivier die woestyn in. ‘n Droewige prentjie inderdaad!

Intussen kom Absalom in Jerusalem aan. Hy tref alles verlate, buiten die klompie byvrouens van Dawid wat die paleis oppas. En dan is daar Gusai, Dawid se raadgewer-vriend. Wanneer Absalom die paleis binnestap, word hy oorvriendelik deur Gusai begroet: “Lank lewe die koning! Lank lewe die koning!” Absalom is dadelik baie skepties oor hierdie skielike vriendelikheid, maar

Gusai verseker hom dat hy by hom sal staan, want hy is mos nou die nuwe koning!

Absalom vra raad van Gusai en Agitofel oor wat hom nou te doen staan. Agitofel se raad is dat Absalom ‘n tent op die paleis dak opslaan waar almal hom kan sien. Dan moet hy daar saam met sy pa se byvroue slaap sodat almal kan weet dat hy nou die koningskap oorgeneem het - genoeg om ‘n mens te laat gril!

Later word die twee se raad weer gevra en Agitofel beveel aan dat Dawid dadelik aangeval word. Hy kamp glo iewers langs die Jordaan en hy is baie kwesbaar. Gusai skrik as hy hierdie raad hoor want hy weet dat Agitofel reg is. Daarom sê hy vir Absalom dat dit dwaas sou wees, want almal weet mos hoe ‘n slinkse krygsman Dawid is. Boonop is daardie privaat leër van Dawid baie bitter oor hulle moes vlug! Hulle sou beslis ‘n lokval opstel om Absalom se magte te uitoorlê. Dit sou darem nie ‘n goeie beeld van Absalom se vernuf wees as sy magte hier verneder word nie! Nee, Absalom moet tyd gebruik en

die ganse Israel se manne oproep om te kom veg.

Absalom val vir Gusai se raad en sodoende koop Gusai vir sy vriend Dawid kosbare tyd. Later stuur hy ‘n boodskap na Dawid om hom in te lig dat Absalom beplan om hom agterna te sit en dat hy op sy hoede moet wees! Dit verg ‘n hele netwerk van priesters en slavinne en geheime boodskappers om die berig deur te kry, en so byna-byna ly dit nog skipbreuk wanneer ‘n jong seun per ongeluk van twee boodskappers te hore kom en vir Absalom gaan vertel. ‘n Slim vrou steek die twee boodskappers in ‘n put weg. Sy span ‘n doek daaroor en gooi graan op die doek sodat niemand sou agterkom dat daar twee spioene in is nie. En toe Absalom se soldate daar aankom om die twee te soek, vertel sy hulle dat die manne hier verby is na die rivier se kant toe.

Dit was naelskraap, maar toe die soldate weg is, glip die twee uit en gaan gee die boodskap aan Dawid. Hy begin inderhaas

met sy hele gevolg die woestyn invlug na veiligheid.

Agitofel is baie verbitterd oor sy raad aan Absalom van die hand gewys is! Hy was inderdaad nog ál die jare die koning se raadgewer en nou luister niemand meer na sy raad nie. Agitofel weet dat sy raad aan Absalom strategies baie goed was. Al wat hulle moes doen, was om Dawid dood te maak, dan sou almal outomaties oorgegee het. Nou het Absalom die verkeerde raad gekry en Absalom gaan beslis nie hierdie geveg teen Dawid wen nie! Dit sal dan ook Agitofel se einde beteken want hy het Dawid verraai en hy sal swaar gestraf word. Nou is daar net een uitweg - hy saal sy donkie op, ry na sy tuisdorp en pleeg selfdood deur homself op te hang.

Intussen word Dawid gulhartig ontvang deur die Ammoniete. Hulle kry kos en slaapplek en word goed versorg. Nou het Dawid genoeg tyd om te hergroepeer en homself gereed te maak vir ‘n aanslag van Absalom. Is dit die einde van Dawid se koninkryk? Sou

hy hier as ‘n ou man omkom in die vreemde, gejag deur sy eie seun? Môre gaan ons DV verder met hierdie spannende verhaal.

Wat leer ons uit hierdie verhaal? Vir my gaan dit oor lojaliteit. Ons lees die verhaal van twee raadgewers van Dawid. Vir die een, Agitofel het dit alles net om homself gedraai in die lewe. Hy was ‘n man wat die hoogste pos bereik het as raadgewer van die koning. Toe hy egter sien na watter kant die wind begin waai en dat Absalom dalk koning kon word, het hy sy lojaliteit aan Dawid prysgegee vir die pos waar hy in die toekoms kon muntslaan uit die situasie. Gusai, aan die ander kant, het sy lewe gewaag uit lojaliteit teenoor Dawid. As Absalom snuf in die neus sou kry, was dit klaarpraat met Gusai!

Waar lê my lojaliteit teenoor God? Gaan ek ook maar saam soos die stroom verander? Of is ek bereid om my lewe te waag vir my geloof? As daar byvoorbeeld by ‘n partytjie ‘n bespotting van die Here gemaak word - lag ek maar saam, of is ek bereid om op te staan vir my Here?

Gebed:

Here, maak my asseblief absoluut lojaal aan U!

# 48

# Absalom Sterf

2 Samuel 18-19:8

**VIDEO | OUDIO**

Dit is ‘n droewige dag wat aanbreek in die geskiedenis van Israel en van Dawid. Burgeroorlog breek uit wanneer Absalom met die leër van Israel vir Dawid agternasit. Dawid is steeds die goeie strateeg van ouds en hy deel sy manskappe wat saam met hom gevlug het in drie afdelings in, met Joab, Abisai en Seruja as generaals. Dawid wil met alle geweld saamgaan om te gaan veg, maar Joab keer hom. Dit sou dwaas wees as Dawid saamgaan want as hy sterf, is die slag verlore vir almal. Hy moet in die stad agterbly want daar kan hy tot nut wees vir die manne. As hulle dalk voor Absalom moet vlug, kan hy vir hulle skuiling bied in die stad. Verder sal dit natuurlik ook ‘n yslike dilemma voorkom, want Dawid kan beslis nie teen sy eie seun gaan veg nie!

Wanneer Dawid die manne toespreek voor die geveg, pleit hy by hulle: “Werk asseblief saggies met my kind Absalom.” Dit is woorde wat ons diep in die hart ruk. Absalom is rebels; hy het sy eie broer vermoor; hy het by sy pa se byvroue geslaap; hy maak oorlog teen sy eie pa en jag hom soos ‘n wilde dier. Tóg vra Dawid dat hulle nie vir Absalom sal seermaak nie. Kan ‘n mens dit ooit verstaan?

Maar is dit nie presies wat die Here met my en jou doen nie? Ons is gedurig in opstand teen Hom. Ons wil nie met Hom praat nie; ons verwyt Hom; ons sondig teen Hom; ons doen nie wat Hy van ons vra nie; ons leef liefdeloos teenoor Hom en teenoor ons medemens. Nogtans vergewe Hy weer en weer en weer, en oorlaai ons met liefde en genade. God bly steeds lief vir ons ten spyte van alles!

Ons kan aanvaar dat Absalom se leër baie groter was as dié van Dawid, wat maar met ‘n handjievol vlugtelinge en sy 600 manskappe by die Ammoniete gaan wegkruip het. Nogtans verslaan Dawid se

leër dié van Absalom. Die geveg vind plaas in ‘n bos iewers in Gilead. Wat presies daar gebeur het, weet ons nie maar groot getalle soldate is dood toe hulle deur die bos gevlug het voor Dawid se manne. Dit was ‘n bloedige en bitter onnodige geveg waarin 20’000 manne omgekom het.

Wanneer Absalom sien dat sy leër die onderspit delf, vlug hy op sy muil deur die bos. Dit klink vir ons vreemd dat die koning op ‘n muil ry, maar daardie jare was dit die rydier vir ‘n koning. Ek sien voor my geestesoog vir Absalom, die mooi man met die groot bos lang hare op sy muil jaag deur die digte bos. As kind is die prentjie vir my geskilder dat Absalom se hare aan ‘n tak vasgehaak het en dat hy daar aan sy hare gehang het. Die teks sê egter dat sy kop in die mik van ‘n boom vasgehaak het, en dat die muil onder hom uitgehardloop het!

Wanneer Absalom hulpeloos daar hang, sien een van die soldate dit. Hy weier egter om vir Absalom dood te maak, want hy het gehoor toe Dawid pleit dat hulle nie sy seun moet

seermaak nie. Selfs ‘n sak vol geld sou hom nie oorreed het om Absalom dood te maak nie. Maar die geharde generaal Joab is beslis nie sentimenteel nie. Dit is oorlog en daar is slegs één ding wat weer stabiliteit in Israel sal bring - die dood van Absalom. Hy gryp drie spiese en steek al drie deur Absalom se hart. Sy wapendraers maak seker dat Absalom dood is. Dan word sy liggaam in ’n gat gegooi en klippe daarop gegooi - die merkteken van ’n kwaaddoener.

Twee boodskappers word gestuur om die nuus aan Dawid oor te dra. Intussen sit hy angstig in die stadspoort en wag op nuus. Wanneer die man in die uitkykpos die eerste boodskapper sien aangehardloop kom, word Dawid ingelig: “hier kom goeie nuus!” Wanneer Dawid egter hoor dat sy seun dood is, is dit vir hom hartverskeurend. Hy huil bitterlik, al het hy die oorlog gewen. Joab oorreed uiteindelik vir Dawid om uit te gaan en sy manskappe te ontmoet. Ten spyte van sy hartseer vervul hy sy pligte as leier.

Ons het die afgelope klompie jare dit so kennelik beleef dat daar nie ‘n wenner is wanneer daar oorlog gemaak word nie. Albei kante ly daaronder. Die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne asook dié tussen Israel en Hamas bewys dit net weereens. Dieselfde geld in ‘n bakleiery - almal kry seer. In Dawid en Absalom se stryd kon daar óók nie ‘n wenner wees nie. Absalom is dood en Dawid wens dat dit eerder hý was! ‘n Kind se teenspoed is ‘n ouer se pyn. Wanneer ‘n kind seerkry as gevolg van verkeerde dinge wat hy doen, is die ouer se pyn selfs groter as sy eie!

Wanneer ek en jy seerkry as gevolg van ons sonde, is God se pyn, Sy hartseer dalk nog groter as ons eie. Sal ons ooit verstaan hoe seer ons God maak deur ons liefdeloosheid en ongehoorsaamheid? Of wanneer ons in opstand kom teen Hom? En dít na alles wat Hy vir ons gedoen het! Die prys wat Jesus betaal het aan die kruis is baie, baie groter as wat ons óóit sal kan besef. Ons durf nie Sy verlossingswerk goedkoop maak deur onverskillig met sonde op te tree nie. Sonde

is uiteraard om teen God in opstand te kom, net soos wat Absalom gedoen het teen Dawid.

Gebed:

Here, ek wil U nooit bedroef of seermaak nie. Help my om U lief te hê met my hele hart!

49

# Vredemakers

2 Samuel 19:9-20:25

**VIDEO | OUDIO**

Die burgeroorlog is verby. Die opgewondenheid oor Absalom is iets van die verlede. Nou kan die mense weer ‘n slag asemhaal en nugter dink oor alles wat gebeur het. Die oorlog het ‘n verskriklike tragedie tot gevolg gehad en duisende mense het onnodig omgekom. Verskriklike dinge is gesê en blatante leuens is versprei. ‘n Koning is selfs uit sy eie land en stad uitgedryf en inderdaad is Dawid steeds in selfopgelegde ballingskap in die land van die Ammoniete.

Maar dan begin die manne in Israel onder mekaar praat. Dawid is op almal se lippe. Is hy nie die een wat hulle telkemale gered het uit die hand van die vyand nie? Is hy dan nie die een wat hulle bevry het uit die greep van die Filistyne nie? En nou is Absalom, die man wat hulle as koning gesalf het in elkgeval

dood - “Waarom wag ons dan nog? Waarom laat kom ons nie vir Dawid terug nie?”

Intussen het die twee priesters, Sadok en Abjater ernstig met die leiers van Juda gepraat. “Waarom moet julle nou die laaste wees om Dawid terug te neem as koning? Julle is immers sy bloedfamilie!” Soos een man stem hulle saam en dan laat weet hulle vir Dawid: “Kom terug asseblief!”

Wanneer Dawid en sy gevolg by die Jordaanrivier kom, kry hy trane in die oë want oorkant die rivier, by Gilgal staan daar ‘n reuse skare van die mense van Juda wat hom met ope arms terugverwelkom in die land en om hom oor die Jordaanrivier te help!

Maar dan rek Dawid se oë groot - hy kan nie glo wat hy sien nie! Dieselfde Simeï wat hom so loop en uitvloek het terwyl hy moes vlug vir sy lewe, kom hier aan met ‘n afdeling soldate uit die stam van Benjamin. Simeï val voor Dawid neer en smeek om vergifnis vir die verskriklike onreg wat hy die koning aangedoen het. Dawid se generaal, Abisai wil sommer nét daar sy swaard uitpluk om

hierdie simpele vent dood te maak, want iemand wat die koning vervloek durf nie bly leef nie! Maar Dawid keer hom - waarom sal hy hom dan nie vergewe nie?

Maar daar wag nóg ‘n verrassing op Dawid. ‘n Verwaarloosde man kom hom tegemoet. Dawid moet baie mooi kyk om vir Mefiboset te herken want sy baard is maande laas geskeer en hy is vuil en onversorg. “Maar ek dog dan dat Mefiboset homself tot koning verhef het?” gaan dit deur sy gedagtes, “En kyk hoe lyk die arme man dan nou!”

Dan verduidelik Mefiboset dat sy oppasser hom in die steek gelaat het. Hy wou nog saam met Dawid gaan, maar die oppasser het hom beskinder by Dawid en hom onversorg alleen agtergelaat. “Majesteit, u is soos ‘n engel van God!” huil Mefiboset. En Dawid ontferm hom oor die arme man, die enigste nasaat van Saul.

Is dit nie tragies hoe mense hulle van Dawid gedistansiëer het terwyl hy in die moeilikheid was nie? En nou dat hy op pad terug is na Jerusalem om weer die koningskap op te

neem, kom soek almal weer witvoetjie! Was hierdie mense werklik opreg toe hulle om vergifnis kom vra het? Was Israel werklik opreg toe hulle Dawid gesmeek het om terug te kom?

Dawid is nog skaars deur die Jordaanrivier, toe kry die stamme van Israel en Juda stry, want Israel beskuldig Dawid dat hy Juda voorgetrek het. So erg word die stryery dat Israel, onder aanhitsing van ’n opruier met die naam Seba, soos een man uitroep: “Dawid is nie deel van ons nie!” Woedend dreunsing hulle: “Ons het niks aan Isai se seun nie!” En so trek die ganse Israel weg agter Seba aan en los Dawid om saam met die stam Juda terug te gaan na Jerusalem.

Dawid besef dat daar baie vinnig opgetree moet word teen Seba, voordat daar nog meer skade aangerig word. Sy magte onder aanvoering van Joab beleër die stad waar Seba wegkruip. ‘n Baie wyse vrou in die stad sien waarheen hierdie ding gaan. Sy sien dat die stad uitgewis gaan word en dit oor een enkele man. Sy onderhandel met Joab, en

dan bring die inwoners van die stad vir Seba om die lewe en red die situasie. Sy word dan die instrument om weer vrede en bestendigheid in die land te bring!

In hierdie kort beskrywing lees ons telkemale van mense wat moeilikheidmakers is. Met vals gerugte bring hulle bittere leed in ander se lewens. Met opruiende taal bring hulle selfs ‘n hele volk in opstand. Dan is daar weer diegene wat met ‘n wyse woord ‘n hele plofbare situasie kan ontlont en sodoende vrede bring. Watter een is jy? Is jy een wat met ‘n “onskuldige” skinderstorietjie pyn en opstand in mense se lewens bring? Of is jy een van die vredemakers? “Geseënd is die vredemakers”, het Jesus in Sy bergpreek gesê (Mat. 5:9). Kom ons word almal vredemakers en maak van ons wêreld ‘n beter plek terwyl ons terselfdertyd die Koninkryk van God help uitbrei.

Gebed:

Here, ek wil ‘n vredemaker wees. Plaas asseblief ‘n wag voor my mond as ek iets lelik van ‘n ander wil sê!

50

# Dawid sterf -
## Lank Lewe die Koning!

1 Konings 1 en 2

**VIDEO | OUDIO**

Wie gaan vir Dawid opvolg? Dawid was ‘n ou man en sy lewenskrag was besig om vinnig te kwyn. Daar moes ‘n opvolger wees vir sy troon. En ‘n hele paar gretige oë het hierdie spasie dopgehou in die hoop om dit binnekort te vul!

In politiek gaan dit in die héél eerste plek om mag. Almal wil héél bo wees en dikwels is daar ‘n algemene rugstekery totdat die sterkste een uiteindelik die troon beset. Hierdie spanningsvolle situasie gebeur op alle vlakke van die samelewing - die staat, skole, maatskappye, verenigings en dikwels selfs in huisgesinne en die kerk. Dit is baie belangrik wie die beheer uitoefen.

Almal was bekommerd oor Dawid se kragte wat afneem. In die Midde-ooste was die

koning altyd gesien as ‘n simbool vir die volk - as die koning sterk is, is die volk sterk. En dit het natuurlik ook gegeld vir sy viriliteit. Absalom het sy viriliteit aan die volk bewys deur op die paleis se dak, waar almal hom kon sien, saam met Dawid se byvroue te slaap. Nou is die groot kommer oor Dawid, nie dat hy liggaamlik nie meer sterk is nie maar eerder dat sy belangstelling in die skoner geslag kwyn. En dit is ‘n ramp!

Die slim manne sit koppe bymekaar: “Wat gaan ons doen?” Dan besluit hulle om vir Dawid ‘n mooi jong dingetjie te kry om weer vuur in sy pype in te blaas. En die ganse koninkryk word deurkruis om die mooiste meisie moontlik vir die koning te kry. Uiteindelik spoor hulle ‘n pragtige meisie op wat enige man se hart sal laat bollemakiesie slaan. Sy pas Dawid op en versorg hom dag en nag, maar dit is so ver as wat dit gaan. Die skrif is aan die muur - die koning se fut is uit!

En dit is presies waarvoor elke aanspraakmaker op die troon sit en wag.

Dawid se seun Adonia volg sy broer Absalom se voorbeeld en skaf vir hom ‘n spoggerige strydwa aan. Nes Absalom, is hy ook ‘n baie aantreklike kêrel. Hy laat vyftig man voor hom uithardloop om te wys hoe belangrik hy is. Hy probeer oral steun werf om as koning erken te word - selfs Joab en die priester Abjater word omgepraat om hom te ondersteun in sy pogings. Laat mens so dink aan die lagwekkende situasie van sekere politici wat populisme tot 'n kuns verfyn het (geen name genoem nie)!

Adonia laat slag ‘n klomp skape en vetgemaakte kalwers en gooi ‘n groot partytjie by Rogelfontein. Al die koning se seuns en elkeen wat gesag het word daarheen uitgenooi. Die enigste wat nie genooi word nie, is Salomo.

Dan fluister die profeet Natan in Batseba se oor: “Het jy gehoor - Adonia het so pas koning geword? En Dawid weet nie eers daarvan nie! Laat ek jou nou goeie raad gee: as jy en jou seun Salomo julle lewe liefhet,

moet julle dadelik ‘n plan maak - gaan praat met Dawid! Ek sal julle help.”

Batseba volg Natan se raad, en gaan gesels met die afgeleefde ou Koning Dawid. Sy herinner hom daaraan dat hy belowe het dat Salomo eendag die troon sou erf, maar nou hoor sy die gerugte dat Adonia koning geword het en Dawid weet niks daarvan nie. Sy vertel vir hom dat die hele Israel na hom opkyk vir leiding en die volk wag in spanning op Dawid se uitspraak. En boonop, as Adonia die koningskap oorneem sal sy en Salomo beslis soos misdadigers behandel word!

Op daardie oomblik kom die profeet Natan baie dramaties daar aan: “U Majesteit,” buig hy diep voor die gryse ou Dawid, “het u ooit gesê dat Adonia ná u koning moet word? Ek hoor die volk roep nou al uit: ‘Lank lewe koning Adonia!’ Maar u het ons nooit ingelig nie!”

Dawid is woedend oor die arrogante optrede van Adonia. Dan gee hy die opdrag dat Salomo op die koninklike muil na die

Gihonfontein geneem moet word om daar as koning gesalf te word.

Dit is ‘n groot optog - die ramshoring word geblaas, die fluite speel en die hele volk loop agter hulle aan. Terwyl die priester Sadok die olie oor Salomo se kop uitgiet, roep die volk soos een man uit: “Lank lewe Koning Salomo!”

As die nuus vir Adonia bereik waar hy steeds vrolik besig is om partytjie te hou, skrik hy hom yskoud. Sy gaste kies almal die hasepad. Nou is Adonia alleen. Hy hardloop na die heiligdom en gryp die horings van die altaar vas en pleit om sy lewe, want nou is hy in groot moeilikheid. Maar Salomo laat haal hom en stel hom gerus: “Gaan bly in jou huis!” Salomo se eerste treë as koning stap hy in vrede!

Nie lank daarna nie sterf Dawid op ‘n rype ouderdom. Sy nalatenskap aan die mensdom kan in geld en in woorde nie bereken word nie. ‘n Mens-mens met baie foute, maar iemand wat naby aan God geleef het. Sy gedigte slaan vandag nog ons asem weg en

sy liedere wat hy geskryf het daar in die veld wat hy so liefgehad het, sing ons vandag nog. Hulle bring nou nog trane in ons oë en vul ons met vrede en moed. Dawid, geliefde koning van Israel - voorgeslag van die Koning van alle Konings, Jesus!

Gebed:

Here, dankie vir hierdie wonderlike verhaal van Dawid - dat dit na 3000 jaar my vandag nog steeds inspireer, bemoedig en leer!